UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BEWARING AS SEDELIKE PRINSIPE IN DIE SUID-AFRIKAANSE BODEMBENUTTINGSITUASIE: 'N KULTUUR-FILOSOFIESE STUDIE

deur

**RUDOLF JOHANNES VAN NIEKERK**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

**DOKTOR IN WYSBEGEERTE**

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria,
Pretoria.

Oktober 1981

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Dit is 'n haas onuitspreeklike voorreg om twee liefdes in 'n akademiese studie te kan verenig. Dat dit kon gebeur is heel eerste te danke aan die openheid waarmee my promotor, prof. dr. P.S. Dreyer, die moontlikhede deurskou het en die dissiplinerende besieling wat van hom uitgegaan het.*

*Ek is dankbaar dat die problematiek van bodemvernietiging - wat my gedagtes sedert my jeugjare besig gehou het en later in skryf- en digwerk neerslag gevind het - danksy die goedgunstigheid en betrokkenheid van die Departement van Landbou en Visserye in dié studie gestalte kon vind. In dié verband is ek besondere dank verskuldig aan dr. Dirk Immelman, Direkteur-generaal, en dr. Dawid Agenbach, Adjunk-direkteurgeneraal van die Departement. Ek is ook dankbaar teenoor kollegas vir prikkelende gedagtes en 'n vreeslose oopmaak van vraagstukke wat die verhouding tussen mens en bodem omring.*

*Innige dank aan dié boere wat rentmeesterskap vir die bodem aanvaar en met kennis en toewyding skone gestalte daaraan gee.*

*Aan my gesin: dankie vir die aanmoedigende stilte waarin hulle my afwesigheid so naby hulle aanvaar het.*

*Aan die Groot Gewer dank dat ek op dié wyse my aanspreeklikheid vir die welsyn van die vaderland se bodem kon verwoord.*

*Oktober 1981.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

Verantwoording ... 1

**AFDELING 1:** Prinsipiële Gedeelte ... 5

**HOOFSTUK 1:** Kultuur: Neerslag van Menslike Aktiwiteit ... 5

- Inleiding ... 5
- Kultuur: Doel of middel ... 5
- Kultuur en beskawing ... 6
- Kennis van die self ... 7
- Boustof vir besinning oor kultuur: die Griekse ontologie ... 9
- Van ontologie tot funksionele denke: 'n moderne opvatting van kultuur ... 14
- Verwysings ... 19

**HOOFSTUK 2:** Die Sedelike: Sluitsteen vir 'n Kultuurstrategie ... 22

- Inleiding ... 22
- Lewensarbeid en ideaal ... 22
- Etiek van die ekonomie ... 25
- Etiek van die bodem as eiendom ... 27
- Etiek van bodembenutting ... 29
- Verwysings ... 31

**AFDELING 2:** Variasie op 'n Westerse tema ... 33

**HOOFSTUK 3:** Bodembesetting as kultuurmoment in die Suid-Afrikaanse situasie ... 33

- Inleiding ... 33
- Tyd en ruimte as historiese faktore ... 33
- Bodem en kultuur: 'n nuwe wisselwerking ... 35
- Uitskuiwende horisonne ... 38
- Verwysings ... 41

**AFDELING 3:** Die Toepassingsveld ... 43

**HOOFSTUK 4:** Mens en bodem: Wisselwerking tussen twee Gemeenskappe ... 43

- Inleiding ... 43
- Beeld van ingryping op die Suid-Afrikaanse bodem ... 45
- Strategie vir Bodembenutting: grondslag vir boerewelvaart ... 48
- Verwysings ... 52

**HOOFSTUK 5:** Hoofmoment in 'n grondbenuttingstrategie: Die Grondbewaringswet ... 53

- Inleiding ... 53
- Grondslag vir 'n strategie: die gewete ... 54
- Owerheidstrategie vir heropbou ... 56
- Besinning oor gestalte ... 58
- Werktuig en modus operandi ... 62
- Verwysings ... 64

**HOOFSTUK 6:** Kortsluitings in die Bodembenuttingstrategie ... 66

- Inleiding ... 66
- Droogte: Voorkoms en definisie ... 67
- Droogte: Omgekeerde ingryping ... 68
- Droogte: Evaluering van menslike handeling ... 69
- Versnippering van landbougrond ... 73
- Verwysings ... 76



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**HOOFSTUK 7:** Vernuwing in die Bodembenuttingstrategie ............................ 78

Inleiding ............................................................................ 78
Die "Nuwe Grondbewaringswet" ....................................................... 80
Wet op Onderverdeling van Landbougrond ............................................. 81
Optimale bodembenutting as vernuwingsmoment ......................................... 83
Die boer en sy boerdery in nuwe perspektief ........................................ 85
Verwysings .......................................................................... 88

**HOOFSTUK 8:** 'n Strategie vir die toekoms ........................................ 90

Inleiding ............................................................................ 90
Die mens en sy beperkte hulpbronne ................................................... 91
Die mens en sy beperkte hulpbronne: 'n Suid-Afrikaanse oriëntasie .................. 94
Riglyne vir 'n strategie ............................................................. 96
Verwysings .......................................................................... 99

**SLOTBESINNING:** ................................................................... 101



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VERANTWOORDING

Vernietiging van die bodem in Suid-Afrika het sodanige afmetings aangeneem dat dit regstreeks in verband gebring word met die oorlewingsproblematiek van die hedendaagse blanke bevolking.

Oor gronderosie, 'n faset van bodemvernieting, skryf Wellington:[1] *"South Africa not only shares this predicament (soil deterioration) with the rest of the world but possesses the dreadful distinction of being the country where erosion and deterioration of the soil has made the most rapid progress, approaching more nearly than in any other country to a national catastrophe."*

Jacks & Whyte[2] som die Suid-Afrikaanse situasie soos volg op: *"The tragedy of South Africa has been the apalling rapidity with which its fertility reserves have been depleted and its thin soil covering washed away. In no other country have the disastrous consequences of erosion followed so quickly after its commencement."*

Die Amerikaanse grondbewaringkundige, H.H. Bennett, skryf in 1944 só oor die grondsituasie: *"Terwyl julle weet dat julle in Suid-Afrika 'n erosieprobleem het wat 'n dodelike bedreiging vir die voortdurende welvaart van die volk daarstel, terwyl julle daarvan bewus is dat dit steeds erger word, en terwyl julle ook vertroud is met 'n groot aantal praktiese maatreëls wat erosie sal verhinder ... kom dit my vanselfsprekend voor as 'n saak van maatskaplike veiligheid dat die volk nou moet wakkerskrik en iets daaromtrent doen ... Aangesien dit elke menslike wese in die hele volk raak, is dit 'n ware volksprobleem. Die enkeling is alleen vir sy leeftyd verantwoordelik vir die grond, maar dit is die volk se verantwoordelikheid van geslag tot geslag"*.[3]

Bodemvernietiging as bedreiging vir die voortbestaan van die Afrikaanse volk word deur G.D. Scholtz as kardinale faktor binne die oorlewingsvooruitsig só gestel: *"In die aangesig van dit alles is daar vir die Afrikaanse volk, wil hy nie eenmaal van die vaderlandse bodem verdryf word nie, net een uitweg en dit is om met al die krag waaroor hy beskik, nie alleen 'n einde te bring aan die verdere vernietiging van die bodem nie, maar ook om rehabilitasie op groot skaal te begin. Dit moet aangevoel word as 'n sedelike plig wat rus op elkeen wat die toekoms van sy volk beveilig wil sien"*.[4]

Kolbé[5] plaas die probleem van bodemvernietiging binne kultuurhistoriese verband: *"In afsondering het die boerekarakter kultuurelemente opgeneem wat eie is aan die Suid-Afrikaanse volk - taal, godsdiens, rasegtheid en baie meer waarop die Suid-Afrikaner kan trots wees, maar hy het ook letsels opgedoen soos liefdeloosheid vir die bodem omdat hy fisies voort beweeg het totdat hy deur vreemde owerhede ingekeer was. Vir baie jare het die Afrikaner nie nodig gehad om na die vrugbaarheid van die bodem om te sien nie - solank hy maar net sy vryheid kon behou sy gesin kon beskerm en sy God kon dien"*.

Dreyer[6] plaas die klem enigsins anders met sy beskouing dat die pionier wel lief was vir die grond, maar weinig waarde aan 'n bepaalde stuk grond geheg het.

Volgens Kolbé het die gesindheid van die Afrikaner jeens die bodem met die industrialisering van Suid-Afrika nie verander nie: *"Ontwrigting het vir die Afrikaner gevolg. Hy het verstedelik en hy het sy lewenswyse aangepas, maar hy het ook die politieke mag bemeester en selfs begin om sy*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*hand na die ekonomiese mag uit te steek, maar nóg het hy dit wat sy eerste liefde moes gewees het - dit wat hom sy vryheid en selfstandigheid besorg het, nie raakgesien nie.* **Hy wou die bodem alleen maar besit sonder om te besef dat hy die skepping van God moet vertroetel** - *sonder om te besef dat die bodem wat hom gebring het waar hy is, hom ook kan afwerp en sodoende alles wat hy gewen het, weer te verloor".*[7]

Dié stelling wys onder meer heen na die sedelike verantwoordelikheid jeens die bodem wat, soos aangetoon sal word, in die Christelike etiek gestalte vind en wat deel van die Afrikaanse volk se religieuse erfenis is. Kolbé se slotsom beweeg eweneens in dié sfeer: *"Daar bestaan blykbaar nie 'n Suid-Afrikaanse gedragsreël teenoor die bodem nie omdat die bodem nooit deel van die kultuurbesit van die Afrikaner geword het nie".*[8]

Hoewel dié studie landbougrondbenutting as toepassingsveld het, maak die problematiek rondom bodemvernietiging deel uit van die hedendaagse wêreldwye bewustheid van 'n krisis in die ekologie. Landbougrond is immers deel van die landbouhulpbronne wat op hulle beurt onderdele van die totale natuurlike hulpbron vorm wat nie net die mens se tuiste is nie, maar waarvan hy vir sy stoflike voortbestaan afhanklik is.

Die ekologie-krisis is in die moderne tyd op die spits gedryf deur die bevolkingsontploffing en die inslag van die tegniek op die balans in die natuur, met die daaropvolgende krisisse van hongersnood, armoede, kulturele agterlikheid en degenerasie van die omgewing. Die vrees wat ten opsigte van die voortbestaan van die Afrikaanse volk uitgespreek is, heers ook internasionaal ten opsigte van die voortbestaan en geestelike welsyn van die mensdom. Die probleem van bodem- en omgewingvernietiging is dus 'n wêreldwye probleem.

Ofskoon die bevolkingsontploffing 'n uiters belangrike rol in die aktualisering van die ekologie-krisis vervul, beskou Schaeffer[9] dit nie as die alleenoorsaak van die probleem nie: *"The problem is not the population explosion alone - that could be handled. The problem is ... the philosophy with which man has looked on nature".* White voer die redenering oor die oorsaak van die probleem 'n stap verder: *"Our ecologic crisis is the product of an emerging, entirely novel, democratic culture. The issue is whether a democratised world can survive its own implications. Presumably we cannot unless we rethink our axioms".*[10] Dié opvatting slaan regstreeks op Van Peursen se siening van die kultuurstrategie waarin die mens hom moet verantwoord teenoor die gevolge van sy eie skeppinge. Van Peursen plaas trouens die ekologiekrisis in die gedaante van omgewingsbesoedeling midde-in die kultuuraktiwiteit van die hede en die toekoms as mede-rigtingwyser vir 'n kultuurbeleid: *"Heel nadrukkelijk komt dit uit in de sleutelwoorden, die bijna dagelijks in de krant, op de beeldbuis, in vormingswerk, in jongerenverzet en binnen politieken discussies aan de orde zijn: onderwijsvernieuwing, stadsbeplanning, ruimtelijke ordening, opvoering of afremming van die productiviteit,* **milieuverontreiniging**, *recreatie, de rol van het wetenschappelijk onderzoek, invloed van de reclame, de greep naar de communicatiemedia, verontrusting oor de wegvallen van bestaande normen".*[11]

Hier vind die omgewing (wat uiteraard die natuurlike hulpbronne insluit) 'n plek tussen ander konkrete gegewe wat die hedendaagse mens konfronteer en wat tewens deur Van Peursen as een van die terreine aangedui word vir die bevryding van die mens deur sedelike kreatiwiteit, uit sy onmag om die juiste verhouding tot die dinge wat hom omring, te vind.[12]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die mens se verantwoordelikheid jeens die bodem word ook op 'n ander wyse binne die etiese sfeer betrek. Albert Schweitzer se beswaar dat die etici tot nog toe verkeerdelik aanvaar het dat die verhouding van mens tot mens hulle enigste opdrag is, word deur Means[13] onderskryf in sy kritiek op Fletcher (**Situation Ethics: The New Morality**): *"Joseph Fletcher ... deals piecemeal with man's relations to his fellows without even suggesting that man's relations to nature - to the physical and biological world - raises questions of moral behaviour"*. Die verhouding van die mens tot die natuur word in die Christelike etiek onomwonde in die sfeer van die sedelike geplaas waar dit as integrerende moment in die menslike handeling volle betekenis as heenwysing na die Koninkryk van Christus verwerf: *"Dat is christelijke ethiek: antwoord geven en zich verantwoordelijk weten voor de medemens en de dingen, voor de energiebronnen en het milieu"*.[14] Wat die mens van God ontvang, mag hy gebruik. Velema konstateer: *"We zullen als rentmeesters verantwoording moeten afleggen, en tegelijk ons op weg moeten weten naar de nieuwe aarde, waar alreeds en nog-niet geen spanning meer te zien geven"*.[15]

Dit skyn oplaas onontkombaar dat die mens se verhouding tot die bodem binne sy totale kultuurvergestalting en sedelike verantwoordelikheid gesetel is; dat bodemvernietiging dan 'n ernstige sedelike vraag kan wees en dat bodemversorging by die mens se kultuurstrategie geïntegreer moet word. Dié studie is 'n poging om aan dié visie gestalte te gee.

Dié studie is bygevolg 'n poging om:

- die plek van die bodem (wat in wese die gesteldheid van die land en die grond as biologiese gemeenskap verteenwoordig) binne kultuurverband te bepaal;
- die mens se benutting van die bodem binne die sfeer van die sedelike imperatief te bring;
- die Suid-Afrikaanse bodembenuttingspatroon teen dié agtergrond te evalueer en riglyne vir bodembewaring as kultuurstrategie aan te dui.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*

1. WELLINGTON, J.H., **Southern Africa: A Geographical Study**, Vol. 11. **Economic and Human Geography**, Cambridge University Press, 1955, p. 92.
2. JACKS, V.G. & WHYTE, R.O., **The rape of the Earth: A world survey of soil Erosion**, Faber & Faber, London, 1939, p. 24.
3. BOERDERY IN SUID-AFRIKA, Februarie 1945, p. 68.
4. SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms**? Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, pp. 68/69.
5. KOLBÉ, F.F.H., Ongepubliseerde memorandum, p. 1.
6. DREYER, P.S., **Tipering van Afrikanerskap, Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad,1977, p. 46.
7. KOLBÉ, F.F.H., Ongepubliseerde memorandum, p. 1.
8. Idem, p. 23.
9. SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man: The Christian View of Ecology**, Hodder and Stoughton, London, 1970. p. 51.
10. WHITE, L., JNR., **The Historical Roots of Our Ecologic Crisis, Science Magazine**, March 10, 1967.
11. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 9. My kursivering.
12. Idem, p. 186.
13. Aangehaal deur SCHAEFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man: The Christian View of Ecology**, Hodder and Stoughton, London, 1970, p. 86.
14. VELEMA, W.H., DOUMA, J., **Ethiek en Pelgrimage**, Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam, 1976, p. 102.
15. Idem, p. 103.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFDELING 1

# PRINSIPIËLE GEDEELTE

## HOOFSTUK 1

## KULTUUR: NEERSLAG VAN MENSLIKE AKTIWITEIT

*Inleiding*

In die kultuurfilosofie bly die vraag na die wese van kultuur steeds dinamies. Aksentverskille hou verband met verskillende kulture, tydperke, faktore van tyd en ruimte, uitgangspunte. Oberholzer[1] omskryf kultuur as *"die groeiende en die veredelende uitkoms van die proses van bewerking van die wêreld om en in die mens"*.[2] Vir Coertze is kultuur in volkekundige terme die vermensliking van die omgewing.[3] *"Dit is kultivering van die individu; dit is 'n struktuur wat 'n aantal mense in 'n eenheid saamsnoer; en dit is terselfdertyd 'n sisteem van waardes en norme wat geestelike gestalte gee aan die geheel ..."* In 'n bepaalde verwantskap met staat en godsdiens, beskou Burckhardt kultuur as *"the sum of all that has* **spontaneously** *arisen for the advancement of material life and as an expression of spiritual and moral life ... It is the realm of the variable, free, not necessarily universal, of all that cannot lay claim to compulsive authority"*.[4]

Die kultuurfilosofie loop volgens Cassirer van stapel met die veronderstelling dat die wêreld van die mens se kultuur nie bloot 'n somtotaal van losse en verbandlose feite is nie: *"It seeks to understand these facts as a system, as an organic whole ... Its starting point and its working hypothesis are embodied in the conviction that the varied and seemingly dispersed rays may be gathered together and brought into a common focus. The facts here are reduced to forms, and these forms themselves are supposed to possess an inner unity"*.[5]

Weens die aktuele aard van die problematiek binne die toepassingsveld van dié studie sal die besinning oor kultuur nie in die teoretiese vassteek nie maar juis probeer uitreik na kultuur as dinamiese vergestalting van die mens se wisselwerking met *"die wêreld in en om hom"*. Die probleem van bodemvernietiging as bedreiging vir die welsyn van die mens in die hede en die toekoms, vereis nie slegs die plasing van die probleem binne die totale belewingsveld van die mens nie, maar veral 'n toekomsgerigte aksie met kultuur as draer van die bodembenuttingstrategie.[6]

*Kultuur: doel of middel*

Dit is aangewese dat besin word oor die plek wat kultuur in die totale menslike gegewe van die hede beklee en om terselfdertyd 'n houding ten opsigte daarvan in die lig van hierdie studietema te laat blyk. Dit gaan dan om 'n beskouing van kultuur as verskynsel: of dit hier as studie-objek benader gaan word en of dit as dinamiese krag binne die wêreld van die moderne mens beskou word. Daar is reeds aangedui dat dit in dié studie nie oor 'n teoretiese studie van kultuur gaan nie maar oor kultuur as draer van 'n strategie met betrekking tot die bodembenuttingsproblematiek wat die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing konfronteer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos vir die moderne kultuurfilosofie, geld ook hier die eis dat kultuur as bepaalde beleid vir die toekoms beskou word, onder meer vanweë die praktiese probleme wat hulle aan die hedendaagse mens al sneller en in steeds ingewikkelder vorme opdring.[7] Daarbenewens gaan dit om die verruiming van die kultuurbegrip ten einde oënskynlik nie-kulturele momente te kan akkommodeer. Tradisioneel is onder kultuur die uitinge van die hoër geestelike lewe van die mens begryp: godsdiens, kuns, filosofie, wetenskap, staatkunde. Lasaulx[8] gee egter op sy beurt die volgende ontplooiing van kultuur aan: eers 'n vorm van metaalverwerking, gevolg deur veeteelt, akkerbou, skeepvaart, handel, nywerheid en materiële welvaart; slegs dáárna sou die kuns uit die ambagte en die wetenskap uit die kuns ontwikkel. Burckhardt se kommentaar: *"This is an apparent confusion, some of these things having their origin in material, some in spiritual necessities. Yet the connection is actually very close and no separation of the two needs is possible."*[9]

Van Peursen beskou kultuur as die lewensuiting van elke mens en elke mensegroep. *"Anders dan het dier leeft de mens niet zomaar in de natuur, maar verandert hij de natuur voordurend ...* **Hij grijpt telkens weer op zijn natuurlijke milieu in, en dat is nu net cultuur."**[10] As die mens dus met die beoefening van die landbou op bepaalde wyse op die natuur - die landbouhulpbron - ingryp, positief of negatief, is ook dít kultuur. Versteuring van die bodem, byvoorbeeld deur die uitputting van vrugbaarheid of erosie deur oorbeweiding, dui dan op 'n versteuring in die wisselwerking tussen die mens en die hulpbron as deel van die wêreld om hom, en (soos later sal blyk) op 'n versteuring van die kontak tussen lewensarbeid en ideaal, waar laasgenoemde die vergestalting van 'n sedelike imperatief impliseer.[11]

'n Tweede verskuiwing in die kultuurbegrip lê daarin dat kultuur veel beweegliker, veel dinamieser beskou word. Die woord *"kultuur"* is inderwaarheid eerder werkwoord as selfstandige naamwoord. Kultuur word nou in verband gebring met onder meer vervaardiging van werk- en wapentuig en die veelheid van gedragspatrone met betrekking tot byvoorbeeld erotiek, jag en **landboubeoefening.**[13] Die primêre betekenis van *"kultuur"* (Latyn: Cultura, Cultus) wortel trouens in 'n wisselwerking tussen mens en bodem met bewerking en versorging as geïmpliseerde menslike handelinge. Volgens Van Peursen is *"cultuur eigenlijk de wisselwerking tussen menselijk beleid aan de ene kant en al dan niet tot werkelijkheid toegang gevende wegen anderzijds. Deze wisselwerking ... is de fundamentele verhouding tussen de mens en de hem omgevende machten. De strategie van de cultuur is de vormgeving van deze verhouding."*[14] Uiteraard sal dié strategie aanhoudend wissel en verander en bygevolg steeds nuwe momente in sy ontplooiing opdoen, soos in die verhouding tussen mens en bodem, 'n verhouding waar - soos aangetoon sal word - sedelike verantwoordelikheid as sedelike grootheid, die sluitstuk vir die kultuurstrategie kan vorm.

*Kultuur en beskawing*

In die lig van die belangrike plek wat die begrip: tegniek in dié studie beklee, lyk dit ter sake om kortliks oor die verband tussen kultuur en beskawing te besin, veral na aanleiding van die opvatting dat tegniek die vrug van beskawing is terwyl kultuur tot die 'subjektiewe' beperk is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Mandelbaum[15] beskou kultuur en beskawing as kontrasterende begrippe: kultuur dui op 'subjektiewe' godsdiens, filosofie en kuns wat nie sosiaal kumulatief is nie, terwyl die tegnologie en verwante 'objektiewe' data wat wel kumulatief is, kenmerke van beskawing is.

Spengler weer stel dié vraag: *"What is civilization, understood as the organic-logical sequel, fulfilment and finale of a culture?"*[16] Elke kultuur loop volgens hom op sy eie beskawing uit. Meer nog: beskawing is die onvermydelike bestemming van kultuur. *"In this principle we obtain the viewpoint from which the deepest and grayest problems of historical morphology become capable of solution. Civilizations are the most external and artificial states of which a species of developed humanity is capable".*[17] Spengler onderskei twee groot oorgange van kultuur na beskawing: vir die klassieke wêreld in die vierde eeu en vir die Westerse Wêreld in die negentiende eeu: *"From these periods onwards the great intellectual decisions take place ... in three or four world-cities that have absorbed into themselves the whole content of History, while the old wide landscape of the Culture, becomes merely provincial, serves only to feed the cities with what remains of its higher mankind."*[18] Die gevolgtrekking dat Spengler beskawing met tegniek identifiseer, skyn gegrond te wees. Sy siening van beskawing as bestemming van kultuur in die uiteindelike sametrekking van mense (die stad en die tegniek) teenoor die *'voortbestaan'* van die kultuur in die nie-stedelike milieu, loop uit op 'n beskouing van beskawing as eindpunt en finaliteit teenoor kultuur as uitputlike organisme. Spengler aanvaar by implikasie dat die tegniek kan voortbestaan al het die belangstelling in die beginsels van kultuur tot niet gegaan.[19]

Toynbee aan die ander kant bring nie kultuur en beskawing regstreeks met mekaar in verband met sy definisie van die term beskawing nie. Beskawing is volgens Toynbee: *"The smallest unit of historical study at which one arrives when one tries to understand the history of one's own country."*[20] Dié historiese eenheid lê tussen grense van tyd en ruimte waar die elemente wat die kern van kultuur uitmaak - godsdiens, politiek, argitektuur, kuns, ens. - 'n bepaalde patroon binne die fisiese horisonne openbaar. So kan elke Westerse land se geskiedenis slegs volkome begryp word in samehang met dié van alle lede van die Westerse familie van nasies en die geskiedenis van Wes-Europa sedert sy dageraad.[21] Volgens Toynbee is beskawing groter as die elemente wat die neerslag daarvan vertoon. Hy benader dan ook die geskiedenis in terme van beskawings en nie in terme van state nie. State is ondergeskikte en vlugtige politieke verskynsels in die verloop van die beskawings waarbinne hulle ontstaan en verdwyn.[22]

Dit wil dan voorkom of beskawing opgevat kan word as die gemeenskaplike oergrond van verwante kulture, wat elkeen 'n eie gestalte van die spontane groeiende en veredelende uitkoms van die proses van bewerking van die wêreld om en in dié besondere gemeenskap, openbaar. Kultuur en beskawing kan dan albei as oorspronklikes beskou word maar met hulle oorsprong in afsonderlike wortels van die menslike bestaan.

*Kennis van die self*

*"Die uitsonderingsposisie van die mens in die geheel van bestaande dinge het sy grond daarin dat die mens nie net bewus is van objekte rondom hom nie, of selfs van die geheel van sy Umwelt bewus is nie, maar dat hy* **van homself** *as gewaarwordende, denkende en*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*willend-waarderende persoon teenoor alle ander dinge en persone bewus is"*.[23] Hoewel die eerste stappe in die mens se intellektuele en kultuurlewe sekerlik beskryf kan word as optredes wat 'n vorm van geestelike aanpassing by die onmiddellike omgewing behels, word sy koers algaande verander, dring die vraag oor homself hom al sterker aan die mens op. *"In the first mythological explanations of the universe we always find a primitive* **anthropology** *side by side with a primitive* **cosmology**. *The question of the origin of the world is inextricably interwoven with the question of the origin of man"*.[24]

In die ontwikkeling van die Westerse kultuur is die verloop van die feitelike en menslike beoordeling met mekaar vervleg.[25] Die ontwikkeling van die wysgerige denke loop via die Griekse kosmologie na die vraag van Sokrates na die wese van die mens en sy **dictum** van selfkennis as noodsaak.[26] Die ondersoek na die mens word 'n nuwe dissipline. Die mens is nie 'n empiriese objek nie, die mens is 'n wese wat onophoudelik op soek is na homself - 'n wese wat voortdurend die kondisies van sy bestaan moet ondersoek.[27] Die bloot fisies-biologiese bestaan, soos in die geval van die dier, is vir die mens net nie moontlik nie.[28] Volgens Vloemans: *"Willen wij onszelf als mens begrijpen, dan moeten wij in de eerste plaats, dat wat het innigst en het fundamenteelst het ons kenmerkende uitmaakt, het levensverschijnsel zelf, trachten te begrijpen"*.[29]

Selfkennis kry in die Stoïsisme geldigheid as opdrag en voorreg, word tewens verbreed tot morele, universele en metafisiese beginsel.[30] Oplaas word selfkennis ook as fundamentele plig aan die mens voorgehou. In al die hoër vorme van die religieuse bestaan word die opdrag: *"Ken jouself"*, as 'n kategoriese imperatief beskou, as primêre morele en religieuse wet. Hieroor skryf Cassirer: *"In this imperative we feel, as it were, a sudden reversal of the first natural instinct to know - we perceive a transvaluation of all values"*.[31]

Die mens se drang en vermoë tot kennis van die feitelike en van homself, vorm die grondslag vir die kultuurfilosofiese identifisering van die mens as kultuurwese in teenstelling met die dier as mede-produk van die biologies-genetiese wêreld. In die tradisionele Griekse sowel as Christelike denke word die mens as geesteswese gekenmerk omdat hy hom deur die ontwikkeling van sy verstand, en by uitstek die gebruik van die rede, dit wil sê deur die eenheid van taal en denke, op tiperende wyse van die dier onderskei.[32] By die mens, anders as by die dier, word nie alleen 'n gemeenskap van die daad aangetref nie maar ook 'n gemeenskap van denke en gevoel. *"Language, myth, art, religion, science are the elements and the constitutive conditions of this higher form of society"*.[33]

Met die middele van die gees oorskry die mens die grense van sy suiwer natuurlike en stoflike bestaan, verhef hy hom tot hoogtes wat selfs vir die hoogs ontwikkelde dier geen betekenis het nie.[34] Maar menslikheid in die vergeestelikte sin van die woord kom nie saam met die mens in die wêreld nie. *"Wat de mens meekrijgt in dit leven zijn niet meer dan ledige mogelijkheden, die hun vulling en ver-vulling zullen moeten vinden in datgene wat de mens verwerkelijkt in zijn leven, in datgene, wat hij in geestelijke zin van zijn leven maakt, in overeenstemming met het woord van Pindaros, ' word, die gij zijt'."*[35]

Die vergestalting van dié opdrag is terselfdertyd die nimmereindigende vergestalting van kultuur. En terwyl dit hier om die Westerse kultuur gaan, sal die soeke na die oorsprong daarvan 'n mens na die Grieke voer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is reeds aangetoon dat die kultuurfilosofie van die Weste sy wortels in die Griekse denke het. Die Grieke het oor dieselfde dinge nagedink as alle ander mense. Maar die Grieke het aan hul gedagtes 'n rasionele, wetenskaplike en filosofiese inkleding gegee. Daarmee het die Grieke die geestelike gestalte van die komende Weste wesenlik bepaal.[36]

Tradisioneel word die Griekse wysbegeerte in drie periodes ingedeel: die kosmologiese, die antropologiese en die religieuse periode. Daarvolgens sou die Griekse gees agtereenvolgend konsentreer op die fisiese wêreld, op die mens en op God. Volgens De Vleeschauer is so 'n strak afbakening betwisbaar en loop dit die gevaar om afbreuk te doen aan die ryk geskakeerdheid en samehang wat die Griekse denke kenmerk.[37] Hoe dit ook al sy, dit gaan vir die huidige om dié elemente van die Griekse denke wat so sterk deurwerk in die Westerse wêreldbeeld en samelewing, en wat dus meegewerk het tot die karakterisering van die hedendaagse Westerse kultuur. Meer bepaald gaan dit om die bevryding van die mens uit die mitiese bevangenheid deur die insig of die kennis, 'n funksie wat deur die wysbegeerte as instrument vir die verkryging daarvan vervul is.[38]

Die mitiese wêreld word veral gekenmerk deur die mens se *'angsvalligheid'* in die aangesig van die oermagte van lewe en kosmos. En hoewel die probleme rondom die mens, sy bestemming en etiese waardes hoogstens rakelings deur die eerste Griekse denkers aangeroer is, word die primitiewe bygelowigheid en demonevrees oorkom in die naturalistiese wêreldbeeld van Thales van Milete, wie se leer eerder 'n geogonie as 'n kosmogonie was.[39] Dié poging om die wêreld op naturalistiese en wetenskaplike gronde te verklaar, sonder die *'hulp'* van die mite of demone, bepaal boonop die koers en aard van die Griekse denke voor Sokrates[40] Thales was die voorganger van Anaximandros wat aan die Griekse denke die eerste konsep van die kosmos gee, dit wil sê van 'n geordende heelal, wat in syn en wording aan 'n onbuigsame wetmatigheid beantwoord, 'n wetmatigheid wat in wiskundige waardes uitgedruk kan word.[41] Die gedagte van 'n sikliese of periodieke beweging ontstaan eweneens by hom asmede 'n beskouing van die oorsprong van lewende dinge - ook die mens - waarin reeds 'n evolusiegedagte skuil.[42] In die denke van dié Mileters tree 'n ander mensetipe as die heroïese na vore. Die mens het hom bevry van die populêr-religieuse oorlewerings; hy gaan rasioneel te werk in die opbouing van sy wetenskaplike insigte en in sy diensbaarheid aan die menslike lewe.[43] De Vleeschauer beskryf hom as 'n mens wat in die brandpunt van die stadstaatlewe staan en van die ekonomiese en maritieme lewe van 'n groot hawestad. Hier het 'n mens dus nie te make met 'n filosofie wat uit die gees van die mistiek gebore is nie.

Die **polis**-kultuur van die oudheid gee ook in die gebied Samos-Efese aanleiding tot nuwe insigte. Pythagoras, Xenofanes en Herakleitos beskou kritiek op die politieke, sosiale en religieuse lewe van Ionië as eerste plig. Hul tweede plig is die vorming van wetenskaplik en sedelik hoogstaande persoonlikhede as bewerkers van 'n gesuiwerde **polis**-lewe vir die toekoms.[44]

Pythagoras se skool word trouens nie primêr as 'n wysgerige skool beskou nie maar as 'n godsdienstige en morele orde.[45] Waar die Ioniërs die eerste substansie in 'n bespiegeling oor die elemente vind, ontdek die nuwe groep die al-eenheid in 'n onstoflike beginsel: in die getal, in 'n panteïsties gekleurde godsgedagte en in die **logos**.[46] Hulle bydrae kan saamgevat word as 'n strewe na 'n sistematiese geheel van synsverklaring waarin die fisiese kosmos, die geestelike wese en die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Godheid betrokke is. Hulle skep ook 'n nuwe etos waar religie en etiek tot eenheid groei in 'n algemene lewensvisie vir voortreflike individue. In sosiale opsig is hul lewensvisie teen die plutokrasie gerig.[47]

Binne dié verband is die filosofie van Herakleitos van besondere belang, primêr as reaksiegrond vir Parmenides, die vader van die ontologie. Herakleitos se **logos**-gedagte bevat die kern van sy filosofie wat tot in die hede weerklank vind. Sy denke word as geestelik-polities van aard beskou en sy uitspraak: *"Ek ondersoek net myself"* word die eerste maal in die filosofie gehoor. Xenofanes se opvatting dat die gees die eenheidverklarende wese van mens en kosmos is, word by Herakleitos die **logos** as die *"wese- en wetstellende beginsel van mens en kosmos"*.[48] Die eenheidsbelewenis kan egter twee rigtings inslaan: òf die **logos** lei tot die verstandaanskouing van die onveranderlike òf tot die waarneming van die rustelose veranderlikheid. Dié siening loop uit op die beginsel dat elke wese die uitkoms is van teenstellende en strydende kragte. Om te wees is wording en verowering. Dit geld vir die kosmos as geheel en vir elke stoflike ding, elke mens, elke gemeenskap.[49]

Parmenides se reaksie op die filosofie van Herakleitos besorg aan hom 'n besondere plek in die ontwikkeling van die ontologie. *"In Parmenides there emerges for the first time a distinction of fundamental importance in philosophy, the distinction between Sense and Reason"*.[50] Die opvatting van veelheid en beweging word verwerp. Die syn waaroor dit vir Parmenides gaan is 'n voorwerp van denke en nie van waarneming nie. Wat hom betref is ervaring van geen nut vir die mens wat die diepste wese van dinge soek nie. Die gelykstelling van denke en syn word die groot bewysmiddel van die ontologie.[51] Elke syn is denkbaar en alle denkbare dinge is syn. Die nie-syn is wat nie gedink kan word nie. Tog onderskei Parmenides 'n wêreld wat met die posisie van die mens saamhang, maar dìt is 'n skynwêreld. Die mens beskik oor sintuie en verstand en neig derhalwe uiteraard om van die waarneming uit te gaan.

Daarmee is veelheid en heterogeniteit, ontstaan en vergaan, die beweging van dinge, onvermydelike gegewens of realiteite vir die mens.[52] Dié ontologiese paradoks word deur Stace die *'donker kant'* van Parmenides se denke genoem. Sy leerlinge het dié paradoks nog skerper gaan stel, maar dìt doen hulle op grond van ... *"the dimness of his vision, his inability to grapple with his own idea"*.[53] Dié synsdenke word teruggevind by die atomiste waar die atoom, wat nie ontstaan of vergaan nie en wat ook nie beweeg nie, sentraal in die denke staan.[54] Die drie geometriese eienskappe verklaar die onbeperkte anders-wees en die voortdurende anders-word van die empiriese wêreld. Die Platoniese idealisme sal die materialistiese voorkoms wat dié stofmeganika aan die atomisme verleen, verwerp - tog sal dit gedurende twee duisend jaar die wetenskaplike wêreldvisie van die Weste by uitstek bly.[55]

In die kultuurgeskiedenis van die Grieke word die vyfde eeu voor Christus as 'n goue tydperk beskou. In die stadstaat-politiek triomfeer die demokrasie - elke burger is as 't ware self politikus en wetgewer; die staat se belange verdwyn in dié van die party, en laasgenoemde uiteindelik in dié van die individu. Die politieke klimaat is een van eiebelang, ambisie en grypsug.[56] Die demokrasie van veral Athene het 'n nuwe staat geskep. Dit verg van die tyd 'n nuwe **paideia** vir die burgerstand vir wie die eertydse kosmologie en ontologie nie die gewenste vorming bied nie.[57] Die mens binne dié bedeling is daarop ingestel om die funksie wat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

konstitusioneel aan hom toegesê is, te vervul. 'n Sleutelgawe in dié verband is kennis van die mens as individuele én kollektiewe wese. Die wysgerige denke en ander faktore het meegewerk aan die emansipasie en outonomie van die menslike gees. Die mens maak hom los van die gevestigde ordes van lewe en denke, hy ontdek sy eiewaarde en in die proses staan hy sterk krities teenoor die religieuse, politieke en sosiale opvattinge en praktyke van die dag.

Wat die wysbegeerte as sodanig betref is dit begryplik dat die wesenskenmerk daarvan die sterker individualisering van mense, denke en probleme is. Terselfdertyd tree 'n soort wysgerige tegniek na vore met die optrede van die Sofiste wat teen vergoeding voorsien in die behoefte aan kennis, bewys- en disputvoering en 'n gawe tot oorreding wat by die burgery bestaan. Daar vind ook 'n subjektivering van die kennis plaas: daar is net waarneming as daar 'n waarnemer is en daar is slegs werklikheid in so verre die mens dit ken.[58] By Protagoras lui dit: *"Man is the measure of all things; of what is, that it is; of what is not, that it is not".*[59] Dié relativisme betrek egter slegs die kennis van die realiteit en nie die bestaan daarvan nie. In sy religieuse denke twyfel Protagoras nie aan die bestaan van die godheid nie maar wel aan die moontlikheid om die bestaan en wese van die godheid voldoende te ken en te fundeer. Op etiese gebied bely hy die deug en erken hy die verskil tussen goed en kwaad. Volgens sy insigte is die staat 'n lewende, ontwikkelende wese wat drie fases deurloop: die natuurstaat waarin geen menslike organisering voorkom nie, die staat wat ter wille van eenheid en veiligheid tot stand kom, en die regstaat wat op regverdigheid gegrond is.[60] Die staat besit boonop 'n onaantasbare karakter, met die vermoë om dwang op die individu uit te oefen en met reg van opvoeding. Bowendien is die staat die werk van gode, waardeur natuur en wet in ooreenstemming met mekaar gebring word.[61] Die teoretiese verhouding tussen individu en staat word in die laat-Sofistiek verder gevoer maar loop deur die invloed van die heersende gees uit op 'n algemene staatsleer wat 'n verregaande ontwrigting van staat en moraliteit tot gevolg het. Afbrekende kritiek volg op feitlik alle steunpunte van die Griekse orde - selfs die familielewe loop deur.[62]

Teen dié agtergrond verrys die gestalte van Sokrates. Hy verwerp die Ioniese natuurwetenskap, rig sy kritiese en skeppende denke op die lewenswaardes -'n etiek wat egter op die ontologiese denke berus. Die aanpassing van die ontologie by die etiese denke maak die kern van Sokrates se filosofie uit.[63] Dit gaan by Sokrates grondliggend om die etiek as kritiese ontleding en keuring van sedelike begrippe waaraan die mens daagliks sy optrede en sy lewe moet meet. Daarom kan Herakleitos se opdrag: *"Ken uself"*, vir Sokrates as rigsnoer dien. Kennis van die etiese begrippe vorm die grondslag vir die etiek: kennis is die eerste vereiste vir die vorming van die siel. Hulle is onafskeidbaar. Kennis van die goeie en van die etiese lei tot goeie gedrag of 'n deugsame lewe. Die goeie is dus 'n funksie van eksakte begrippe terwyl die slegte teruggevoer kan word na *'onwetendheid'*. Die maatstaf van moraliteit lê in die besondere nut daarvan vir die lewe van die mens - die geluk. Die Sokratiese nut het 'n universele betekenis want dit reël die mens se houding jeens homself, die staat en samelewing, sy medemens en die goeie. Dit is vir die mens onmoontlik om nie sy geluk te begeer as hy dit voldoende ken nie.[64] Hier het 'n mens dan te make met 'n strategie vir die wisselwerking tussen die mens en die magte wat hom omring. By Van Peursen: *"De menselijke cultuur is èèn lange geschiedenis van de manieren, waarop de mens*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*op telkens nieuwe wijze tracht te ontsluiten wat zinvol en wat zinloos is. Dat alles vindt plaats in religie, ethiek, sociaal en politiek beleid ...* "[65]

Plato stel die opvatting van 'n immateriële werklikheid die heel eerste maal aan die orde. By Plato kry die ontologie van die volmaakte ideë gestalte. Die ideëleer is die sleutel wat toegang tot die kern van die Platonisme verleen, sy dryfveer staatshervorming op grond van geesteshervorming. Dié hervorming is geleë in 'n denke wat in 'n uitbouing van 'n wêreldinsig onder die kategorie van die ewige, die algemeengeldige en die absolute bestaan.[66] 'n Algemene **eidos** bestaan in die orde van alle dinge omdat 'n algemene ideële wese bo alle waarneembare dinge bestaan wat die geestelike patroon is waarvolgens die dinge geskape is. So 'n **eidos** is 'n substansiële wese, slegs in die tweede plek 'n begrip wat as 'n outonome entiteit in 'n geestelike wêreld 'n onafhanklike bestaan voer, los van die konkrete dinge. Dié wêreld is die ware wêreld, terwyl die waarneembare slegs 'n partisiperende wêreld is. Die idee is dus 'n ontologiese wese: die algemene wesensvorm van die dinge.[67]

Die grootste visie van Plato se opvattinge berus op die erkenning van die ideë as transendente werklikhede, as 'n aparte wêreld op sigself.[68] Die ideë is die goddelike voorbeelde vir alles wat bestaan. Alles het in die transendente sy oorsprong, sy oermodel. Wanneer daar later in die Europese denke die synsvraag gestel word, sal daar steeds 'n verband gesien word tussen dié vraag en die vraag na die godsbestaan.[69]

In die ideëwêreld van Plato vervul die etiese 'n uiters belangrike rol, veral as grondslag vir die opvoedkunde. Etiek is die hoofbestanddeel van 'n praktiese wysbegeerte wat opvoeding as doelwit het. Die finale kategorie van elke etiek is die voorstelling van die goeie.[70] Die goeie bestaan in die gehoorsaamheid aan die rede. Dit bevat sowel 'n etiese as 'n metafisiese aspek. Die goeie is 'n etiese wese want dit is iets waarna die siel strewe. Maar dit is ook 'n metafisiese wese, naamlik God as die allesbeheersende waarde in die ideëwêreld. Die goeie op sigself is God, en in hom bestaan die geluk.[71] In die lig van die idee van die goeie kan alle ander ideë èn die heelal verklaar word. Aanvanklik is die goeie vir Plato die materiële aspek van die etiese, en kennis die formele. Die goeie is kennis sodat deug in goeie oordeel en die slegte in verkeerde oordeel geleë is. Later kom hy tot die oortuiging dat deug 'n saak van aangebore regskapenheid is: die sedelike oordeel is 'n saak van syn en nie van onderwysing nie.

'n Radikale verandering in Plato se opvatting van die siel lei nogmaals tot 'n wysiging in sy beskouing van deug en kennis.[72] Die aksioma: Deug en Kennis, berus op die gedagte van 'n enkelvoudige, redelike siel, wat dus slegs rede is en waarvan die wese volkome in kennis opgaan. In die plek daarvan het nou die siel gekom van rede, moed en begeerte. Sowel moed as begeerte kan die etiese doen en late buite die rede om beïnvloed, selfs teen die rede in.

Nou word die rasionaliteit 'n ideaal wat nagestreef kan word, met ander woorde 'n verpligting.[73] Die deug bestaan dan in die harmoniese toestand van die siel en is noodsaaklik een en onverdeelbaar. In die **Staat** onderskei Plato vier oorheersende deugde: wysheid (deug van die rasionele siel), dapperheid (deug van die moed), matigheid (deug van die begeerte), regverdigheid wat elke siel in staat stel om sy voorgeskrewe taak te vervul.[74]

Plato se opvatting dat die idee die essensie van 'n ding is maar los van die ding bestaan, vorm die vernaamste grondslag waarop sy ideëleer deur Aristoteles verwerp word.[75] By Aristoteles



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

maak die konkrete wese die eksisterende realiteit uit en Plato se ideërealiteit word geïnterpreteer as die algemene essensie wat in die konkrete aanwesig is en wat dit maak wat dit is.

De Vleeschauer konstateer: by Artistoteles word die ontologie induktief in sy uitgangspunt, in teenstelling met die intuïtiewe matematies-konstruerende van Plato. Sy synsleer omvat die twee dissiplines wat as metafisika en fisika bekend staan. Die synsleer hang regstreeks saam met sy wetenskapidee en met sy afkeer in die ideëleer.[76] Wetenskap het betrekking op die universele, die algemene essensie wat in elke konkrete wese woon. Daar is 'n orde van algemeenheid wat van soorte na geslagte lei totdat die *"syn"* as die algemeenste en die enkelvoudigste nosie bereik word.

Aristoteles rig sy hele metafisika teen die transendente bestaan van die essensie of wesensvorm. Wat die wese van 'n ding uitmaak moet noodwendig daarin aanwesig wees. *"Substance is what has an independent existence of its own; it is that whose being does not flow into it from any source outside itself".*[77] Die konkrete wese as enigste bestaande realiteit noem Aristoteles die eerste substansie. Die algemene wese is die tweede substansie, en die verstand besit die vermoë van abstraksie. Die begin van die mens se kennis van die syn is geleë in die waarneming van die konkrete wat die verstand die geleentheid gee om daarin die universele wese of wesensvorm te herken.[78] Die waarneembare syn verteenwoordig iets wat in sigself onbepaald is maar wat deur eienskappe gedifferensieer kan word. Die onbepaalde is die stof, die bepalende die vorm. Elke bepaalde syn is bepaalde stof en elke syn is veranderlik. Die ware bestaande syn is nòg stof, nòg vorm maar 'n samestelling uit albei. Verder beskou hy die stof as potensiaal, die vorm as gerealiseerde stof. Dié realiseringsproses word beweging genoem - Aristoteles se antwoord op die ou vraagstuk van wording.[79] Die slotsom is dat die ten volle gekonstitueerde syn aan vier beginsels beantwoord: die stof, die vorm, die werkende oorsaak en die doeloorsaak.

Aristoteles se hiërargiese opvatting van die realiteit lê ook ten grondslag van sy Godsbegrip. Die hiërargie word deur twee uiterstes begrens: onder deur die absoluut eerste stof - suiwer moontlikheid - en bo deur God, suiwer vorm of aktualiteit. Die bestaan van God bewys Aristoteles op suiwer ontologiese gronde. Volgens hom dank die wêreld sy konkrete gestalte nie aan 'n skepping nie maar aan die immanente strewe van die stof na God as die suiwerste oervorm of laaste vervulling.[80]

Dieselfde basiese beginsel lê ten grondslag van Artistoteles se denke oor die natuur. Ook hier is die uiterstes van vormlose stof en stoflose vorm van kardinale belang. Lewe is vir hom die vermoë om spontaan te groei en te beweeg en wat deur 'n lewensbeginsel bewerkstellig word. Die lewende wêreld is onderverdeel in 'n aantal soorte wat nie van die een in die ander kan oorgaan nie. Aristoteles sien derhalwe alle soorte as ewig en bring hulle in 'n hiërargiese orde van plant tot mens. Sy visie op die natuur het die volgende as sluitstuk: alles is onderworpe aan die wet van kom en gaan, van lewe en sterwe. Maar die fisiese natuur boots die onsterflikheid van die hemelbewoners na: die nie-organiese wêreld deur die periodieke terugkeer van die wêreldsiklusse, die organiese wêreld deur die produksie van 'n gelyksoortige nageslag, waardeur die soort die ewigheid verwerf wat nie vir die individu beskore is nie. In dié kosmos beklee die mens 'n besondere plek.[81]

Aristoteles se skema vir die ontologie word ook op die mens toegepas. Die mens is die spesifieke vereniging van die twee faktore wat tot substansie aanleiding gee: stof en vorm. Die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liggaam verteenwoordig die stof, die siel die vorm. Hy verwerp hiermee die dualisme wat siel en liggaam as twee substansies beskou wat toevallig saamgeval het. Vir Aristoteles behoort dié twee saam: as die liggaam vergaan, vergaan die siel. Die *'ewige mens'* is die siel wat die potensiële lewe aktueer.[82] Uit die aard van sy denke sal Aristoteles sy etiek sistematies en rasioneel wil regverdig. So word die etiek dan 'n onderdeel van die politiek. 'n Band tussen die metafisika en die etiek blyk uit sy siening dat die goeie die doel is waarop die strewe van elke mens gerig is, 'n opvatting wat 'n ontologiese karakter kry, want dit waarna die mens streef is nie minder as sy eie vervolmaking nie.[83] Die ontologiese goeie as die volmaaktheid van alle dinge, en die ontologies hoogste goeie, is inderdaad nie etiese begrippe nie. Die etiek wat oor die sedelike ordening van die mens se lewe waak, word gelei deur 'n doel wat vir dié lewe die hoogste bereikbare goeie is. Dié etiek spits hom dus toe op die hoogste beskikbare goeie. Verder: wat die menslike goeie of geluk teweegbring is die lewe volgens die voorskrifte van die rede. *"Man's special function is reason. Hence the proper activity of reason is the* **summum bonum**, *the good for man. Morality consists in the life of reason"*.[84] Vir Aristoteles is sedelike gedrag nie 'n natuurstaat nie - dit vloei voort uit 'n opsetlik, deur die mens gewilde, hiërargisering van sy handelinge onder die voorskrifte van die rede. Dit moet dus 'n vrye handeling van die mens wees. Die moraliteit van die handeling bestaan in die keuse om dié handeling aan die rasionele voorskrifte te onderwerp.[85]

Aristoteles se etiek het 'n funksionele doel: om by die Griekse mens die sin vir 'n rasionele ordening van die lewe tuis te bring, om vir die oordeelsvermoë die onbelemmerde heerskappy oor die *'laer'* vermoëns te verseker en sodoende te vermy dat die mens se aandag van die rede en die wetenskap afgelei word. In die etiek soek Aristoteles na die hoogste bereikbare goed vir die mens. Dieselfde uitgangspunt geld vir sy denke oor die staat. Hy wil nie 'n abstrak-ideale staat bou nie, maar wel 'n staatsorde wat in die gegewe mense- en gemeenskapskondisie 'n ideale kan word.[86] Dié realistiese, funksionele beskouing van die aktiwiteit van die mens strek oor twee duisend jaar na die hedendaagse opvatting van kultuur as dinamiese krag in die wisselwerking tussen die mens en die totale gegewe wat hom omring.

*Van ontologie tot funksionele denke: 'n moderne opvatting van kultuur*

Die ontologiese denke word gekenmerk deur 'n groter afstand tussen die mens en dit wat hom omring - inderdaad verteenwoordig die ontologie 'n bevryding van die mens uit die beklemmende invloed van die magiese. Die hooftrekke van die ontologie is dan ook die meer teoretiese bespiegeling oor die fisiese en die metafisiese wêreld soos dit in die Griekse denke vergestalt is. Dit gaan oor die wese van die *'magte'* van ons bestaan én dié van die natuurlike wêreld. Die verloop van die feitelike en die menslike beoordeling is met mekaar vervleg. Die historiese verloop is ook deur die Grieke nie as vanselfsprekend aanvaar nie maar steeds op 'n bepaalde wyse beoordeel. Dit is die norme wat die mens *'in beweging bring'*.[87] Die spanning tussen die geslotenheid van die feitelike en die openheid van die kritiese oordeel is die spanning tussen immanensie en transendensie: *"Cultuur als spanning tussen immanentie en transcendentie kan als typering van heel het menselijke leven gezien worden"*. [88] Soos reeds aangetoon lê dit in die wese van die mens om nie net die natuur om hom heen te beoordeel nie maar ook sy eie natuur. Die transendente dimensie is dié van redelike oordeel, kulturele omvorming en 'n drang tot vernuwing.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die spanning tussen transendensie en immanensie vereis telkens opnuut 'n oorspronklike en spontane inset van die mens.[89]

Die moderne en aktuele karakter van die problematiek wat in die tema van dié studie opgesluit lê, laat die vraag ontstaan in watter mate die ontologiese denke dié problematiek kan huisves. In die ontologiese denke het die norme vasgestaan: algemene reëls geld vir alle tye as sou dit ewige wette wees. Die vraag is of dié prinsipes (wette) alle momente bestryk wat hulle aan die hedendaagse mens opdring vanuit sy totale omgewing wat aan sy tyd outentiek is. *"Het zijn juist niet meer de traditionele paden, maar eerder de nieuwe en onverwachte situaties die tot een zedelijke beslissing lijden".*[90]

In 'n oorbevolkte wêreld waar voedselvoorsiening die welsyn, selfs die stoflike voortbestaan, van mense en gemeenskappe raak, is die vernietiging of uitputting van die bodem, waardeur onder meer die proses van voedselproduksie bedreig word, 'n situasie wat die mens - individueel èn kollektief - dwing tot 'n beslissing oor die wisselwerking tussen die grondgebruiker en die kwesbare, verwoesbare natuurbron wat die welsyn van die mens kan verduister. *"De ethiek is geen algemeen leer meer, die men ontologisch kan bestuderen en formuleren, maar ethiek is er alleen als die ons op het lijf geschreven, in de huid gebrand word ... Zo is er ook geen algemeen en abstract idee meer van rechtvaardigheid, zoals in het ontologisch denken, maar gaat het om sociale en politieke daden in concrete situaties".*[91]

Dié opvatting verteenwoordig 'n klemverskuiwing, minstens 'n nuwe stap in die ontwikkeling van die denke oor die mens se verhouding tot en wisselwerking met *"die wêreld in en om hom."* In die sogenoemde funksionele denke staan die mens se regstreekse betrokkendheid by die magte wat hom omring, voorop. In dié lig word die vraag na die syn dan 'n vraag na die sin: *"In bezinning, sociaal besef, kunst en religie tracht de mens vorm te geven aan zinvolheid of zinloosheid. En deze vraag na de zin betreft tegelijkertijd de werkelijkheid, die men benadert, als het eigen bestaan".*[92] Op dié wyse word daar nie net na die sin van die bestaan gevra nie maar ook na die sin van arbeid, organisasie, bodembenutting. So word alle faktore van natuurlike en menslike aktiwiteit deel van en funksioneel ondergeskik aan dié geheel: die sin van die mens se lewe. Dit gaan vir die huidige nie om die wysgerige verantwoordbaarheid van dié opvatting nie maar oor dié beskouing as metode waarvolgens die moderne mens probeer om tot klaarheid te kom oor die vrae wat sy eksistensie omgewe.

Van Peursen wil die hedendaagse kultuur funksioneel noem omdat dié karaktertrek van die kultuur teenswoordig so sterk na vore kom. *"De term functioneel ... kan als middel dienen om een grote hoeveelheid moderne verschijnselen samen te vatten en begrijpelijk te maken. Daarbij is het hier dan vooral om te doen verschuivingen in het zicht te krijgen die wij allemaal doormaken".*[93] Die funksionele denke word dan beskou as bevryding uit die afsondering van die substansialisme, die skadukant van die ontologie. Verstarring is die basiese element van die substansialisme - transendensie verdwyn en die mens raak vasgevang in die immanente. Waardes en begrippe word as geïsoleerde substansies beskou - die mens self is uit twee afsonderlike substansies saamgestel: liggaam en siel. Die samelewing word dan 'n somtotaal van enkelinge; die menslike samelewing is 'n strakke, gebonde en geslote sisteem. Die nuwe vorm van bevryding is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dié keer nie op die bevryding uit die demonie van die magiese gerig nie, maar op bevryding uit die niksseggende substansialistiese houding.[94]

Die gevolge wat die substansialisme vir die mens inhou kry beslag in vervreemding tussen mens en wêreld. Dié dinge waarteenoor die mens afstand gesoek het ten einde te kan waarneem en te ken, verdwyn nou buite sy sig. Die mens raak vervreem van eie tegniek, vertroude waardes, omgang met die Godsbestaan. Die omringende magte is nou dinge-op-hulself, word ongeloofwaardig en dompel die mens in 'n sekerheidskrisis. Teen dié agtergrond word die funksionele denke as bevryding beskou omdat dit teorie en praktyk, etiese handeling, ambag en politieke beslissing, en nog veel meer, bestryk. Só word die vervreemding opgehef - die mens kan dinge en gebeure weer plaas en sodoende homself weer vind.[95]

'n Verdere kenmerk van die funksionele denke is betrokkenheid as teenpool vir die afstand en die bloot objektiewe kennis. Die mens rig hom met sy hele lewensdrif en emosies op iets of iemand anders - 'n kenmerk van die konkrete, polsende eksistensie. Die persoonlike betrokkenheid word die maatstaf. Die sinlose is dan dit wat nie op die mens self betrek kan word nie, wat hom dus nie *'in beweging bring'* nie.[96]

Die funksionele houding lei uiteraard tot die *"fundering van die hede"*.[97] Tegniek en ontspanning, psigoterapie, kuns, teologie, verstedeliking, bodembenutting, vorm funksioneel 'n samehang in so verre hulle sin en betekenis aan konkrete situasies gee.

Die vraag na kennis maak eweneens deel van die funksionele denke se program uit. Maar dan kennis en insig van 'n ander slag: *"De vraag naar het bestaan van de dingen word nog gesteld. Ook onderzoekt men wel wat het wezen van alles is. Maar dit 'dàt' en 'wàt' komen toch pas aan de orde als men eerst het 'hoe' in het vizier heeft gekregen ... dat wil zeggen de manier waarop iets zig aan ons voordoet, de wijze waarop wij ermee om kunnen gaan, de functies die iets heeft"*.[98] Nou volg dit dat die sekerheid aangaande die betekenis van begrippe soos *'God', 'geloof', 'sedelikheid',* wegval; die inhoud van dié en dergelike woorde moet as 't ware opnuut geldigheid verwerf, *'outentiek'* word. Ook die wetenskap word op besondere wyse aan die werklikheid verbind, kry 'n funksionele betekenis in so verre wetenskaplike feite en teorieë kan heenwys na bepaalde metodes waarvolgens konkrete situasies aangepak kan word.[99]

Die funksionele denke vermy nie die Godsvraag nie, maar die vraag wat wel gestel word, is hoe die naam *'God'* konkreet gemaak kan word in die daaglikse verhoudinge. Die vaste betekenis wat die teïsme en die ateïsme aan dié naam geheg het, is nie meer geldig nie. In die funksionele houding besit woorde of name geen vanselfsprekende betekenis nie - betekenis moet verwerf word op grond van funksionaliteit. In dié lig word die figuur van Christus dan nie meer as 'n verhewe idee beskou nie. Christus word veel eerder geteken as 'n konkrete, historiese persoon wat die universele vrae van skuld, hoop en naasteliefde in sy eie lewe tot uitdrukking wou bring.[100]

Op grond van die funksionele besinning oor die Godsvraag kry ook die sedelike waardes 'n ander funksie. Ook die sedelike waardes moet gaandeweg ontdek word. Ou waardes se funksie en geldigheid neem af, nuwe waardes tree na vore binne nuwe situasies. Nuwe waardes wat noodsaaklik is vir beleid. Binne 'n situasie van toenemende sekularisering word die vrae rondom die Godsbestaan en sedelike waardes binne die natuurlike wêreld betrek: *"Maar niet dat de*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*transcendente erin opgesloten wordt. Neen, men wilt juis uit bevangenheid en beslotenheid wegbreken".*[101]

Die vraag na 'n toekomsbeeld dring hom ook aan die funksionele denke op. En in die taal van die funksionele houding word die vraag na die toekoms 'n vraag na nuwe verantwoordelikheid. Dié verantwoordelikheid is funksioneel: *"Er is toenemend historisch besef, besef dat er een geschiedenis aan de gang is, waarin wij invloed moeten uitoefen. Ingrijpende wijzigingen in de structuur van onze samenleving, tot heden zozeer door de productieverhoudingen beheersd, gaan met dit alles gepaard".*[102] In die eksposisie van die funksionele denke word 'n skadukant geïdentifiseer wat die openheid van die funksionele houding bedreig. Die operasionalisme is die verabsolutering van die *'hoe'*, sodat alles gereduseer word tot die operasie, tot bloudrukke en organisasieskemas. Dit lei tot die verdwyning van die transendente - alles word tot die immanente gereduseer. *"Dat is de achtergrond van de moderne gevaren: alles terugbrengen tot nummers en getallen, bureaucratie, technocratie, positivisme, manupulatie".*[103] Einstein verwys na 'n konkrete situasie: *"Die mens se kundigheid het sy moraliteit oortref. Sy wetenskap het sy wysheid vooruitgegaan."*[104] Die grondliggende bedreiging van die operasionalisme is dieselfde verstarring wat 'n kenmerk van die magiese en die substansialisme is en waardeur die mens homself kwytraak. Daarom is die funksionele houding eerder 'n aanduiding van 'n verantwoordelikheid as 'n toestand wat reeds bereik is.[105]

Die funksionele denke wil derhalwe nie aan die vrae oor die bestemming van die mens, die sin van die bestaan, die norme vir onderlinge verhoudinge of die korrekte ontwikkeling van die gemeenskap, ontkom nie. Dit bied egter 'n eiesoortige strategie aan waarvolgens die mens opnuut antwoord en houding kan bepaal wat betref die magte wat hom omring soos die goddelike, die sedelike norme en sosiale strukture. Uit die aard van die saak kan dié strategie deur verskillende faktore beïnvloed word.

Kluckhohn[106] wys byvoorbeeld op die hedendaagse beklemtoning van die gemeenskaplike mens-wees in die *'antropologies gevoelige'* wêreld. Dié gevoeligheid moet op die lang duur 'n uitwerking hê op die kultuurbeleid tot in sy praktiese uitlopers: nywerheid, organisering van die arbeid, en sekerlik ook voedselproduksie en die gehalte van die omgewing. *"Alle menselijke cultuur ... is een antwoord op een vraag. Deze vraag is die naar de rechtsgeldigheid van het cultureel paspoort van de mens; het is de vraag naar de juiste evaluatie van alles wat zich in ons mensenbestaan voordoet".*[107]

In die lig van dié opvatting kry kultuur as leerproses besondere waarde. Aangeleerde gedrag geskied by die mens op grond van sy *"verpakkingsmoontlikheid"*: die taal.[108] So teer die mens nie slegs op die leerervaring van duisende voorgeslagte nie - hy kan dié ervaring ook makliker omskep en herorganiseer. *"Door deze cultuuroverdracht kunnen we vlug uit de voeten - en dat noemen we: geschiedenis. Tot deze cultuur behoren ... techniek en organitatiekunde, maar ook jacht,* **landbouw,**[109] *kunst, religie."*[110] Hoewel oordrag deur middel van die taal geskied, vereis die wye terrein van kultuur ook die gebruik van ander simbole. Simbole maak deel uit van die mens se *"verpakkingsmoontlikheid"*, deel van die leerproses wat op sy beurt kultuur is. Die simbool transformeer die menslike bestaan, plaas die mens as 't ware in 'n ander dimensie van die realiteit. So leef die mens dan oplaas in 'n simboliese universum. Nie net taal nie, maar ook mite, kuns,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

godsdiens, maak deel van dié universum uit.[111] *"They are the varied threads which weave the symbolic net, the tangled web of human experience. All human progress in thought and experience refines upon and strengthens this net."*[112] In die dinamiese kultuurproses soek die mens steeds na nuwe vorme, nuwe simbole. Moontlikhede en gewoontes word gedurig deur die tegniek en organisasievermoë van die mens verander. Alle skynbaar onveranderlike dinge verkry binne die menslike kultuur 'n nuwe aanskyn. Maar kultuur as leerproses is geen waarborg vir ware vooruitgang en verbetering nie. Juis omdat kultuur 'n leerproses is, moet die vraag na die maatstawwe en die doel noodwendig gestel word. Kritiese evaluering is noodsaaklik.[113]

Op grond van die model: mitiese, ontologiese en funksionele denke, word drie soorte leerprosesse onderskei: vegetering, wat met die mitiese houding saamval; produksie wat sy oorsprong in die ontologie het, en benutting (consumeren) wat as onderdeel van die funksionele denke 'n finale fase van lering is. Vegetering het as dryfkrag instandhouding van die lewe tussen geboorte en dood. In die ontologiese fase rig die mens hom tot die materiaal waaruit hy iets kan voortbring. Die mens beskryf natuurwette en met dié as wapen kom hy tot die ontwikkeling van tegniek. Dié leerproses is volkome op produksie gerig wat uiteindelik tot die moderne samelewing sal lei. Die gevolge van produksie sluit in die totstandkoming van die kapitalisme waar die gesag berus by die mag wat die produksiemiddele beheer. Hoewel dié ontwikkeling steeds aan die gang is, onderskei die funksionele denke reeds 'n oorgang na 'n nuwe tydperk: die tydvak van die funksionele houding, met rasionele benutting van die natuur en wetenskaplike vermeerdering van produksie as kerntemas vir die leerproses wat uiteindelik die hele wêreld sal insluit.[114] In dié verband word die funksionele leerproses 'n enorme taak opgelê, veral in die hoogontwikkelde gebiede van die wêreld: om hulle te leer om te benut.

Rasionele benutting van die natuur word aan die orde gestel. In die huidige stadium van die produksie van voedsel en vesel om in die stoflike behoeftes van die mens te voorsien, word die bodem deur sowel mynbou as landbou sonder einde ontgin en dikwels uitgeput. Vloemans stel dit só: *"Men zegt niet te veel, wanneer men verklaart, dat er op de ganse aarde geen kilometer grond te vinde is ... die niet direct of indirect de sporen van menselijke ingrijpen vertoont".*[115] Die eis van die funksionele houding sou dan wees om produksie op 'n meer geordende voet te plaas en 'n nuwe doelwit daar te stel. Hoe geskied dit? Die aksent sal ook op dié terrein moet verskuif: *"Ging het binnen het vegeteren om de 'welstand' en in produceren om de 'welvaart', thans gaat het steeds meer om het 'welzijn'".*[116] Die funksionele benadering is dan om die mens te leer hoe om met sy eie lewe en met die wêreld om hom, om te gaan. 'n Wêreld wat die komponente bodem, water en lug as basiese hulpbronne vir die instandhouding van die menselewe, insluit. Die funksionele denke lei tot 'n algemeen nuwe visie op grond van die ontoereikendheid van die welvaart en die opkoms van welsyn as doel van die kultuurstrategie: meer funksionele gesag, 'n minder kapitalistiese en 'n meer funksionele vorm van demokrasie. *"Niet het bezit, maar de zedelijke en sociale verdienste krijgt gezag."*[117]

Wat dié studietema betref, is die vraag vervolgens of bodembenutting en alles wat dit behels - grondbesit, toepassing van tegniek, die ekonomie - 'n verantwoordelikheid by die mens veronderstel wat dit noodwendig en onlosmaaklik binne die sfeer van die sedelike plaas.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# *VERWYSINGS*


1. OBERHOLZER, C.K., **Die Aandeel van Opvoeding en Onderwys in die oordrag en bestendiging van die Westerse kultuurwaardes; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 73.
2. Idem.
3. COERTZE, P.J., **Die bio-genetiese grondslae van kulturele differensiasie; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 165.
4. BURCKHARDT, JACOB, **Reflections on History**, Allen & Unwin, London, 1944, p. 55.
5. CASSIRER, ERNST, **An Essay on Man**, New Haven Yale University Press, 1951, p. 222.
6. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 10.
7. Idem, p. 9.
8. Aangehaal deur BURCKHARDT, JACOB, **Reflections on History**, Allen & Unwin, London, 1944, p. 57.
9. Idem.
10. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 10. My kursivering.
11. HUIZINGA, J., **Herfsttij Der Middeleeuwen**, H.D. Tjeenk Willink & Zoon, N.V. Haarlem, 1950, p. 42.
12. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 10.
13. Idem.
14. Idem, p. 119.
15. MANDELBAUM, D.G., **Encylopedia Britannica**, 1964, Vol. 5, p. 831.
16. SPENGLER, OSWALD., **The Decline of the West**, George Allen & Unwin, London, 1926, Vol. 1, p. 31.
17. Idem.
18. Idem, p. 32.
19. GASSET, JOSÉ ORTEGA Y., **De opstand der horden**, H.P. Leopolds Uitgeverij, N.V. 'S-GRAVENHAGE, 1966, p. 124.
20. TOYNBEE, ARNOLD J., **Civilization on Trial**, Oxford University Press, 1953, p. 222.
21. Idem, p. 223.
22. Idem, p. 224.
23. DREYER, P.S., **Die Grondslae van die Westerse Leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 1.
24. CASSIRER, ERNST., **An Essay on Man**, New Haven Yale University Press, 1951, p. 3.
25. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 14.
26. SOKRATES, **Apology**, aangehaal deur CASSIRER.
27. CASSIRER, ERNST., **An Essay On Man**, New Haven Yale University Press, 1951, pp. 5/6.
28. DREYER, P.S., **Die Grondslae van die Westerse Leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 1.
29. VLOEMANS, A., **De Mens als Waagstuk**, H.P. Leopolds Uitgevers, N.V. Den Haag, 1949, p. 25.
30. CASSIRER, ERNST., **An Essay On Man**, New Haven Yale University Press, 1951, p. 3.
31. Idem, p. 6.
32. VLOEMANS, A., **De Mens als Waagstuk**, H.P. Leopolds Uitgevers, N.V. Den Haag, 1949, p. 10.
33. CASSIRER, ERNST., **An Essay On Man**, New Haven Yale University Press, 1951, p. 223.
34. VLOEMANS, A., **De Mens als Waagstuk**, H.P. Leopolds Uitgevers, N.V. Den Haag, 1949, p. 15.
35. Idem, p. 14.
36. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 3.
37. Idem, p. 14.
38. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 55.
39. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 29.
40. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 22.
41. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 30: WINDELBAND, WILHELM., **Lehrbuch der Geschichte der Philosophie**, Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) Tübingen, 1950, p. 30.
42. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 27.
43. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band, 1, Nasou Beperk, p. 33.
44. Idem, pp. 34/35.
45. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 32.
46. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, pp. 34/35.
47. Idem.
48. Idem, p. 48.
49. Idem.
50. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 45.
51. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 58.
52. Idem, p. 60.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

53. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 52.
54. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 60.
55. Idem, p. 66.
56. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 106.
57. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 85; WINDELBAND, WILHELM., **Lehrbuch der Geschichte der Philosophie**, Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) Tübingen, 1950, p. 57.
58. Idem, p. 89.
59. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 112.
60. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 90.
61. Idem.
62. Idem., p. 96.
63. Idem, p. 105; STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, pp. 142/143.
64. Idem, p. 108; STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 147.
65. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 219.
66. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, pp. 127/128; STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 183.
67. Idem, pp. 128/129; STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, pp. 189/190.
68. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 183.
69. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 56.
70. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 201.
71. Idem, p. 202; DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 139.
72. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 140.
73. Idem.
74. Idem, p. 141.
75. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 264.
76. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 162.
77. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, p. 265.
78. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 162.
79. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, pp. 278/279.
80. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, pp. 164/165.
81. Idem.
82. Idem, p. 166.
83. Idem, p. 168.
84. STACE, W.T., **A Critical History of Greek Philosophy**, Macmillan, London, 1953, pp. 315/316.
85. DE VLEESCHAUER, H.J., **Geskiedenis van die Wysbegeerte in die Weste**, Band 1, Nasou Beperk, p. 169.
86. Idem, pp. 173/175.
87. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, pp. 13/14.
88. Idem.
89. Idem, p. 15.
90. Idem, p. 85.
91. Idem.
92. Idem, p. 87.
93. Idem, p. 80.
94. Idem, p. 79.
95. Idem, p. 81.
96. Idem, p. 84.
97. Idem, p. 93.
98. Idem.
99. Idem, pp. 95-97.
100. Idem, pp. 102/103.
101. Idem.
102. Idem, p. 103.
103. Idem, p. 107.
104. Aangehaal in Rapport, 27 Januarie 1980, p. 19.
105. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 111.
106. Aangehaal deur VAN PEURSEN.
107. Idem, p. 16.
108. Idem, p. 136.
109. My kursivering.
110. Idem, p. 137.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

111. CASSIRER, ERNST., **An Essay on Man**, New Haven Yale University Press, 1951, pp. 23-25.
112. Idem.
113. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, pp. 137/138.
114. Idem, pp. 160-165.
115. VLOEMANS, A., **De Mens als Waagstuk**, H.P. Leopolds Uitgevers, N.V. Den Haag, 1949, p. 47.
116. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 165.
117. Idem, p. 170. White se kritiek op 'n bepaalde soort *'nuwe'* demokratiese kultuur hou verband met ander waardes vir die gemeenskap ten opsigte van die omgewing.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# HOOFSTUK 2

## DIE SEDELIKE: SLUITSTEEN VIR 'N KULTUURSTRATEGIE

### *Inleiding*

Die funksionele besinning oor kultuur trag om die terrein van kultuur te verruim sodat kultuur beskou word as die lewensuiting van elke mens en elke mensegroep binne die hedendaagse wêreld, waar die mens se verhouding tot sy totale omgewing steeds probleemvoller en ingewikkelder raak. Op dieselfde grondslag rus die begrip dat kultuur eerder werkwoord as selfstandige naamwoord is - 'n begrip wat ook vasgelê is in die beskouing dat kultuur 'n groeiende en veredelende uitkoms is van 'n proses van bewerking van die wêreld in en om die mens.[1] Vir Van Peursen is kultuur in wese *"de wisselwerking tussen menselijk beleid aan de ene kant en al dan niet tot werkelijkheid toegang gevende wegen anderzijds."*[2] Dié wisselwerking is dan die fundamentele verhouding tussen die mens en die magte wat hom omring, 'n verhouding wat oplaas in handeling gestalte vind.

Soos die neerslag van menslike handeling aan die wese van kultuur lê, net so maak handeling die wese van die sedelike uit. Die sedelike is ondenkbaar sonder konkrete handeling, en dít is die onderwerp van die etiek, die wetenskap van die sedelike.[3] Die aktiwiteit van bewerking en veredeling van die eie lewensakker is 'n weerspieëling van die mens se verbondenheid met waardes.[4] Die feit dat die mens waardes erken en aan sommige voorkeur gee, blyk uit beslissings en handeling wat gefundeer is in sy vryheid as wese wat van homself as gewaarwordende, denkende en willend-waarderende persoon teenoor alle ander dinge en persone bewus is.[5] Inderdaad: *"Der Inhalt der sittlichen Wertung ist also nicht theoretischer, sondern praktischer Art"*.[6] En slegs menslike handeling word aan die sedelike oordeel onderwerp, slegs die mens is draer van die sedelike waarde.

### *Lewensarbeid en ideaal*

'n Kultuurstrategie wentel wesenlik om die raakpunt tussen handeling (lewensuiting) en ideaal. En dié raakpunt is op sy hegste waar die idee heenwys na die verbetering en vervolmaking van die wêreld self. In Huizinga se eie woorde: *"Tot zekere hoogte streeft iedere cultuur naar de verwezenlijking van een droomwereld binnen de werkelijke, door het herscheppen van de vormen der samenleving. Doch, terwijl het elders alleen een geestelijke herschepping betreft ...is hier het object van den droom de werkelijkheid zelf."*[7]

In die mitiese samelewing is die eenheid van wete en handeling, van sosiale verhoudinge binne die stam en die individuele verpligtinge waarskynlik vanselfsprekend. In die ontologiese fase lê dié elemente verder uitmekaar, sodat kennis en etiek skerp van mekaar onderskei is. In die hede gaan dit minder om vaste gebiede binne die totale omgewing van die mens en meer om die integrering daarvan binne 'n enkele verantwoorde houding, raak kennis en handeling, wetenskap en etiek steeds meer verstrengel.[8] Kennis, tegniek en etiek staan dus nie los van mekaar nie maar loop in mekaar oor. Kennis moet dan noodwendig uitloop op die vraag of iets goed of sleg is.[9]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maar dan kennis as handeling. *"Nicht das Denken und Erkennen, sondern das Wollen und Handeln ist Gegenstand sittlicher Wertung".*[10]

Met die opkoms van die wetenskap, die mag van die kennis en die gestaltegewing van dié mag in die tegniek, ontstaan die vraag of die menslike mag nie in die tegniek tot voltooiing gekom het nie. Die teendeel blyk: die mens het die slagoffer van die tegniek geword. By Wurth:[11] *"... Wel is het noodlottig geworden dat onze mensheid en onze menselijke samenleving ... niet in staat is geweest een macht als van de moderne techniek .... te beheersen, maar zelf innerlijk vertechniseerd is geraakt, zelf in het totalitaire mechanisatieproces zo zeer is opgenomen dat ze op den duur slechts tot functie van dat proses is verlaagd".* Gasset dui aan waarom tegniek nie in homself 'n eindpunt kan wees nie: *"De techniek is naar wezen een wetenschap, en de wetenschap kan niet bestaan als zij niet wezenlijk en om haar zelfs wil belang inboezemt, en zij zal als sodanig geen belang* **kunnen** *inboezemen als de mensen niet in vervoering blijven voor de algemene beginselen der cultuur".*[12] Hoe moet die mens dan met die tegniek omgaan? Dié vraag betrek die sedelike: *"De grote vraag is nu welke normen of criteria de mens moet volgen om tot een positief, een waardevol beleid te komen".*[13] Kortom: hoe kan die tegniese kultuur oplaas tot 'n strategie ingespan word wat alle mense in vryheid tot medewerkers maak in plaas daarvan om hulle te verslaaf binne die onpersoonlike magte van tegniek en organisasie? *"Een nieuwe ethiek is dan op weg naar richtlijnen, criteria, die de immanentie, de beslotenheid van die techniek te boven gaan".*[14] 'n Perspektief na aanleiding van Huizinga: laat die vorme van die lewe en die maatskappy wees wat hulle wil, solank hulle deurdrenk word van die transendente sedelikheid.[15]

Die etiek sal dan die tegniek oopbreek en 'n transendente dimensie daaraan verleen: 'n afmeting van verwagting, van kritiese evaluering en van verantwoordelikheid.[16] Hoe sal dié gestaltegewing plaasvind? Dit het reeds geblyk dat nie alle lewensuitinge van die mens voorwerpe vir sedelike beoordeling is nie. Selfs nie alle handelinge wat uit die geestelike aktiwiteit voortvloei kan in dié kategorie tuisgebring word nie. *"Nur was mit Wissen und Willen geschieht, ist ethisch relevant. Nur Handlungen, die auf Einsicht uns freier Entscheidung beruhen, tragen sittlichen Charakter."*[17] Die feit dat die mens van homself as gewaarwordende, denkende en willend-waarderende persoon bewus is, lê die grondslag vir die vryheid as voorwaarde vir die sedelike oordeel.[18] Die feit dat die mens 'n sedelike wese is, sê egter nie veel oor die inherente gehalte van die sedelike nie. As aanloop hiertoe sê Hessen:[19] *"Der eigentliche Träger der Sittlichen Prädikate ist die innere Einstellung, die* **Gesinnung** *des Menschen. Sie ist es, der wir die Prädikate gut und böse streng genommen beilegen."* Die innerlike gehalte van die sedelike is hoofsaak in die etiek. Die inhoudlike bestemming van die sedelike is nie die eindpunt van die etiek nie - dié lê in die sedelike waarde. Dit is nie die daad wat sedelik goed is nie, maar dit wat *"sittlich geboten ist."*[20] Wat sedelik goed is, is wat hoort. *"Der sittliche Wert, den sie verkörpert, fordert ihre Setzung. Ihm wohnt eine Verpflichtungskraft inne: wir empfinden es als unsere sittliche Pflicht, uns gewissermassen für ihn einzusetzen, ihn wollend und handelnd zu realisieren. So haftet am sittlichen Wert ein unbedingtes Sollen. Das sittlich Gute ist zugleich das absolut Seinsollende, das unbedingt zu Verwirklichende. Dieses Sollens- oder Pflichtmoment gehört zum Wesen des Sittlichen ..."*[21]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die waarde het egter ook 'n ander dimensie. Volgens Dreyer: *"In sy horisontale dimensie is die waardes en hulle rangorde gefundeer in die gemeenskap waarvan die mens 'n deel is, wat hierdie waardes aanvaar en wat in sy individuele en gemeenskaplike bestaan deur die waardes bepaal word. In sy vertikale dimensie is die waardes en hulle rangorde transendent gefundeer."*[22] In die Christelike etiek is die gestaltegewing van die sedelike waarde gefundeer in die opvatting dat die lewe as sodanig geen norme bevat nie, dat die lewe die mens niks leer omtrent goed en kwaad, omtrent wat mag en nie mag nie. Dit leer alleen die geopenbaarde waarheid.[23] Die menselewe het trouens nie die reg of die bevoegdheid om volgens eie, immanente lewensbeginsel te ontplooi nie. *"Het is een gebonden leven, dat zich te voegen heeft naar een voor dat leven geldende norm ... Daarin bestaat het zedelijk karakter van dat leven".*[24] Dié waarde is egter *"geen gestolde gees nie; dit is aktiverende gees wat tot die subjektiewe Gees kom en 'n appèl tot hom rig om die geldinge uit hierdie objektiewe Gees te gehoorsaam".*[25]

Van Peursen beskou etiek as die beoordeling van die gevolge wat die tegniese ingryping vir die menslike gedrag kan inhou. Dit gaan verder in die makro-etiek oor die aanleer van verantwoordelikheid jeens die kragte wat die samelewing self blootgelê het.[26] Die etiese gevolge van die tegniek is reeds in die negentiende eeu op die spits gedryf, waarna die besef posgevat het dat sedelike beheersing van die gevare wat die mens self geskep het, onontkombaar is.

Vir die funksionele houding is die verloop van kennis via tegniek tot etiek, onmisbaar. Want eers as die kritiese vraag gestel word oor hoe die mens die kennis en die tegniek gaan inspan, kan daar van funksionele verantwoordelikheid sprake wees. En funksionele verantwoordelikheid impliseer toenemende bevryding van die mens - bevryding deur vernuwing, 'n meer verantwoorde reaksie wat bo tegniese vernuf uitstyg omdat dit in wese sedelike kreatiwiteit vereis.[27] Maar die etiek wat hier ter sprake ís, is nie vasgelê in 'n reeks morele voorskrifte wat lankal bestaan nie. *"Neen, ethiek is veeleer de totale strategie, die onpersoonlijke krachten in natuur en samenleving binnen menselijke beslissingen trekt. Religieus geloof, politiek engagement, sociale bewogenheid, onderwijsbeleid ... heeft alles dan met ethiek te maken"*[28] (Velema sluit hom by laasgenoemde aan: *"In onze tijd wordt heel duidelik dat het element, waarin ethiek zich thuis moet laten zien, het sociale en politieke engagement is: deelnemen aan het gebeuren in de samenleving".*[29]) Vir die funksionele houding hou die etiek dan die kritiese vraag in na die mens se verantwoordelikheid jeens die resultate van die hedendaagse tegniek. So 'n etiek is uiteraard 'n wordende etiek - dit kom tot stand in die wisselwerking met dit wat hom feitelik voordoen. Dit word die etiek van die interaksie genoem - die wisselwerking tussen sedelike besef en konkrete probleme.[30]

In die funksionele denke is die sluitstuk vir die etiek die ideaal dat die mens nie verlore sal gaan in die onpersoonlike kragte van die natuur en samelewing nie. Elke tegniek moet op etiek uitloop. *"Daarvoor is tegenspel nodig. Het normatieve is de ware tegenspeler van de mens. Machten, aangeduid met woorden als 'God', 'gerechtigheid', 'humaniteit', moeten steeds fungeren in concrete menselijke situaties, die ethisch relevant gemaakt worden".*[31] Met die deurbreking van die immanente deur die transendente van etiese beleid vind die mens sy eie individualiteit terug. Hierin lê 'n bestemming van kultuur as strategie, die vormgewing van die verhouding tussen die mens en die magte wat hom omring. Maar dié strategie is nie staties nie, dit verander en wissel voortdurend. Dit gaan nie slegs oor die mens en sy identiteit nie - dit gaan ook oor die wêreld en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die dinge daarin wat die mens aanspreek. *"De mens is daarbij een antwoord, zijn cultureel paspoort draagt het waarmerk van verantwoordelijkheid"*[32]. Om dié *'kulturele paspoort'* vir die hede nog enkele jare lank geldig te kan maak, moet begrippe soos toekoms 'n sedelike inhoud kry. Slegs op dié wyse sal bevryding tot persoonlike en gemeenskaplike verantwoordelikheid moontlik wees. *"De verantwoordelijke samenleving ontstaat door leren gehoor te geven aan de zinvolle wenken der geschiedenis. Zo kan de mensheid ... zijn verhaal verder schrijven van een bevrijding, waarvoor in elk mensenhart het heimwee leeft"*.[33]

Bevryding van die mens deur kreatiewe sedelikheid, met verantwoordelikheid jeens die self en die gemeenskap as hoogste sin, tree as funksionele mikpunt in 'n strategie van kultuur na vore, en wel as immer wordende doelstelling en verwesenliking. Binne dié siening is sowel kultuur as etiek dinamies, is verandering en wording as't ware die funksionele bestemming van kultuur. In dié verband word welsyn - van die individuele én die kollektiewe mens - as sedelike verdienste gepostuleer. Begrippe soos *'God', 'geregtigheid'* en *'menslikheid'* word as magte onderskei - magte wat die mens omring en wat eers sedelik relevant word as hulle in konkrete situasies fungeer. Die normatiewe wys in die funksionele houding heen na menslike individualiteit en menslike welsyn binne die totale omgewing. Die vraag ontstaan of die kreatiewe sedelikheid in dié doelwit tot algehele voltooiing kan kom. Want hoewel die sedelike as noodwendige sluitstuk in die funksionele kultuurstrategie aangegee word, word dit as krag in die wisselwerking tussen die mens en alles wat hom omring, *'losgelaat'* sonder dat die inherente karakter daarvan verder toegelig word.

*Etiek van die Ekonomie*

In die besinning oor kultuur as strategie om die verhouding tussen die mens en die wêreld in en om hom te rig, is landboubeoefening nie slegs as kultuurhandeling geïdentifiseer nie; as faktor in die produksiefase van die Westerse kultuur is landbou - ook met betrekking tot die inslag van die tegniek - binne die sfeer van die mens se verantwoordelikheid jeens die kragte wat hy self onstluit, geplaas en het die benutting van die bodem reeds 'n heenwysing na die sedelike as bewerkende en veredelende moment. Dit volg dan dat die benutting van die bodem as sodanig en die hantering van die natuurlike milieu in die geheel, nie in die immanente vasgevang bly nie maar wel 'n transendente dimensie het.

Op grond van historiese faktore gaan dit in dié studie wesenlik om Westerse kultuurwaardes - waardes wat die grondslae vir die gestaltegewing aan die Afrikaanse mens se lewenswyse vorm, 'n mens waaraan gedink kan word as 'n wese ... *"wie se lewe van wil en van waardebepaling die groeiende uitkoms is van die gehoorsaming aan 'n besondere rangorde van waardevoorkeur"*.[34] Dreyer konstateer dat die bakermat van die Westerse siening op mens en lewe in Athene, Rome en Jerusalem lê, met die nadruk op Jerusalem.[35] Op grond hiervan is dit aangewese dat die sedelike betekenis van bodembenutting ook op Christelik-etiese grondslag gefundeer sal word.

In die etiek gaan dit grondliggend om goed en kwaad. *"Men heeft in de sfeer der zedelijkheid, met 'goed' en 'kwaad' steeds bedoeld een absolute, categoriese grootheid, niet maar wat goed blijkt te zijn uit de gevolgen, die het heeft of die het hebben kan, maar wat goed is in zichzelf"*.[36] Soos reeds by Hessen aangetoon, stel die ware sedelike hom nie met die daad alleen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tevrede nie - daar word steeds gevra na die motief waaruit die handeling voortspruit, na die gesindheid.[37]

Die verhouding van die mens tot sy totale omgewing staan ook in die Christelike etiek sentraal, onder meer in die lig van die liefdesgebod van die Ou en die Nuwe Testament waardeur die waarde, waardigheid en vryheid van die mens in God self gefundeer is - geskenk van God en deur Sy opdrag sin gegee, 'n opdrag waardeur die ganse skepping arbeidsveld van die mens is en wat saam met die plig tot naasteliefde, as teenkant verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan God het.[38] In die sosiale etiek, veràl in enger sin, is die vraag hoe die menselewe gestalte in die maatskappy moet kry,[39] is die opdrag aan die etiek om sin in sosiale en politieke betrokkenheid te verwerf.[40] In dié verband wys Schleiermacher op die afwysende houding van die Christelike etiek van die negentiende eeu, waar die religieuse blik uitsluitend na binne gerig is, met die gevolg dat die vraagstukke van die Christelike lewe in die gemeenskap, weinig aandag geniet het.[41] In 'n verwysing wat op die Middeleeue betrekking het, wys Huizinga op drie weë wat die sug na 'n suiwer bestaan te alle tye as keuse het: *"Het eerste leidde regelrecht uit de wereld: het pad van de verzaking der wereld ... Alle hoogere beschaving heeft dit pad bewandeld; het Christendom had dit streven èn als individueel èn als cultuurgrondslag zoo machtig in de geesten geprent, dat het langen tijd het betreden van het tweede pad bijna geheel heeft belet"*.[42]

In die twintigste eeu word egter veel meer aandag gegee aan die problematiek op maatskaplike terrein en die konkrete vrae wat hulle aan die mens opdring. Die teologiese sosiale etiek word dan aangegee as die sedeleer van die sosiaal-ekonomiese lewe.[43] Dié laaste is van besondere betekenis vir dié studie, onder meer omdat voedsel - die vrug van die bodem - as een van die stoflike behoeftes van die maatskappy, ingesluit word in die begrip: ekonomie, wat vir die besinning oor die Christelike etiek, saam met die sosiale die maatskappy uitmaak.[44]

Die differensiëring van lewensbehoeftes wortel in die ontwikkelingsproses van die ekonomie. Binne die primitiewe familie-opset is alle behoeftes en die bevrediging daarvan, binne dié kring gevestig. Met die ontstaan van ruilverkeer het mense al meer op mekaar aangewese geraak. Ruilverkeer ontwikkel tot wat as handel beskryf kan word - een van die belangrikste elemente van die hedendaagse maatskappy. Naas die handel ontwikkel die nywerheid, produk van die tegniek. Die funksie van geld as ruilmiddel tree na vore. Maar geld vervul geleidelik 'n selfstandige rol in die samelewing, word 'n afsonderlike faktor in die menslike gemeenskap. So ontwikkel met verloop van tyd 'n reuse ekonomiese *'apparaat'*. Selfs by die boerestand, waar die ou verhoudinge die langste bly bestaan het, het nou ingrypende veranderinge ingetree. Oplaas het die maatskappy 'n gekompliseerde samestelling van die ingewikkeldste verhoudinge en betrekkinge geword.[45]

Die ekonomiese problematiek setel in die bevrediging van stoflike behoeftes. In dié verband is die mens op beperkte middele aangewys. Die ekonomie word 'n wisselwerking tussen middele en ondernemersmoontlikhede - laasgenoemde gerangskik in volgorde van dringendheid. Watter middele is hier ter sprake? Kortweg: die produksiefaktore. *"In de eerste plaats de z.g. oorspronkelijke productiefactoren, n.l. de natuurgaven (grond, bodemschatten) en de menselijke arbeid. In de tweede plaats de voorraden kapitaalgoederen, die men in de loop der tijden heeft geaccumuleerd ..."*[46]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In die lig van die opvatting dat dit in die ekonomie fundamenteel oor die mens se verhoudinge gaan - ook omgang met goedere - word ook in die ekonomie 'n normatiewe sfeer aanvaar waarbinne die mens se handelswyse beoordeel word. In die Christelike etiek is die normatiewe karakter van die ekonomie nie in diens van die 'belange van die mensheid', dienskneg van 'n prakties-idealistiese strewe na volkswelvaart en ekonomiese vooruitgang sonder transendente fundering van die ekonomiese norme nie.[47] Dit beteken egter nie dat die ekonomiese lewe van karakter verander nie - daar kan binne die sfeer van die Christelike etiek nie sprake daarvan wees dat die ekonomie aan die sedelike opgeoffer word nie.[48]

Die Christelike etiek ontleen sy norme aan die Heilige Skrif en binne die sfeer van dié etiek is dit 'n uitgemaakte saak dat die Evangelie tot die sosiaal-ekonomiese lewe sal spreek. Waar dit dus in die ekonomie gaan om die mens, sy goed en sy arbeid, sal die Evangelie ten opsigte van dié drie elemente wel 'n boodskap bevat.[49] Vir die doel van dié studie is die etiek van die mens se goed - die eiendom - van besondere belang, veral met betrekking tot die bodem.

*Etiek van die bodem as eiendom*

Die bodem as middel tot behoeftebevrediging binne die samelewing via die ekonomie, staan geïdentifiseer binne die Christelik-etiese opvatting van die mens se verhouding tot sy totale omgewing. In die waardefilosofie word die produkte van die bodem - voedsel en vesel - onder materiële waardes tuisgebring.[50] Dié waardes word verder as die sterkste en dringendste waardes onderskei, maar terselfdertyd word 'n verskil tussen die 'krag' en die verhewenheid van waardes getrek. By Wünsch, net soos in die geval van Hessen, vervul die waardebegrip 'n sentrale rol in die etiek. Hessen definieer immers etiek as die wetenskap van die sedelike waarde en die verwesenliking daarvan deur die mens.[51] Op die vraag wat iets die doel van 'n handeling maak, antwoord Wünsch: die inherente waarde daarvan.[52] Waarde is die eienskap van 'n saak wat om sy eie onthalwe nagestreef word. En waarde word doel van 'n handeling as dit konkreet word.[53] Scheler verbind waarde aan realiteite: *"Bepaalde dingen in de werkelijkheid kunnen als dragers van waarden fungeren. En dat worden dan 'zedelijk goederen', dingen, die door ons zedelijk nagestreeft kunnen worden terwille van de zedelijke waarden, die ze verteenwoordigen"*.[54] Die Christelike etiek lê in die ekonomie 'n band tussen besitting en waarde. Waar dit in die ekonomie gaan oor behoeftebevrediging op grond van 'n rangorde van waardes, kry die etiek 'n regulerende betekenis.[55] Daar is egter ook 'n ander verhouding tussen etiek en ekonomie. In die lig van die *"hoogste goed"* wat tegelyk die hoogste doel van ons sedelike en ekonomiese handeling is, word nou ook allerlei *"laer goedere"* - voedsel en kleding, die stoflike - sinvol.[56] Wünsch voer aan dat stoflike goedere geen selfstandige betekenis het nie. Hulle dien slegs as middele tot die lewe. Die mens het egter vir die groot verskeidenheid hoëre doeleindes die laere, materiële lewensmiddele nodig. En dié middele se waarde hang juis saam met die waarde van die hoër doelwit. *"Maar juist als middelen tot dat hogere doel bezitten ze dan metterdaad waarde. Er is nu eenmaal geen enkel hoger geestelijk leven mogelijk dan altijd alleen op een materiële basis"*.[57]

'n Kardinale element van stoflike goedere is eiendom.[58] Die uitgangspunt van die Christelike etiek oor eiendom setel in Psalm 24: *"Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan ..."* In die wette van Moses word besondere nadruk gelê op die uitsluitende eiendomsreg van God ten



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opsigte van grondbesit. In Levitikus 25:23 lui dit: *"Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is."* Wat die mens aan grond en bodem besit, is slegs aan hom geleen. In wese bly grond en bodem die eiendom van God. God het as alleenbesitter 'n bepaalde vorm van besit aan die mens toegesê, 'n sekere eiendomsreg aan hom verleen. Op dié wyse kan van die stoflike en geestelike goedere aan die mens toevertrou word deur God - dinge wat die mens syne kan noem.[59] Uit die oogpunt van die Christelike etiek is dit van die grootste belang dat besit steeds as geskenk beskou word; dat dit in die besit gaan om 'n grootheid wat 'n transendente oorsprong het. Deur dié laaste ontvang besit in die menselewe dan ook sy goddelike sanksie.[60] In die lig van die uitsluitende eiendomsreg van God, volg dit dat daar geen menslike eiendomsreg kan wees wat onbeperkte beskikkingsbevoegdheid inhou nie.[61] In dié verband kry die Nuwetestamentiese begrip van rentmeesterskap besondere betekenis. Rentmeesterskap impliseer verantwoordelikheid, verantwoordelikheid jeens die meester se besitting.

Macpherson[62] plaas die gemeenskap in die rol van rentmeester waar hy eiendom as menslike aktiwiteit behandel. Eiendom is 'n mensgemaakte instelling wat 'n bepaalde verhouding tussen mense daarstel, 'n instelling wat sy finale regverdiging in die mens se reg tot lewe vind.[63] In die lig hiervan is eiendom 'n reg, nie 'n 'ding' nie. *"The change in common usage, to treating property as the things themselves, came with the spread of the full capitalist market economy ... and the replacement of the old limited rights in land ... by actually unlimited rights. As rights in land became more absolute, and parcels of land became more freely marketable commodities, it became natural to think of the land itself as property".*[64]

Dié situasie het ernstige gevolge vir die mens se verhouding tot eiendom, tot die 'ding'. Tillich wys daarop dat waar dié verhouding deur eerbied, piëteit en dankbaarheid omgewe is, dit 'n soort transendente karakter kry.[65] Maar sodra eiendom *'ware'* word, voorwerpe wat deur koop en verkoop wins kan lewer, het die simboolkarakter daarvan verdwyn. Dan word die 'ding' 'n mag wat die mens teister - die besit wat sy inherente waarde verloor het; dit bevredig nie meer die mens nie en dryf hom van een behoeftebevrediging na 'n ander.[66]

'n Ander uitvloeisel van die kapitalistiese markekonomie is die identifisering van eiendom met privaatbesit. Macpherson wys op die sosiale druk wat die gevolg van dié identifisering is ten opsigte van lug- en waterbesoedeling: *"Air and water, which hitherto had scarcely been regarded as property at all, are now being thought of as common property - a right to clean air and water is coming to be regarded as a property from which nobody should be excluded".*[67]

Die verband tussen bodemvernietiging en besoedeling van water en lug bring dié probleem regstreeks binne die raamwerk van die beskouing van openbare besit ten opsigte van die bodem as natuurlike hulpbron naas water en lug. Macpherson konstateer: *"The institution of property ... is always thought to need justification by some more basic human or social purpose. The reason for this is implicit in two facts: first, that property is a right in the sense of an enforceable claim; second, that while its enforceability is what makes it a* **legal** *right, the enforceability itself depends on a society's belief that it is a* **moral** *right".*[68] Dié beskouing impliseer dat ingryping deur die gemeenskap waar besit om watter rede ook al nie meer as moreel regverdigbaar beskou word nie, nie uitgesluit is nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die Christelike etiek sal dié probleem neerslag vind in die vraag hoe die mens dit wat hy sy eiendom mag noem, moet gebruik. Ook: in hoe verre moet en mag die mens in sy medemens se behoeftes voorsien. Met ander woorde: hoe ver met produksie? In dié verband word 'n reg en 'n plig aangedui. Die mens het sy lewe van God ontvang en dit is sy roeping om dié lewe in stand te hou. Lewensbehoeftes is inherent aan die menslike lewe, daarom moet die mens toesien dat dié behoeftes bevredig word. Die probleem ontstaan by die vraag hoe ver die behoeftes gaan.[69] By die uitoefening van dié reg en plig bly die mens se sedelike verantwoordelikheid teenoor God geldig. Die aanspreeklikheid, die toerekenbaarheid van die mens teenoor God hou nooit op om te bestaan nie.[70] Die vraag is nou: hoe kry dié sedelike verantwoordelikheid teenoor God gestalte in die gebruik van die bodem?

*Etiek van bodembenutting*

Landbou - benutting van die bodem - staan aangeteken as moment in die *"bewerking en die veredeling van die mens se eie lewensakker"*. Gebruik van die bodem word egter nie slegs as kultuurhandeling aangemerk nie. Landboubeoefening as uiting van die mens se ingryping op sy omgewing is in die kultuur 'n mede-moment wat onvermydelik sy hoogste verantwoordelikheid in die sedelike sfeer realiseer. Oplaas verwerf die landbou - gefundeer in die bodem as godgegewe middel tot basiese behoeftebevrediging - sedelike inhoud binne die Christelike etiek, onder meer as grondslag vir die hoër sedelike waardes.

Dit gaan egter hier nie slegs oor die vraag of die bewerking van die bodem voldoen aan die roeping van die mens om die menselewe op aarde in stand te hou nie; dit moet oplaas in die lig van die absolute, kategoriese grootheid beoordeel word - die goeie in sigself wat steeds in die gehoorsaamheid aan God gewortel is, die goeie ten opsigte van die mens se verhouding tot die bodem wat hy bewerk in die lig van God se opdrag. Wat behels die sedelike begrippe *"goed"* en *"kwaad"* binne dié verband? Alle norme van die Christelike etiek is in die Heilige Skrif gefundeer, daarom sal die norme ten opsigte van die benutting van die bodem hulle oorsprong in die Evangelie moet vind. Trouens, die sedelike norme met betrekking tot die bodem as eiendom wys op sigself heen na 'n situasie van gehoorsaamheid en verantwoordelikheid teenoor God. In dié verband word veral twee momente onderskei: bodembenutting as handeling waardeur gestalte gegee word aan die opdrag om die menselewe op aarde in stand te hou deur in die stoflike behoeftes te voorsien, en die plig wat die mens opgelê word deur sy rentmeesterskap oor die bodem, waardeur sy aanspreeklikheid en toerekenbaarheid teenoor God tot uiting kom. Albei dié momente is dinamies, vind gestalte in, onder meer, menslike handeling maar ook in motief en gesindheid wat binne die sfeer van die sedelike predikate *"goed"* en *"kwaad"* beweeg. Boonop wys albei die momente heen na die opdrag van God aan die mens in Genesis 2:15: *"Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak"*.

In die lig van die Christelike etiek is dit belangrik dat die vergestalting van die opdrag aan die mens in twee momente uiteenval: voor die sondeval en daarna. Vir die Christelike houding is die kultuuropdrag aan die mens gefundeer in Genesis 1:27, 28: *"En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde,*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip".* Dié aangesprokenheid en geroepenheid deur God waarborg die waarde en waardigheid van die mens wat net in verhouding tot God bestaan.[71]

Die sondeval skep egter 'n ontsettende probleem vir die sedelike vryheid van die mens. In die Griekse ontologie - waar die mens deel van die groot ordelike geheel van die kosmos is - tree die mens as redelike wese (waarin die **logos** hom openbaar) as vry na vore. Die mens is kragtens sy redelike natuur heerser en gebieder oor die natuur. Die vryheidsbegrip vorm dan ook die enigste grondslag vir die sedelikheid en verantwoordelikheid.[72] Vir die Christelike etiek lê die vryheid om te kies in die feit dat die mens na die beeld van God geskape is.[73] Vryheid om te kies - geskenk van God - vryheid om te kies tussen goed en kwaad, tussen *"ja"* en *"nee"* sê vir die gebod van God. Die uitoefening van die keuse in vryheid is verantwoordelikheid. Solank verantwoordelikheid aanvaar word, bly die vryheid geldig. Maar met die sondeval verspeel die mens dié vryheid, verval hy in ellendige sedelike slawerny - staan die mens self teenoor God en die skepping *"as die gebrokene, die tuislose eensame, die groot skuldige van die ganse heelal".*[74] Die vraag ontstaan of the mens se verlies aan sedelike vryheid impliseer dat hy ophou om 'n sedelike wese te wees. Oor die mens na die sondeval konstateer Dreyer: *"Die sonde van die mens vernietig egter nie die beeld van God nie en vernietig daarom ook nie die waarde van die mens nie ... Wanneer die mens ... deur God gestraf word, is die uitspraak van God: "In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet".* (Gen. 3:19) nie net oordeel en straf nie, maar ook opdrag en taak.[75] Hoewel die *'vryheid ten goede'* verdwyn het en die *'vryheid ten kwade'* gebly het, bly die etiese normebesef geldig. Die sedelike verantwoordelikheid, die toerekenbaarheid van die mens teenoor God is steeds van krag.

Wat is nou, in die lig van die Christelike etiek, die neerslag van die sondeval in die oorkoepelende kultuuropdrag aan die mens, waarvan die opdrag om die bodem te benut 'n integrerende onderdeel uitmaak? Die voortgesette toerekenbaarheid van die mens loop daarop uit dat die mens nie onthef word van die roeping om die bodem (tuin, aarde, natuur) te bewerk nie. Maar die instandhouding van die menselewe op aarde het nou afhanklik geword van die mens se vermoë om met welslae die bodem te bewerk, die aarde te onderwerp en die natuur te beheers.[76] In dié proses het die wetenskap en die tegniek ook op landbouterrein as magte verskyn wat saam met ander momente van die hedendaagse produksiefase binne die terrein van sedelike verantwoordelikheid betrek is. Die tweede opdrag: om die tuin te bewaak, bly eweneens aktueel en geldig. Bewaking impliseer beskerming, versorging, bewaring, die teenpool is misbruik en vernietiging van die bodem. Dié laaste stel nie net die eerste opdrag en die roeping wat dit inhou, in gevaar nie; dit werp die mens boonop in 'n krisis ten opsigte van sy rentmeesterskap teenoor God as ewige alleenbesitter van die bodem. Só word besetting van die bodem deur die mens, die benutting en versorging daarvan, voorwerpe van die etiese waarde, beweeg dit onmiskenbaar binne die sfeer van goed en kwaad.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# *VERWYSINGS*


1. OBERHOLZER, C.K., **Die Aandeel van Opvoeding en Onderwys in die oordrag en bestendiging van die Westerse kultuurwaardes; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika,** onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 73.
2. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling,** Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 219.
3. DOUMA, J., VELEMA, J.H., **Ethiek En Pelgrimage,** Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam, 1976, p. 7.
4. OBERHOLZER, C.K., **Die Aandeel van Opvoeding en Onderwys in die oordrag en bestendiging van die Westerse kultuurwaardes; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika,** onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 73.
5. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika,** onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 1.
6. HESSEN, JOHANNES, **Lehrbuch der Philosophie**, Zweiter Band, Wertlehre, J. & S. Federmann Verlag München, 1949, p. 134.
7. HUIZINGA, J., **Herfsttij Der Middeleeuwen**, H.D. Tjeenk Willink & Zoon, N.V. Haarlem, 1950, p. 42.
8. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 171.
9. Idem.
10. HESSEN, JOHANNES., **Lehrbuch der Philosophie**, Zweiter Band, Wertlehre, J. & S. Federmann Verlag München, 1948, p. 134.
11. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1956, p. 111.
12. GASSET, JOSÉ ORTEGA Y., **De Opstand der Horden**, H.P. Leopolds Uitgeversmij N.V. 'S-GRAVENHAGE, 1966, p. 124.
13. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 176.
14. Idem.
15. HUIZINGA, J., **Herfsttij Der Middeleeuwen**, H.G. Tjeenk Willink & Zoon, N.V. Haarlem, 1950, p. 40.
16. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 176.
17. HESSEN, JOHANNES., **Lehrbuch der Philosophie**, Zweiter Band, Wertlehre, J. & S. Federmann Verlag München, 1948, p. 135.
18. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 1.
19. Idem.
20. Idem, p. 136.
21. Idem.
22. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika,** onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 2.
23. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1956, p. 13.
24. Idem, p. 28.
25. OBERHOLZER, C.K., **Die Aandeel van Opvoeding en Onderwys in die oordrag en bestendiging van die Westerse kultuurwaardes; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 73.
26. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 183.
27. Idem, pp 185/186.
28. Idem, p. 186.
29. DOUMA, J., VELEMA, W.H., **Ethiek en Pelgrimage**, Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam, 1976, p.7.
30. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 186.
31. Idem.
32. Idem, p. 219.
33. Idem, p. 223.
34. OBERHOLZER, C.K., **Die Aandeel van Opvoeding en Onderwys in die oordrag en bestendiging van die Westerse kultuurwaardes; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, pp. 73/74.
35. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, pp. 6-13.
36. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1956, pp. 36/37; HESSEN, JOHANNES, **Lehrbuch der Philosophie**, Zweiter Band, Wertlehre, J. & S. Federmann Verlag München, 1948, p. 135.
37. HESSEN, JOHANNES., **Lehrbuch der Philosophie**, Zweiter Band, Wertlehre, J. & S. Federmann Verlag München, 1948, p. 135.
38. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 13.
39. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 3.
40. DOUMA, J., VELEMA, W.H., **Ethiek en Pelgrimage**, Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam, 1976, p.7.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

41. Aangehaal deur WURTH, G. BRILLENBURG, **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 4.
42. HUIZINGA, J., **Herfsttij Der Middeleeuwen**, H.G. Tjeenk Willink & Zoon, N.V. Haarlem, 1950, p. 40.
43. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 7.
44. Idem, pp. 18-20.
45. Idem, pp. 20/21.
46. Idem, p. 22. My kursivering.
47. Idem, p. 28.
48. Idem, p. 32.
49. Idem, p. 105.
50. WÜNSCH, G., **Evangelische Wirtschaftsethik**, 1927, pp. 41/ 42.
51. HESSEN, JOHANNES., **Lehrbuch der Philosophie**, Zweiter Band, Wertlehre, J. & S. Federmann Verlag München, 1948, p. 137.
52. WÜNSCH, G., **Evangelische Wirtschaftsethik**, 1927, pp. 41/ 42.
53. Idem.
54. Aangehaal deur WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 176.
55. Idem, p. 178.
56. My kursivering.
57. WÜNSCH, G., **Evangelische Wirtschaftsethik**, 1927, p. 362. My kursivering.
58. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 181.
59. Idem, p. 184.
60. Idem, p. 185.
61. Idem, p. 196.
62. MACPHERSON, C.B., **Property**, University of Toronto Press, 1978, p. 1.
63. Idem, p. 12.
64. Idem, p. 7.
65. Aangehaal deur WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 185.
66. Idem.
67. MACPHERSON, C.B., **Property**, University of Toronto Press, 1978, p. 11.
68. Idem.
69. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 203.
70. Idem, p. 48.
71. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse: Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 13.
72. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 40.
73. Idem, p. 45.
74. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 12.
75. Idem, p. 13.
76. VORSTER, P.W., **Die Kerkblad**, Jaargang 81, nr. 2 479, 6 Desember 1978, p. 2.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## AFDELING 2

# VARIASIE OP 'N WESTERSE TEMA

## HOOFSTUK 3

### BODEMBESETTING AS KULTUURMOMENT IN DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE

*Inleiding*

Die mens se verhouding tot en wisselwerking met die bodem is 'n moment in sy totale handeling as redelike en sedelike wese, waarvan die neerslag kultuur genoem word. Soos elke kultuuraksie sy grootste gestalte in die sedelike as kategoriese grootheid vind, net so impliseer bodembenutting in die wydste sin van die woord, 'n sedelike verantwoordelikheid - vir die Christen spesifiek 'n sedelike verantwoordelikheid in die lig van die geopenbaarde waarheid.

Wil 'n mens die benutting van die bodem binne een besondere situasie teen die agtergrond van die Christelike etiek beskou en beoordeel, is dit nodig om vas te stel of die totale lewensuiting van die betrokke mens of gemeenskap wel aan die norme van die Christelike etiek gemeet moet word; of die norme van die Christendom vir dié gemeenskap geldigheid besit, sodat die verantwoordelikheid en toerekenbaarheid teenoor God as afdwingbare groothede aanvaar word.

Op die vraag of die leefwyse van die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika in die teken staan van die waardes wat onlosmaaklik deel van die Christelike houding uitmaak, geld die beskouing dat die aanvaarding van waardes deur 'n volk of kultuurkring en die gestaltegewing daaraan in die lewe van mense, nie iets is wat skielik eens en vir altyd gebeur nie.[1] 'n Leefwyse - gestaltegewing aan waardes - het 'n geskiedenis: dit het in tyd en ruimte ontstaan, dit het gegroei en verander.

*Tyd en Ruimte as historiese faktore*

In die tyd-dimensie sal die geskiedenis van die Afrikaanse volk of gemeenskap nie begryp kan word as die aankoms van Jan van Riebeeck op 6 April 1652 aan die Kaap as beginpunt beskou word nie. In die ruimtedimensie sal dit ewe min kan geskied as die geografiese omlyning van Suid-Afirka in volkome isolasie ten opsigte van die res van die wêreld opgevat sou word.[2] Gebeurtenisse in Suid-Afrika soos die wêreldoorloë waarby dit betrokke was, die depressie van die dertigerjare, die vryheidsoorloë, die Groot Trek, die kafferoorloë, die oorname van die Kaap deur Brittanje in 1806 en die stigting van die verversingspos aan die Kaap deur die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie, is van kardinale belang vir insig in en begrip vir die geskiedenis van die land. Dié gebeurtenisse wys egter heen na ander historiese gebeure wat van ewe wesenlike betekenis vir Suid-Afirka is: die nywerheidsrevolusie in Engeland, die Goue Eeu van Nederland, die Hervorming, die Renaissance, die bekering tot die Christendom - gebeurtenisse wat vir die geskiedenis van die moederlande van deurslaggewende belang was.[3]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Selfs die Westerse Christendom kan nie binne sy eie beperkinge van tyd en ruimte begryp word nie. In die tyd dateer dit terug tot die Donker Eeue - minder as 1 300 jaar. Dit is egter minder as een kwart van 6 000 jaar waartydens die soort gemeenskap wat die Westerse Christendom verteenwoordig, bestaan het.[4] Ruimtelik het die Westerse Christendom hom maar oor 'n klein gedeelte van die bewoonbare oppervlakte van die aarde uitgebrei, onder meer met 'n klein vastrapplek aan die suidpunt van Afrika. Die Westerse Christendom het egter nie in die Westerse wêreld onstaan nie maar in 'n klein gebied wat buite sy grense gelê het. Die Westerse Christendom is boonop een van vyf beskawings wat oorleef het - vyf van negentien wat geïdentifiseer kan word as beskawings wat tot stand gekom het sedert die eerste verskyning van soortgelyke gemeenskappe 6 000 jaar gelede.[5]

Verby die Donker Eeue in die tyd, lê die kultuur en denke van die Grieke en die Romeine, dié twee bronne wat saam met Jerusalem die grondgedagtes vir die Westerse leefwyse voorsien het.[6] Invloede gaan ook uit van onder meer die Germane en Islam, maar Athene, Rome en Jerusalem kan inderdaad beskou word as die bakermat van die Westerse siening op mens en lewe.[7]

Volgens Toynbee vertoon die verbreiding van die Westerse Christendom twee karakteristieke: sy verbreiding via die seeweë van die wêreld was die eerste verbreiding van 'n beskawing wat letterlik wêreldwyd plaasgevind het; tweedens het sy *'beheer van tyd en ruimte'* deur middel van die wetenskap en die tegniek, asmede die verspreiding van die netwerk van die Westerse *'materiële'* beskawing, die verskillende dele van die wêreld fisies nader aan mekaar gebring as ooit voorheen.[8]

Vir Suid-Afrika is albei karakteristieke van besondere betekenis: die eerste het regstreeks tot die volksplanting aan die Kaap gelei, die tweede sou uiteindelik die isolasie waarin die nuwe volk ontstaan en aanvanklik ontwikkel het, volkome verbreek. Die vestiging van 'n klein vertakking van die Westerse Christendom aan die suidpunt van Afrika was 'n regstreekse gevolg van die verbreiding van die Westerse beskawing en wel by wyse van die seevarende en koloniale mag van Nederland.[9] Dié oorheersende posisie was te danke aan die opbloei van die wetenskap en tegniek in Wes-Europa. Schubart[10] beskou dié opbloei egter nie as die oorsaak van 'n nuwe gees in Wes-Europa nie maar eerder as 'n gevolg daarvan: *"Deze schiepen geen nieuw levensbesef, maar bewezen dat het aanwezig was"*. Dié uitinge van die nuwe gees voer onder meer tot die ontdekking van die wêreldwye seeroetes, waarvan dié van Da Gama om die Kaap na Indië, die pad vir die handelskepe uit Nederland se Goue Eeu na die rykdomme van die Ooste, oopgestel het. In die koloniale bloeitydperk van Nederland word 'n verversingspos aan die suidpunt van Afrika uit sowel strategiese as ekonomiese oorweginge gevestig.[11] Veral die laaste oorweging sou beslissende gevolge vir die ontwikkeling van die nuwe volk inhou.

Die vestiging van die verversingspos aan die Kaap het beteken dat dít die enigste vastrapplek van die Westerse Christendom op die groot kontinent van Afrika was. Die Hollanders en Franse wat hulle in die 17de eeu aan die Kaap vestig, is oortuigde Calvinistiese Protestante.[12] Ook die immigrante van Duitse oorsprong was by hulle aankoms reeds Calviniste of het deel van die Calvinistiese meerderheid geword. Volgens Dreyer was die Calvinisme vir dié mense nie net een geloofs- en godsdiensvorm onder 'n aantal vorme nie - dit was die enigste. *"Calvinisme is vir*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*hierdie mense identies met godsdiens, kerk en regsinnige lewenswandel en daar bestaan vir hulle geen ander moontlikheid nie. Die Calvinisme word op hierdie wyse die grondslag van die Afrikaanse wêreldbeskouing en lewensopvatting, die vanselfsprekende en meesal onbewuste stuurman van ons beskouings, van ons doen en late".*[13]

In die ruimtedimensie het die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap 'n volkome breuk met die bodem van die moederlande verteenwoordig, sodat die toneel as't ware geskep is vir 'n nuwe moment in die gang van kulture en beskawings. In wese was dit 'n oorplanting van 'n kultuur op nuwe bodem, waar die gesteldheid van die land as nuwe fisiese horison op die ontplooiing van dié kultuur ingewerk het. Die invloed van die bodemgesteldheid op die geskiedenis van die mens word immers erken. Schubart definieer die konstante kragte van die geskiedenis soos volg: *"Het is het karakter van de landstreek dat nevens den geest van het tijdperk zijn invloed doet gelden".*[14] Blumenstock en Thornthwaite onderskryf dié beskouing:[15] *"Three great patterns dominate the earth and are of tremendous importance to man - the pattern of climate, the pattern of vegetation and the pattern of soils ... A fourth pattern laid upon the three is that of human culture, or civilization".* Scholtz beweer dat die band tussen kultuur en beskawing en die bodem só heg is dat hulle nie van mekaar geskei kan word nie.[16] Hyams konstateer op sy beurt: *"The first step towards civilization is soil exploitation".*[17] Hoe deurslaggewend is die inwerking van die bodem op die leefwyse van dié mens wat in die eerste plek 'n geestelike aangeleentheid is? Dreyer stel dit soos volg: *"Hoewel faktore soos ras, klimaat, bodemgesteldheid, geografiese aard wat verbindingslinies met ander gemeenskappe en volke bemoeilik of vergemaklik .... wel deeglik 'n invloed op waardes en norme uitoefen, is 'n leefwyse tog in die eerste plek en in beslissende mate afhanklik van die geestelike aard en sedelike geldigheid van die waardes, sodat dieselfde waardes onder variërende fisiese omstandighede en vir verskillende rasse en volke kan geld".*[18] 'n Leefwyse is dus nie klaar en finaal gegewe nie. Die rangorde van waardes wat die leefwyse bepaal, is veranderlik en het 'n geskiedenis.

*Bodem en kultuur: 'n nuwe wisselwerking*

In die lig van die voorafgaande kan dit gestel word dat die blanke gemeenskapslewe aan die Kaap van aard en gees prinsipieel Wes-Europees en van gestalte 'n plaaslik-gewysigde Westerse leefwyse was. Die nuwe volk, met eie vaderlandsbodem en oorwegend landelike kultuur, had as kardinale vergestaltingsmomente die tipiese boereplaas, die Afrikaanse taal en 'n selfstandige Christelike kerkorganisasie.[19] Die mensekern waaruit die nuwe volk gebore is, was bewoners en bewerkers van die bodem. Uit die gesamentlike optrede van die Nederlandse, Duitse en Hugenote-immigrante tree die boereplaas as een van die eerste kultuurprodukte te voorskyn. Die boereplaas word die wieg van 'n nuwe Westerse nasie met 'n eie kultuurpatroon.[20]

Die primêre doel met die stigting van die verversingspos aan die Kaap was - soos die naam aandui - die voorsiening van voedsel aan die handelskepe van die N.O.I.K. Bodembenutting lê dus aan die wortel van die vestiging van die klein koloniale gemeenskap aan die Kaap. En dit was juis probleme in verband met die landbouaktiwiteit wat die Kompanjie genoop het om van sy amptenare toe te laat om vir eie rekening te boer en sodoende die produksie van graan, vleis en groente te stabiliseer. Dié eerste boere se lotgevalle hang ten nouste saam met die Kompanjie se



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beleid as handelsorganisasie. In dié verband onderskei Scholtz drie faktore wat na sy mening 'n deurslaggewende invloed op die besetting van die nuwe bodem en die ontplooiing van die kultuur sou hê:[21] eerstens 'n gebrek aan behoorlik beplande kolonisering, wat daartoe lei dat die nuwe gemeenskap se getalle ontoereikend vir volle ontwikkeling sou bly; tweedens, verydeling van die volle ontplooiing van die geestesvermoë en talente van die nuwe volk as gevolg van velerlei beperkinge deur die Kompanjie opgelê en waardeur slegs die beroep van boer baie jare lank oopgestaan het; derdens, die gebruik van nie-blanke arbeid en die gevolge daarvan vir die nuwe volk se houding jeens handearbeid.

'n Verskeidenheid faktore dwing die nuwe volk om sy toevlug tot die bodem te neem, en sy geboorte en vormingstydperk as landelike pioniersvolk wat 'n selfonderhoudende ekonomie beoefen, sou uiteindelik twee en 'n halwe eeu beslaan.[22] Sy besetting van die nuwe bodem sou hoofsaaklik die gedaante van 'n uitbreidingsbeweging aanneem, 'n soeke na vryheid, na grond, met 'n onblusbare drang na beweging. Volgens Scholtz het die halfhartige kolonisering van die Kaap deur die N.O.I.K. ernstige gevolge vir die toekomstige ontwikkeling van die nuwe volk ingehou. Die Kompanjie se besluit van 26 Oktober 1706, dat ... *"voortaan geen sodanige vrijeluiden meer derwarts gesonden mogen worden als op speciaal consent en permissie van dese vergaderingh ..."*, word deur hom as noodlottig beskou, omdat *"die jong boompie in sy wortel aangetas is voor dit nog behoorlik gegroei het"*.[23] Die gevolg van dié beleid was onder meer dat die blanke bevolking aan die begin van die agttiende eeu slegs 1 600 getel het. Teen die jaar 1806, toe die Kaap 'n permanente kolonie van Brittanje geword het, was daar slegs 30 000 blankes aan die Kaap. Inmiddels het die Kompanjie - wat slegs aan sy eie winste gedink het - ander terreine soos die seevaart, handel en industrie vir die koloniste gesluit. Selfs die boere het gesukkel om hul produkte van die hand te sit. Dié 'ekonomiese onvryheid' sou tot in die hede 'n nawerking hê.[24] 'n Ander stap van die Kompanjie wat verreikende gevolge vir die ontwikkeling van die volkskarakter ingehou het, was Van Riebeeck se besluit om van nie-blanke arbeid gebruik te maak.[25] Gewoond aan die gebruik van nie-blanke arbeid in die Ooste, was dit vir Van Riebeeck nie vanselfsprekend dat blankes hul eie arbeid - selfs die nederigste - verrig nie. Die invoering van nie-blanke slawe het selfs teen die uitdruklike voorskrif van die Raad van Indië geskied. Op 13 Desember 1658 skryf die Raad: *"De colonie sal ons bedunckens ginder met Europianen en door geen slaven dienen voortgeseth ende gefondeert te worden, vermits onse natie van sulcken aart is dat sij wanneer sij het geriiff van de slaven hebben, alsdan luij werden en de handen niet meer tot wercken willen uitsteecken"*.[26] Die gevolge van Van Riebeeck se optrede blyk uit die kommentaar van besoekers en reisigers aan die Kaap. Aan die einde van die agttiende eeu skryf Cornelis de Jong: *"Weinige blanken zullen de hand aan den landbouw slaan of den arm in het pakhuis gebruiken; 't is slavenwerk: waar zijn de slaven voor?"* [27] Aan die begin van die negentiende eeu merk Burchell op: *"Speaking generally it may be said that no white man is hired as a menial servant; he would consider it a degradation to do so, as they term it, the work of a slave"*.[28] Dié situasie het nie net tot 'n ontoereikende getal opgeleide vakmanne in die geledere van die Afrikaanse gemeenskap gelei nie; daar sou ook gevra kon word na die invloed wat dit moontlik op die gesindheid van die bodemgebruiker jeens die welsyn van die bodem kon hê, veral in die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

konteks van 'n bepaalde onbetrokkenheid by of onbewustheid van die gevolge van sy ingryping op die natuur en die bodem.

In die geval van die volksplanting aan die Kaap is die ontplooiing van die kultuur in 'n groter mate as in ander, ooreenstemmende situasies, deur die gesteldheid van die land beïnvloed. Weens die beperkinge wat die Kompanjie op hulle gelê het, het die nuwe volk sy rug op die see gekeer, hom tot die land gewend, dit aanvaar. Van die 17de tot die 19de eeu het die **veld** die blanke immigrante tot nuwe mense omgevorm wat by hulle omgewing aangepas het.[29] Landbesetting, landskoonmaak en verspreiding was die kenmerke van dié tydperk. Die trekboere het vanaf 1707 tot ongeveer 1780 in alle rigtings uit die Kaapse landbousamelewing padgegee en die grens tot duskant die Oranjerivier en die Visrivier uitgedra.[30] Die Afrikaanse pioniermens word só deur Van Jaarsveld geteken: *"In die afgesonderde binneland, op die verskuiwende grense, het hulle 'n eie karakter ontwikkel met eienskappe soos mobiliteit, selfstandigheid, onafhanklikheid, konserwatisme, individualisme, koppigheid, gasvryheid en godsdienstigheid. Baie van die kulturele bagasie van die Europese lande is afgewerp, maar die Calvinisme het die grondslag vir hulle landelike samelewing gebly".*[31]

Ná 1780 vind die eerste nuwe beweging van die pioniervolk in die vorm van die Groot Trek plaas - naas die Tweede Vryheidsoorlog dié pool waarom die Afrikaanse mens se historiese besef tot diep in die 20ste eeu sou wentel.[32] Die Groot Trek vloei voort uit die kontak tussen die jong Afrikaanse volk en die Britte wat in 1806 die Kaap in besit neem. Reeds teen 1795 het 'n eie volksbewussyn by die Afrikaanse gemeenskap begin vorm aanneem, maar ná 1806 kry dié gemeenskap te make met 'n vreemde taal, kultuur, ideologie en beleid. Die jong volk voel hom nie net materieel bedreig nie maar ook wat sy lewens- en wêreldbeskouing betref.[33] Dié botsing met die Engelse kultuur - wat onder meer reeds in die teken van die nywerheidsomwenteling staan - laat 'n sterk bewussyn van eie identiteit by die Afrikaanse gemeenskap posvat. Daar is 'n *"opsetlike, bewuste waardering van 'n eie tradisie, eie taal, eie kerklike vorme, eie lewenswyse, eie lotsbestemming en geroepenheid, asook die opsetlike en volgehoue pogings om hierdie waardering wakker te hou en intenser te maak".*[34]

'n Baie belangrike gevolg van die Groot Trek word só deur Van Jaarsveld saamgevat: *"Deur die Groot Trek is aan die invloed van die Europese nywerheidsomwenteling ontsnap, kon die pionierslewe .... met sy bestaansekonomie met ruilhandel en grond en vee as rykdom ontplooi met staatsinstellinge wat by die landelike situasie gepas het".*[35] Die Groot Trek het die grense van die nuwe volk ontsaglik ver uitgeskuif, 'n hele nuwe lewensruimte geskep. Die Groot Trek was in wese 'n vreedsame opstand teen die Britse bewind, met politieke, geestelike en ekonomiese oorsake - laasgenoemde 'n behoefte aan vry grond buite die Koloniale grense wat die behoud en voortsetting van hul tradisionele lewenswyse as pioniers van hul beskawing kon verseker.[36]

Na die Groot Trek kom die uitbreidingsbeweging bykans vyftig jaar lank tot stilstand. Gedurende dié tydperk begin die Britse besetters van die Kaap om ook op hulle beurt hulle grondgebied uit te brei. Die Botsings wat daaruit voortgevloei het, het onder meer tot die Eerste Vryheidsoorlog gely wat sy neerslag in die ontstaan van 'n Afrikanernasionalisme gevind het - 'n patriotisme wat in die geledere van die landbouers wat in die Kaapkolonie agtergebly het, tot 'n kulturele nasionalisme lei wat aansluit by die politieke nasionalisme van die Noorde, waarvan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

grondslag gedurende die Groot Trek gelê is.[37] Die stryd wat sedert die Groot Trek tot met die Tweede Vryheidsoorlog tussen die Afrikaanse volk en die Britte geheers het, was in wese ook 'n stryd tussen twee lewensvorme en twee samelewings.

Die Eerste Vryheidsoorlog het nie as sodanig 'n einde aan die trekdrang van die Boere gebring nie. Hulle was trouens van plan om in die jare negentig nuwe lewensruimte te beset, dié keer tot aan die Zambesi.[38] Hulle is nie slegs deur 'n drang tot persoonlike vryheid aangevuur nie - die gebrek aan grond het tot dreigende armoede gelei.[39] Pogings om deur middel van georganiseerde trekke die bestaande grense te oorskry, slaag egter nie as gevolg van die sluiting van die grens aan die Limpopo in 1889 deur Brittanje. Dié gebeurtenis bring prakties 'n einde aan die pionierskap van die Afrikaanse mens. Boere-uitbreiding eindig finaal in 1895 - die jaar toe Paul Kruger se weg na die see deur Mosambiek werklikheid word - met die anneksasie van Kosibaai deur Brittanje. Daardeur word al die grense van Transvaal vir goed gesluit. Die volgende groot trek vir die Afrikaanse volk sou 'n trek na die stad wees.[40]

*Uitskuiwende horisonne*

Die vaspenning van die Afrikaanse volk se ruimtelike horisonne met die oorgang van die 19de na die 20ste eeu, het 'n ingrypende invloed op die verdere ontplooiing van sy kultuur gehad. Reeds in die negentiende eeu het die land digter bevolk geraak. In die tagtigerjare het grondskaarste ingetree, ook in die Noordelike dele van die Kaapkolonie. Van Jaarsveld stel dit dat uitkoms verkry is in 'n voortdurende verskuiwing uit dié dele na die Oranje-Vrystaat. Maar in die negentigerjare het die Vrystaat en Transvaal 'n soortgelyke grond- en wildskaarste ondervind. Dit het landelike verarming in die hand gewerk.[41] Met die sluiting van die Transvaalse grens, die runderpes van 1896 en die Tweede Vryheidsoorlog is alle grense vir die Afrikaanse pionier gesluit en is hy *'op homself teruggewerp'*. Ná 1902 is daar slegs 'n terug-trek na nuwe bestaansbronne - 'n terug-trek na *"opeengehoopte samelewings in stede en dorpe wat uitkoms bied in die vorm van ongeskoolde arbeid wat handearbeid vir 'n baas sou impliseer"*.[42] Dit sou 'n revolusie vereis in die tradisionele bestaanswyse en alles wat daarmee gepaard gegaan het. Die Boere van Suid-Afrika het nou 'n nuwe fase in hul leefwyse betree ná tweehonderd jaar van nomadiese, vrye boerelewe.[43] Die drang tot vryheid en beweging - roersele wat oor duisende jare in die gees van die Westerse mens geleef het - maar ook bodembesetting as lewenstog, het die fisiese horisonne van die Afrikaanse mens bepaal. Met die proses van verstedeliking wat in die twintigste eeu begin en steeds voltrek word, is die totale omgewing van die Afrikaanse mens deur 'n menigte faktore ingrypend verander en vergroot. Volgens Van Jaarsveld was sy verandering van lewenswyse deur verstedeliking in vergelyking met ander Westerse volke, laat en asemrowend snel.[44] Die verskil lê daarin dat die stede waarheen hy hom begewe het, nie sy eie skepping was nie. Ekonomies en kultureel was dit aan hom vreemd - hulle was die uitvloeisel van 'n kapitalistiese geldekonomie en is aangelê deur Engelstaliges wat ook bestaande stede en dorpe se karakter omvorm het. Boonop het die Afrikaner se trek na die stede met 'n nog groter trek gepaard gegaan - dié van die plattelandse Swartes, Kleurlinge en Asiërs. Daardeur het verskeie samelewings ineengevloei en ekonomies geïntegreerd geraak.[45]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die proses van verstedeliking word die Afrikaanse volk oplaas deur die invloed van die Europese nywerheidsomwenteling gekonfronteer. Maar die nywerheidsomwenteling in Suid-Afrika is nie - soos in ander gevalle - deur 'n landbouomwenteling voorafgegaan nie.[46] In Suid-Afrika gebeur net die teenoorgestelde, met verreikende gevolge vir die landbou en die benutting van die bodem. Landboubeoefening in die 20ste eeu as voortsetting van 'n landelike kultuuraktiwiteit binne konstante fisiese maar uitgeskowe geestelike horisone, moet noodwendig geraak word deur die opkoms van veral die tegniek, asmede die kapitalistiese markekonomie waarby die produksie van voedsel en vesel vir die mensemassa uiteraard betrek is. Van belang in dié verband is die feit dat in Suid-Afrika, miskien meer as in ander gevalle van Wes-Europese kolonisasie, die pioniers se nageslagte die armes van die land was ná die bodembesettingsfase.[47]

In die lig van die funksionele beskouing oor kultuur as beleid,[48] wil dit voorkom of die radikale ingryping van eksterne, vreemde magte op die ontplooiing van die Afrikaner se kultuur, 'n haas kritieke breuk in die spontane proses van gestaltegewing meegebring het. In plaas daarvan dat die Afrikaanse mens ná die besetting van die bodem 'n eie beslag aan die oorgang van die *"oorspronklike"* fase van bodembesetting en fisieke oorlewing na dié van produksie kon gee, is hy besonder snel in 'n voldonge, vreemde situasie van produksie en industrialisering gedwing. Op dié wyse het daar 'n gaping in die Afrikaner se *"leerproses"* binne die nuwe fisiese horisonne ontstaan wat bepalend op sy verhouding tot sy totale omgewing sou inwerk. Die *"verruiming van die wêreldbeeld"* wat volgens Van Peursen dié fase begelei,[49] het óf in gebrokenheid óf onvolledig plaasgevind - in elk geval nie spontaan nie.

Dit is 'n uitgemaakte saak dat nie slegs die ontplooiing van die nuwe volk se kultuur nie, maar ook die benutting van die Suid-Afrikaanse bodem as sodanig, deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed is vanaf 1652 tot die hede. Die totale bodem van die land is uit die aard van die verskillende bodembesettingspatrone op uiteenlopende wyses deur die optrede van die mens geraak. Daarby is dié proses nie slegs deur die Afrikaanse boer voltrek nie, maar sedert 1806 ook deur Engelstalige boere, hoewel laasgenoemde op sy meeste waarskynlik net 10 persent van die totale boerebevolking van Suid-Afrika uitgemaak het. Op grond van dié en ander klaarblyklike oorwegings sal die studietema grondliggend op die Afrikaanssprekende boer betrekking hê.

Die Afrikaanse mens het met die besetting van die Suid-Afrikaanse bodem, patrone van menslike aktiwiteit en waardes ontwikkel wat nie net die ontplooiing van die landelike kultuur beslissend beïnvloed het nie, maar wat in sowel die proses van aanpassing as in die huidige vergrote totale omgewing van die Afrikaanse volk, deurslaggewend op 'n 'nuwe' kultuurstrategie sou inwerk. Hoewel hy in die ontplooiing van sy eie kultuur van die inhoud van die Wes-Europese kultuur moes afwerp, het hy nie slegs ten opsigte van die boereplaas, die Afrikaanse taal en die godsdiens aan 'n eie leefwyse gestalte gegee nie. Op ander kultuurterreine soos die staatkunde, die politiek, verdediging, die regte en die kunsvorme het hy teen wisselende tempo maar oplaas op besliste wyse, gestalte - soms veredelende gestalte, soos in die poësie - aan 'n Afrikaanse siel gegee wat dit omomwonde binne die gemeenskap van Westerse volke as entiteit binne eie reg na vore laat tree het.

Deur verstedeliking, die opkoms van die wetenskap en die tegniek, die kapitalisme en sy invloed op (onder meer) die volkestruktuur en volkereverhoudinge, is die Afrikaner nie net tot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

aanpassing gedwing nie; hy is ook gedwing om sy begrip van kultuur te verbreed, veral in die lig van sy snelle en omvattende verstedeliking. Die stadslewe in Suid-Afrika het reeds 'n sterk Afrikaanse inslag gekry en die stadsinvloed werk ook kragtig deur na die dorpe en die plase.[50] Soos in Hoofstuk 1 aangedui moet ook die Afrikaanse gemeenskap hom in sy kultuurstrategie rekenskap gee van sy verantwoordelikheid jeens sy eie of andere se maaksels wat vandag deel van sy totale omgewing uitmaak. In dié verband hoef hy nie na 'n kategoriese grootheid te soek nie - sy sedelike verantwoordelikheid, sluitstuk vir elke kultuurstrategie, is gefundeer in die Westerse Christendom, en wel in die vorm van die Calvinisme. Volgens Dreyer[51] wek die Calvinistiese interpretasie van die Bybel steeds by die Afrikaner die geloof in die goddelike beskikking oor die ontstaan en lot van sy volk; die leiding van God in die geskiedenis van die volk; die uitverkiesing en roeping van die Afrikaner tot 'n bepaalde taak; wek dit ook 'n toekomsgerigtheid: hy glo dat die trek nog voortgaan. Soos Van Jaarsveld dit stel: *"Deur die eeue het hy aanpassings gemaak en talle eksistensiële krisisse oorleef. As Calvinis gaan hy as stadsmens die toekoms tegemoet in die wete: God regeer."*[52]

Die vraag is nou watter plek die bodem en alles wat daarmee gepaard gaan, in die Afrikaner se kultuurstrategie beklee. 'n Problematiek rondom die benutting van die bodem is aangedui. Daar is ook aangetoon dat sake soos die bodem as eiendom, die bodem as privaatbesit, benutting van die bodem ter wille van die inhoud van die menselewe op aarde, binne die sfeer van die sedelike verantwoordelikheid lê. Bygevolg sal vernietiging van die bodem eweneens dáár tuishoort - in wese 'n kortsluitingsmoment in die mens se verhouding tot God by wie die uitsluitende eiendomsreg van die bodem berus. Binne die totale omgewing dring die problematiek van bodemvernietiging hom dan ook aan die gemeenskap op as kardinale moment wat onvermydelik 'n verantwoordelikheidsdimensie binne die kultuurstrategie opeis. Dit impliseer dat die mens, die gemeenskap, hom moet verantwoord ten opsigte van die welsyn van die bodem in die lig van sy aanvaarde sedelike beginsels.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# *VERWYSINGS*


1. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 3.
2. TOYNBEE, ARNOLD J., **Civilization On Trial**, Oxford University Press, 1953, p. 152.
3. Idem, p. 154.
4. Idem.
5. Idem, p. 155.
6. DREYER, P.S., **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 7.
7. OBERHOLZER, C.K., **Die Aandeel van Opvoeding en Onderwys in die oordrag en bestendiging van die Westerse kultuurwaardes; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 74.
8. TOYNBEE, ARNOLD J., **Civilization On Trial**, Oxford University Press, 1953, p. 157.
9. SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?**, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, p. 12.
10. SCHUBART, WALTER., **De Komende Europeesche Mensch**, Uitgeverij De Librije, Haarlem, p. 20.
11. SPIES, F.J. DU TOIT., **'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy Kultuur gehad het; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 33.
12. DREYER, P.S., **Tipering van Afrikanerskap; Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 39.
13. Idem, p. 40.
14. SCHUBART, WALTER., **De Komende Europeesche Mensch**, Uitgeverij De Librije, Haarlem, p. 17.
15. Aangehaal deur SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?**, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, p. 61.
16. Idem, p. 65.
17. HYAMS, EDWARD., **Soil and Civilization**, Thomas and Hudson, London/New York, 1952, p. 31.
18. DREYER, P.S. **Die grondslae van die Westerse leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 3.
19. VAN DER WESTHUYZEN, H.M., **Die Gestalte van die Westerse leefwyse by die Afrikaner; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 48.
20. Idem, p. 49.
21. SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?**, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, p. 70.
22. VAN JAARSVELD, F.A., **Die Afrikaner se Groot Trek na die Stede 1886-1976; Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 162.
23. SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse volk 'n toekoms**, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, p. 71.
24. Idem, p. 75.
25. Idem.
26. Idem, pp. 75/76.
27. Idem, p. 76.
28. BURCHELL, W.J., **Travels in the Interior of South Africa**, Vol. 11, London, 1822, p. 32.
29. VAN JAARSVELD, F.A., **Die Afrikaner se Groot Trek na die Stede 1886-1976; Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 164.
30. Idem.
31. Idem, p. 165. My kursivering.
32. Idem, p. 163.
33. DREYER, P.S., **Tipering van Afrikanerskap; Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, p. 42.
35. VAN JAARSVELD, F.A., **Die Afrikaner se Groot Trek na die Stede 1886-1976; Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 166.
36. Idem, pp. 165/166.
37. Idem, p. 166.
38. Idem, p. 168.
39. Idem.
40. Idem.
41. Idem, p. 170.
42. Idem.
43. Idem, pp. 170/171.
44. Idem, p. 162.
45. Idem.
46. Idem, p. 162.
47. DREYER, P.S., **Tipering van Afrikanerskap; Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 46.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

48. VAN PEURSEN, C.S., **Cultuur in Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 160.
49. Idem, p. 163.
50. CRONJE, G., **Sosiologiese Faktore in die Westerse Kultuurontwikkeling en Kultuurbevordering in Suid-Afrika**; **Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963, p. 103.
51. DREYER, P.S., **Tipering van Afrikanerskap**; **Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 41.
52. VAN JAARSVELD, F.A., **Die Afrikaner se Groot Trek na die Stede 1886-1976**; **Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**, onder redaksie van P.G. Nel, H.A.U.M., Pretoria-Kaapstad, 1979, p. 239.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# AFDELING 3

# DIE TOEPASSINGSVELD

## HOOFSTUK 4

## MENS EN BODEM: WISSELWERKING TUSSEN TWEE GEMEENSKAPPE

*Inleiding*

In vorige hoofstukke is 'n beeld verkry van die mens as redelike en sedelike wese; die mens wie se bewerking en veredeling van die wêreld om en in hom, neerslag vind in wat ons kultuur noem; die dinamiese mens wat altyd weer op sy omgewing ingryp; die skeppende Westerse mens wat telkens sy eie maaksels moet verantwoord; die mens as uitsonderingswese aan wie die bodem toevertrou is om te bewerk en te bewaak ten einde die menselewe op aarde in stand te hou; die Christenmens as rentmeester vir wie die sedelike grootheid in sy verantwoordelikheid teenoor God geleë is.

Teen die agtergrond van die voorafgaande afdelings en in die lig van dié studietema, word die spesifieke verhouding: Afrikaanse mens tot Suid-Afrikaanse bodem, nou aan die orde gestel. Binne die konteks van dié studie het die begrip *"bodem"* 'n besondere betekenis. Bodem word nie opgevat as 'n lewelose versameling van minerale- en organiese deeltjies nie maar as 'n omvattende biologiese, organiese en lewende entiteit. Bodem is inderdaad grond wat deur die plante wat daarop groei, voltooi word en wat van dié plante lewe en krag ontvang vir (selfs onbeperkte) voortbestaan. *"They, as much as the mineral particles, the organic particles, the humus, the bacteria, the water, the gases, the fungi, the earthworms, are components of the process, the life-system called soil."*[1] In sommige grondgemeenskappe is die dier deel van die totale organisme, die lewende entiteit of samelewing wat hier as *"bodem"* bedoel word. Dié bodemgemeenskap het 'n eie orde, 'n ritme in sy bestaan: *"They disturb the order of things in the service of their existence, and then restore the order by terminating their life. They live by changing the form of matter, but only within such limits that the form can be restored again. In nature, living creatures are so organized that they are unable, however numerous the species within a community, so to damage their environment as to destroy themselves or it."*[2]

Dié samelewing maak deel uit van die mens se totale omgewing, maar die mens is tegelykertyd self deel daarvan. Volgens Hyams: *"As flesh, man is part of the vast, complex and beautiful organism which is life on this planet. The wellbeing and continuance of that organism, or to be more exact, that association of organisms existing in an elaborate symbiotic partnership, depends upon the maintenance of a balance between the parts. It is possible to rearrange the parts within the whole without permanently impairing the balance; but only within certain limits."*[3]

As suiwer natuurwese het die mens net so min mag om die balans te versteur as die ander *'lede'* van die bodemgemeenskap. As jagter en insamelaar van voedsel kan die mens hom maklik



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by die orde en ritme van die bodemgemeenskap inskakel. Maar as die mens dié stadium verbysteek en tot sy eie voordeel op dié gemeenskap ingryp, kan hy die balans in die bodemgemeenskap ernstig versteur.[4] In die hele wêreld wat deur die mens beset is, was daar slegs enkele bodemgemeenskappe wat só sterk was dat hulle die mens oor lang tydperke kon onderhou, selfs in omstandighede van uitbuiting. Voorbeelde van sulke gemeenskappe is die riviersisteme van die Nyl, die Eufraat-Tigris, die Indus en die Hwang-ho - bodemgemeenskappe wat hulle krag behou het deur as't ware ander bodemgemeenskappe te parasiteer.[5]

Daar is reeds gewys op Blumenstock en Thornthwaite se beskouing dat die bodem (grond en plantegroei) saam met klimaat, die lewe en beskawing van die mens bepaal. Oor die patroon van die drietal klimaat, plantegroei en grond, skryf hulle: *"When the three patterns are laid one upon another, their boundaries coincide to a remarkable degree because climate is the fundamental dynamic force shaping the other two."*[6]

Dit is aangewese dat die faktore: klimaat, plantegroei en grond ten opsigte van Suid-Afrika kortliks toegelig word ten einde die fisiese horisonne van die Afrikaanse volk se Umwelt met betrekking tot die bodem, te tipeer. Brooks[7] wys daarop dat die klimaat van die wêreld nie konstant is nie. Klimaatveranderinge vind voortdurend plaas - veranderinge wat gewoonlik een of meer dele van die aarde beïnvloed. Op dié wyse is tye van goeie reënval en welige plantegroei opgevolg deur tye van min of geen reënval, wat groot gebiede in woestyne verander het. 'n Betreklik resente voorbeeld hiervan is die omskepping van koringlande, wingerde en olyfboorde van Carthago in die tydperk van die Romeine tot woestyn deur die Sahara-sand teen 400 n.C.[8] Daar is aanduidings dat die wisselwerking tussen klimaat, plantegroei en grond in suider-Afrika in die verre verlede 'n heel ander aanskyn had as wat tans waargeneem word. Die plantegroei wat vandag in Suid-Afrika aangetref word, is volgens Acocks primêr die resultaat van plantmigrering oor 'n tydperk van miljoene jare.[9] Plantkundiges voer aan dat die gebied van Caledon in die suide tot die Limpopo in die noorde, vroeër 'n uitgestrekte woud was.[10] Die rykdom aan steenkool word as bewys hiervoor aangevoer. Dit blyk ook dat die klimaat van Suid-Afrika sedert die jongste geologiese tye aansienlik gewissel het. Van Riet Lowe[11] sê in dié verband: *"All available archeological evidence indicated that the desert was encroaching on South Africa and would continue to do so for some time. South Africa was passing through another period of desiccation .... The Kalahari Desert had at one time extended as far as the Victoria falls and well into central Transvaal and the Free State. Several deep deposits of windblown Kalahari sand in these areas provided unmistakable proof of more than one period of encroachment during pre-historic times."* Hieraan gemeet moet die tydperk van 1652 af tot die hede as 'n asemstoot beskou word - **tog konstateer Acocks dat hoewel plantmigrering in Suid-Afrika oor miljoene jare plaasgevind het, die plantbedekking van die land soos dit tans daar uitsien, hoofsaaklik die invloed van die mens se ingryping oor die afgelope 300 jaar, maar veral die afgelope eeu, vertoon.**[12] Wat die land se reënval betref het wetenskaplikes al die bekende metodes van reënvalmeting bestudeer in 'n poging om 'n patroon te vind wat 'n reëlmatige verloop tussen nat en droë jare sal aandui.[13] Theal het die uitvoer van koring uit die Kaap in die jare 1698 en 1819 nagegaan ten einde goeie oesjare vas te stel; die opgawes van alle reënmeters in Suid-Afrika is bestudeer om te bepaal of die reënval verminder of vermeerder het. Die watervlak van die Vaalrivier is op 'n maandgrondslag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 1923 tot 1963 bestudeer as maatstaf vir die reënval in dié dam se opvanggebied.[14] Al dié pogings het nog nie tot die vasstelling van 'n reënvalpatroon gelei nie. Die raaisel van droogtes en oorstromings bly vir die mens onopgeklaar.

*Beeld van ingryping op die Suid-Afrikaanse bodem*

In die lig van die voorafgaande en in die lig van die bodembesettingspatroon soos in Hoofstuk 3 aangedui, is dit nie vreemd dat die eerste omvattende beeld van die mens se ingryping op die Suid-Afrikaanse bodem, op die weivelde van die land betrekking het nie. Dit is ewe min vreemd dat die noodsaak om gestalte aan dié ingryping te gee, hom eers twee dekades ná die finalisering van die fisiese horisonne en die gedwonge vestiging van die pionier of sy nageslag binne dié grense, aan die mens opgedring het. En dit was juis die bepalende uitwerking van klimaat wat die situasie op die spits gedryf het: droogte.

Die *"Droogte Ondersoek Kommissie"* is in 1920 deur die regering van Suid-Afrika aangestel om oor die volgende verslag te doen:

*"(1) Metodes wat kan dien om verliese, wat gely word deur boere in die droër dele van die Unie en wat veroorsaak word deur periodieke droogtes, te voorkom deur middel van, òf publieke, òf private optreding; en in besonder ook uit te vind of enige verandering van boerderymetodes nodig is om die genoemde doel te bereik.*

*"(2) Enige algemene verbeterings in boerderytoestande aan te bring soos b.v. voorsiening te maak vir meer water, die voorkoming van grondverspoeling en enige ander saak wat in noue verband staan met punt 1.*

*"(3) Die beste metodes wat kan dien om armoede, wat deur sulke verliese teweeggebring word onder die boerebevolking, te bestry.*

*"(4) Die aankweek van geskikte veevoedsel soos b.v. verskillende grassoorte, ens."*

Die aanstelling van die Kommissie is kennelik die gevolg van 'n negatiewe wisselwerking tussen die mens en die faktore: klimaat, plantegroei, grond. Die aanstelling geskied binne die raamwerk van 'n nuwe staatkundige bedeling waarin die voormalige kolonies en Boererepublieke tot 'n staatkundige eenheid saamgesnoer is sedert 1910. 'n Nuwe gemeenskap is aan die ontwikkel waarvan die plaas slegs een van vele momente is. Die gebruikers van die bodem wat by die ondersoek betrokke is, is hoofsaaklik nasate van die pioniers.

Die opdrag en die uiteensetting daarvan, dui op momente van 'n strategie ten behoewe van die welvaart van die mens as boer en die aanvaarding van verantwoordelikheid daarvoor deur die staat. Dié strategie behels onder meer stappe deur middel van die tegniek om die bodem wat tot die mens se beskikking is, tot sy voordeel in te span en dit desnoods ter wille daarvan tot produktiewe eenheid te herstel. Van 'n uitgesproke verantwoordelikheid van die kant van die bodemgebruiker teenoor die bodem, is daar in die opdrag as sodanig nie sprake nie, hoewel die welsyn van die bodem as ekonomiese faktor geïmpliseer word. Die resultate van die ondersoek en die Kommissie se bevindinge en kommentaar bevat egter 'n duidelike heenwysing na 'n sedelike beginsel.

In die inleiding tot die voorlopige verslag vat die Kommissie die slotsom van sy indrukke soos volg saam: *"Dit is onnodig vir u Kommissie om hier te wedywer met verskeie skrywers wat*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*alreeds met behendige pen en meesterlike bekwaamheid 'n afskildering gegee het van die donker en afgryslike toekoms wat ons land tegemoet gaan as ons langer toelaat dat die kwaad so ongehinderd voortwoeker. Die naakte waarheid, sonder die hulp van redenaarskuns, is alreeds akelig genoeg en die logiese uitslag van dit alles is* **'Die Groot Onbewoonbare Suid-Afrikaanse Woestyn'."**[15]

Bodemvernietiging word hier eksplisiet as *"kwaad"* geïdentifiseer, en een van die eerste gevolgtrekkings van die Kommissie stel dit duidelik dat bodemvernietiging regstreeks aan die ingryping van die mens gewyt moet word: *"Geen bewys is gelewer dat die gemiddelde jaarlikse reenval van die Unie aanmerklik verander het gedurende resente historiese tye, en dit word as onwaarskynlik beskou. Volgens die bewering van baie getuie is daar wel 'n verandering gekom in die geaardheid van ons reenval gedurende die laaste twintig of dertig jaar. Geen syfers is ingedien wat hierdie bewering staaf of weerlê nie, maar dit is bes moontlik. Daar is niks om te bewys dat so 'n verandering (as dit bestaan) permanent of alleen van tydelike aard is. Terwyl die gemiddelde jaarlikse reenval dus onverander bly,* **is sy ekonomiese waarde in groot mate verminder deur veranderinge in die natuurlike eienskappe van die landoppervlakte waarvoor die Mens verantwoordelik is.** *In hierdie verminderde bruikbaarheid van ons reenval lê die geheim van ons 'Droogtes'."*[16]

In 'n spesifieke verwysing blyk dit volgens die Kommissie, *"dat, ten gevolge van toestande veroorsaak deur die blanke bevolking van Suid-Afrika, die waterhoudende vermoë van die landoppervlakte in algemeen baie verlaag is, dat die netwerk van slote wat die water afvoer see-toe baie vermeerder en vergroot is."*[17]

Bykans alle bevindinge van die Kommissie dui op 'n versteuring van die balans in die bodemgemeenskap deur die mens. Hoewel dit duidelik is dat baie van die mens se handeling op hom afgedwing is deur faktore buite sy beheer, noem die Kommissie konkrete voorbeelde van handelinge deur die mens waarvan hy nie losgemaak kan word nie. Die Kommissie stel dit dat hoewel die meeste boere daarvan bewus is dat droogtes periodiek voorkom, slegs enkeles 'n beleid gevolg het waarvolgens kos vir diere opgeberg is vir gebruik in tye van voerskaarste. Die Kommissie verwys na *"die byna algemene gewoonte om plase te oorstok en nalatigheid om voorsorg te maak vir 'n droogte."*[18]

Dieselfde faktore wat droogteverliese veroorsaak is betrokke by die erosie-aspek van bodemvernietiging. Twee fasette van erosie word onderskei: erosie van veld en erosie van landerye. Die Kommissie bevind dat erosie van landerye nog nie ernstige afmetings aangeneem het nie.[19] Die teenoorgestelde is egter waar van velderosie, wat op drie maniere kan plaasvind: erosie van die oppervlakte deur wind; erosie van die oppervlakte deur water; spoel van dongas of slootvorming. Die Kommissie beskou oppervlakte-erosie as die vorm wat die grootste bedreiging inhou: *"Dit is 'n euwel wat onopgemerk aankruip soos 'n dief in die nag,* **en ons van ons nasionale bate beroof."**[20] Hiermee word die erosie-aspek van bodemvernietiging binne die waarde-oordeel van die gemeenskap betrek; word die Kommissie verder genoop om die bodem as beperkte produksiemiddel te identifiseer, wat deur die Christelik-etiese beskouing van die ekonomie, as moment in die wisselwerking tussen middele en ondernemersmoontlikhede aangemerk word.[21] Met sy daaropvolgende opmerking verplaas die Kommissie die probleem van bodemvernietiging na die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sedelike sfeer: **"Terwyl dus die grond 'n beperkte hoeveelheid is, is ons moreel en ekonomies verplig om dit te bewaar."**[22] Die bodem word beskou as die land se grootste bate, die uiteindelike bron van alles waarmee die stoflike behoeftes van die gemeenskap bevredig moet word. Die resultaat van die ondersoek lei die Kommissie tot 'n besinning oor die wisselwerking tussen die mens en die bodemgemeenskap: *"As die natuur aan sigself oorgelaat word dan reël hy 'n toestand van ewewig tussen die verskillende faktore, reenval, afloop, grond, ligging, helling, en plantegroei geskik vir die klimaat. Sodra die Mens opdaag en die ewewig omverwerp deur die plantgewasse van die veld te verniel, ontstaan daar moeilikhede."*[23]

Twee van die Kommissie se bevindinge het regstreeks betrekking op 'n strategie wat in 'n aanvaarding van verantwoordelikheid jeens die bodem gefundeer is - verantwoordelikheid wat sowel die individu as die gemeenskap betrek. Die Kommissie bevind onder meer: *"Dat opleidingswerk nou baie noodsaaklik is om die individu te beweeg sy pligte uit te voer; dat 'n swaar verantwoordelikheid op die Staat rus om verkwisting van ons natuurlike bronne van bestaan te voorkom."*[24]

Die weerspieëling van die pligbeginsel in die Kommissie se bevindinge en kommentaar, word gerugsteun deur getuienis wat skriftelik aan die Kommissie voorgelê is. W.G. Dowsley[25] se memorandum vang soos volg aan: *"Die Wetenskap van Staathuishoukunde leer ons dat die grond 'n oorspronklike gif is wat aan die mensdom gegee is en, uit die Heilige Skrif, verneem ons dat by die vroegste Openbaring van die Opperwese aan die mens daar reeds 'n bevel was om die grond te onderwerp. Om dus die beste gebruik te maak van die groot gawe wat daar in Moeder Aarde opgesluit lê is nie alleen 'n godsdienstige plig nie, maar dit staan ook onmiddellik in nouer verband met die lewe dan enig ander menslike belange, en steeds word die gewaarwording sterker dat van 'n verbeterde gebruikmaking van die grond die bestaan van die mensdom moet afhang."*

Mather Smith[26] verbind kennis van die natuur en die bodem aan vaderlandsliefde: *"Ware vaderlandsliefde moet aan die kinders geleer word inplaas van (soos nou) 'n negatiewe en valse patriotisme."*

Dit word nie ter sake geag dat die tegniese besonderhede van dié Kommissie se bevindinge in verband met droogtes en die probleem van bodemvernietiging hier behandel word nie. Aspekte van die bodemgebruiker se handelinge wat vir dié studie relevant is, word genoegsaam in die bevindinge en kommentaar binne tersaaklike verband aan die man gebring.

Die effek van die wisselwerking tussen die mens en die bodemgemeenskap op die bodem, is aangetoon en bevat in wese aanduidings van dié wisselwerking se effek op die mensegemeenskap. Die opdrag aan die Kommissie in verband met die bestryding van armoede onder die boerebevolking hou hiermee verband. Die vraag is: in watter mate het die gevolge van die agteruitgang of vernietiging van die bodem as droogte-meeloper, tot die armoede van die gemeenskap bygedra en, indien wel, of dit tot die grootskaalse toestroming van armblankes na die stede gelei het.

In sy voorlopige verslag dui die Kommissie aan dat dit *"uiters moeilik is om armoede wat deur droogteverliese ontstaan het, af te skeie van armoede wat deur ander oorsake bewerkstellig is."*[27] Die ontvolking van die Kaapse Middelland oor 'n tydperk van 56 jaar, is, volgens die Kommissie, *"te wyte aan veldverval en dat die kapasiteit van daardie distrikte nie langer instaat*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*was om dieselfde hoeveelheid vee en mense, as voorheen te dra nie."*[28] Aan die ander kant is die bevinding dat, *"hoewel die emigrasie van 'n distrik miskien mag dien as 'n indikasie van die aantal arme blanke wat so 'n distrik opgelewer het, bestaan daar tog baie min verwantskap tussen die emigrasies vir die periode 1918-21 en die droogteverliese van 1919."*[29] Hoewel die finansiële verliese weens droogtes as sodanig nie met die ontvolking van die landelike gebiede in verband gebring word nie, is die invloed van droogtes en bodemvernietiging op die verarming en algemene agteruitgang van die boerebevolking, duidelik aangetoon. Die probleem van menslike armoede en alles wat daarmee saamhang, is op dié besondere tydstip aan 'n verskeidenheid faktore gewyt: droogtes, hael, ontydige ryp, jakkalse (wat gelei het tot die stelsel om skape in krale te laat oornag, met die gevolglike uittrapping van die veld), siektes van vee en plante, die Eerste Wêreldoorlog, die Rebellie, stakings, depressie, plase wat in te klein eenhede onderverdeel is, buitensporige grondpryse, gebrek aan opleiding en landbou-onderwys, probleme om produkte lonend te bemark. Bykans alle ondersoeke in verband met die landbou wat hierop sou volg, sou een of meer van dié faktore as aanleidende oorsaak hê.

Hoewel die uitwerking van bodemvernietiging op die mensegemeenskap nie binne 'n enkele gevolg saamgetrek kon word nie, blyk dit dat dié uitwerking telkens deur klimaat op die spits gedryf word in die gedaante van 'n sogenoemde rampdroogte wat nie slegs die boeregemeenskap ingrypend raak nie maar die hele volkshuishouding.

*Strategie vir Bodembenutting: grondslag vir boerewelvaart*

Die verslag van die *"Droogte Ondersoek Kommissie"* (1923) gee die eerste betreklik omvattende beeld van die toestand van groot gedeeltes van die Suid-Afrikaanse bodem sedert die besetting daarvan deur die Westerse mens. Hoewel dit nie 'n poging was om die benutting van die bodem deur die Afrikaanse boer in historiese perspektief te plaas nie, had die Kommissie tog beduidende gedeeltes van die tradisionele boerderygebiede van die Afrikaanse gemeenskap as ondersoekveld, en kon die gevolge en invloed van menslike ingryping oor 'n tydperk van 300 jaar op dié dele van die totale bodem, aan die lig gebring word. In dié proses is onder meer die wisselwerking tussen die mens en die bodem aangetoon; die bodem is as beperkte produksiemiddel geïdentifiseer; sedelike verantwoordelikheid van sowel die individu as die gemeenskap teenoor die bodem is aan die orde gestel.

In die lig van die voorafgaande kan die aanbevelings van dié Kommissie dan beskou word as die eerste poging om binne die fisiese horisonne van Suid-Afrika 'n strategie vir die benutting van die bodem te formuleer. Uit die aard van die Kommissie se opdrag sal die aanbevelings verband moet hou met die voorkoming van finansiële verliese weens droogte; tegnieke om boerderytoestande as sodanig te verbeter; die bestryding van armoede onder die boerebevolking. Dit is nie aangewese dat die aanbevelings van die Kommissie in besonderhede nagegaan word nie, maar met die oog daarop om die *'gestalte'* van die beoogde bodembenuttingstrategie te kan peil, sal die aanbevelings in hooftrekke aangestip word.

In paragraaf 564 van die finale verslag dui die Kommissie self aan dat die strategie vir die toekoms nie uitsluitend op die plaaslike situasie gerig is nie. Die blik word na buite, op die toenemende wêreldvraag na voedsel, gerig; die Kommissie het deelname aan die internasionale



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voedselmark op die oog. Sy visie is gefundeer in die beskouing dat *"die behoorlike ontwikkeling en bewaring van die hulpbronne van die grond, die allervernaamste bron is waarvan alle lewe op aarde afhanklik is."*[30] Die problematiek van voedselvoorsiening wortel in die feit *"dat die hulpbronne van die grond in baie dele van die wêreld, nie meer instaat is om tred te hou met die vermeerdering van die bevolking van die aarde nie."*[31] In die toekoms sal die voedselskure van die *'Ou Wêreld'* verskuif na die *'Nuwe Wêreld'* waarvan Suid-Afrika deel is. Suid-Afrikaners word dan gemaan om hulle huis in orde te bring; hulle moet hulle *"in gereedheid hou en bekwaam maak om hulle man te kan staan en te profiteer as die dag aanbreek ...."*[32] Die internasionale kapitalistiese markekonomie skemer minstens in die agtergrond as moontlike middel om welvaart vir die Suid-Afrikaanse boer te bekom. Dié doelwit is egter deel van 'n langtermynstrategie; die verligting van die onmiddellike nood is hoofsaak op dié bepaalde tydstip.

Met die oog op die Suid-Afrikaanse situasie pleit die Kommissie onder meer dat die land se boere hulle in 'n ware landboubedryfsgemeenskap organiseer: *"Die gebrek aan 'n behoorlike organisasie .... belet hulle .... om as een liggaam bymekaar te staan en hulle eie welvaart te bevorder."*[33] Hoewel die Kommissie hom besonder sterk oor die erosie-aspek van bodemvernietiging uitspreek, en die bewaring van die bodem as morele prinsipe postuleer, ag hy dit nie gerade om wetgewing in verband daarmee aan te beveel nie. Die verwysing na bewaring as *"morele plig"* omgewe egter die Kommissie se aanbevelings, hoewel geen aanbeveling op die gestaltegewing daarvan as sedelike grootheid gemik is nie. Daarom wentel die meeste aanbevelings om die instandhouding of herstel van die bodem as produksiemiddel. In dié verband bepleit die Kommissie dat die staat sy verantwoordelikheid ten opsigte van die voorkoming van bodemvernietiging aanvaar, hoofsaaklik op grond van die ekonomiese plig. Navorsing oor veldbestuur, stelsels van beweiding, die invloed van veldbrande op weiveld, die beheer van skadelike plante, weerkunde en droogtevoergewasse, word as plig van die staat aangedui, gerugsteun deur finansiële hulpmaatreëls soos subsidies, die bestryding van grondverspoeling en die verskaffing van voorligting en inligting aan boere.[34]

Wat die individuele boer betref word besondere klem op die onderwys en opvoeding gelê, veral met betrekking tot die toepassing van verbeterde boerderypraktyke. In dié verband merk die Kommissie op: *"Die hele Rapport van u Kommissie krioel met voorbeelde van die noodsaaklikheid vir die boer om te help (as hy wil) om die droogteverliese te ontwyk of te verminder .... Die boer moet selfstandig optree. Boerdery is die toepassing van 'n groot aantal van ingewikkelde natuurwetenskappe en dit is van die korrekte toepassing van hierdie wetenskappe wat die grootste sukses van boerdery afhang."*[35]

Wetenskaplike kennis en bemeestering van boerderytegnieke tree as basiese toerusting vir die bodemgebruiker na vore, met die beste benutting van die bodem tot die grootste finansiële voordeel, as mikpunt. Hoewel die Kommissie nie 'n klinkklare beleid in verband met die opleiding van boere aan die hand doen nie, verwys dit na die rol van die (plattelandse) skool en die staat, sonder om in te gaan op die rol van die landboukolleges wat toe reeds bestaan het. Dié aangeleentheid word oplaas in die hande van die onderwysowerhede gelaat as moment in die totale opvoedingstrategie van die staat.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een van die belangrikste uitvloeisels van die Kommissie se aanbevelings is die totstandkoming van 'n voorligtingsdiens binne die Departement van Landbou - 'n diens wat saam met die navorsingsaksie, oor 'n lang tydperk die hoekstene vir die owerheid se betrokkendheid by die landbou sou vorm. Die Amerikaanse **County Agent System** het vir die Kommissie as voorbeeld gedien - 'n belangrike meganisme vir kennisoordraging en skakel tussen boer en owerheid in dié land se voorligtingsopset. In dié verband beklemtoon die Kommissie die noodsaaklikheid om wetenskaplike landboukennis onder die hele boerebevolking te versprei. 'n Organisasie waardeur dié kennis regstreeks aan die boer oorgedra kan word, word bepleit: *"Die Kommissie het, tot hulle leedwese, tot die ontdekking gekom dat, oor die algemeen geneem, daar nog 'n baie diep kloof bestaan tussen die boer en die Departement van Landbou, en dit is van die uiterste belang dat hierdie kloof moet weggeneem word."*[36] Dié kloof sou oorbrug moet word deur voorligtingsbeamptes wat landwyd in boeregemeenskappe sou optree as *"distriksinstrukteurs"* en adviseurs. In later jare sou die funksies van die voorligtingsdiens aksentverskuiwings ondergaan, hoofsaaklik onder die druk van die nuwe gestalte wat die wisselwerking tussen die mens en die bodem sou aanneem.

Hoewel die erosie-faset van bodemvernietiging so sterk deur die Kommissie beklemtoon is en kragtige vertoë tot die Kommissie gerig is dat die staat hom konkreet met die voorkoming daarvan moet bemoei, was die Kommissie nie bereid om die vorming van 'n organisasie binne die Departement van Landbou vir die bestryding van gronderosie aan te beveel nie. Die Kommissie beveel wel aan dat die staat sy verantwoordelikheid in verband met dié saak aanvaar, maar stel dit onomwonde ... *"dat dit nie die bedoeling is dat die Staat moet onderneem om slote op te vul nie, maar alleen, dat die Staat stappe behoort te neem om onnodige verkwisting van ons natuurlike bate te voorkom."*[37] Die Kommissie beskou dit as 'n versuim ...*"dat die nodige werk in verband met grondkonserwasie nie in die hande van 'n Staatsdepartement of beampte geplaas was, of ooit op enige ander manier gekontroleer was nie.*[38] Dit val vreemd op dat die probleem van gronderosie, waardeur die Kommissie die hele problematiek van bodemvernietiging na die sedelike sfeer verplaas het, nie tot 'n eksplisiete strategie van bewaring gelei het nie. Die Kommissie beveel trouens aan *"dat 'n bevoegde amptenaar onmiddellik aangestel word om van hierdie sake werk te maak."*[39]

'n Terugblik op die bevindinge, maar veral die aanbevelings van die Kommissie, laat die indruk ontstaan dat die begrip: bodem, nie opgevat is as 'n biologiese, organiese en lewende entiteit waarvan klimaat, plantegroei en grond integrerende onderdele is nie. Indien dié beskouing wel gehuldig is, ontstaan die vraag waarom die inherente balans tussen die lede van die bodemgemeenskap nie as riglyn vir 'n allesomvattende beleid ten opsigte van bodembenutting gedien het nie. In die lig van die opdrag om 'n strategie vir welvaart te formuleer, gee die aanbevelings konkrete gestalte aan 'n beleid wat ekonomiese doelwitte op die oog het, sonder om dié doelwitte met 'n konkrete versorging- of bewaringstrategie te balanseer. Die verwysing na bodembewaring as sedelike verantwoordelikheid bly dan in die onbepaalde steek en verwerf geen konkrete gestalte binne die strategie nie.

Beoordeel teen die agtergrond van Van Peursen se beskouing oor die leerprosesse,[40] dui die verslag en aanbevelings van die Kommissie op 'n situasie wat as 'n toetrede tot die produksiefase



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestempel kan word. Die mens gaan ter wille van produksie toenemend op die natuur ingryp met behulp van die tegniek wat die jong industriële samelewing beskikbaar sal stel. *"Het leerproces van het produceren richt zich steeds meer op de keuze van die middelen, welke de rijkdom vergroten."*[41] Die Afrikaner se situasie van bodembesetting en oorlewing word 'n bykans gedwonge produksiefase met die oog op welvaart binne 'n kapitalistiese markekonomie. Hoewel die gevolge van die mens se ingryping op die beperkte hulpbron aan die lig gebring word, vorm kennis en houding nie momente van 'n allesomvattende verantwoordelikheid nie.[42]

'n Mens kan nie aan die vraag ontkom of die Afrikaanse boer se verhouding tot die bodem, met 'n bepaalde houding jeens die natuur verband gehou het nie. White[43] beweer dat die Christelike houding uitbuiting van die natuur vergemaklik: *"The Christian notion of a transcendent God, removed from nature and breaking into nature only through revelation, removed spirit from nature and allows, in an ideological sense, for an easy exploitation of nature."* Volgens White is 'n boom vir die Christen bloot 'n fisiese feit: *"The whole concept of the sacred grove is alien to Christianity and to the ethos of the West."*[44]

Dié gebroke beskouing van die wisselwerking tussen mens en natuur word deur Schaeffer[45] aan 'n bepaalde Christelike uitkyk gewyt maar hy verwerp White se siening op grond van die Christelike houding sedert die Hervorming: *"The Christianity of the Reformation does give a unified answer, and this unity has meaning ... also in regard to nature. God has spoken. And because God has spoken, there is a unity ... On the basis of God's speaking, we know something truly of both universals and particulars, and this includes the meaning of the particulars and the proper use of the particulars."* In die lig van die *"Droogte Ondersoek Kommissie"* se verslag en aanbevelings blyk dit dat die Afrikaanse mens nie sy Calvinistiese erfenis ingespan het ten einde aan 'n geartikuleerde verhouding tot die bodem in sy strategie gestalte te gee nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*

1. HYAMS, EDWARD., **Soil and Civilization,** Thames & Hudson, London/New York, 1952, p. 23.
2. Idem, pp. 9, 10.
3. Idem, p. 9.
4. Idem, p. 26.
5. Idem, p. 29.
6. Aangehaal deur SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?,** Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, p. 61.
7. Idem, p. 62.
8. ROBERTSON, T.C., **Die Mens en Ons Bodem,** S.A.U.K.-publikasie, 1966, p. 14.
9. ACOCKS, J.P.H., **Veld Types of South Africa; Memoirs of the Botanical Survey of South Africa,** No 40, 1975, p. 4.
10. ROBERTSON, T.C., **Die Mens en Ons Bodem,** S.A.U.K.-publikasie, 1966, p. 13.
11. Aangehaal deur SCHOLTZ, G.D., **Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?,** Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, p. 63.
12. ACOCKS, J.P.H., **Veld Types of South Africa; Memoirs of the Botanical Survey of South Africa,** No 40, 1975, p. 4. My kursivering.
13. ROBERTSON, T.C., **Die Mens en Ons Bodem,** S.A.U.K.-publikasie, 1966, p. 35.
14. Idem.
15. DROOGTE ONDERSOEK KOMMISSIE, **Finale Rapport,** Cape Times Beperkt, Goewerments Drukkers, Kaapstad, 1923, p. 3.
16. Idem, p. 6, par. 32. My kursivering.
17. Idem, p. 6, par. 29.
18. Idem, p. 8, par. 60.
19. Idem, p. 12, par. 105.
20. Idem, p. 12, par. 107. My kursivering.
21. Wurth onderskei die bodem as een van die oorspronklike produksiefaktore (p. 53).
22. DROOGTE ONDERSOEK KOMMISSIE, **Finale Rapport,** Cape Times Beperkt, Goewerments Drukkers, Kaapstad, 1923, p. 13, par. 109. My kursivering.
23. Idem, p. 14, par. 125.
24. Idem, p. 17, par. 153.
25. Idem, p. 162.
26. Idem, p. 199.
27. Idem, p. 72, par. 521.
28. Idem, par. 522.
29. Idem, p. 75, par. 543.
30. Idem, p. 78, par. 543.
31. Idem.
32. Idem.
33. Idem, p. 87, par. 625.
34. Idem, pp. 18-23.
35. Idem, p. 77, par. 556.
36. Idem, p. 29.
37. Idem, p. 21, par. 213.
38. Idem, par. 215.
39. Idem, p. 22, par. 216.
40. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling,** Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 160.
41. Idem, p. 165.
42. Idem, p. 171.
43. WHITE, Lynn., **The Historical Roots of Our Ecologic Crisis,** aangehaal deur SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, p. 18.
44. Idem, p. 19.
45. SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, p. 29.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

## HOOFMOMENT IN 'N BODEMBENUTTINGSTRATEGIE: DIE GRONDBEWARINGSWET

*Inleiding*

Die beëindiging van die pionierfase in die geskiedenis van die Afrikaanse volk; die terugwerping van die pionier op die landelike gebiede wat hy ook om ekonomiese redes wou verlaat; verstedeliking, met die gepaardgaande nywerheidsontwikkeling binne die kapitalistiese geldekonomie, het 'n haas onpeilbare invloed op die bodembenuttingspatroon in Suid-Afrika uitgeoefen. Veel groter eise is aan die bodem gestel; die hele boerderypatroon het ingrypend verander - boere moes hulle op kort kennisgewing aanpas by nuwe toestande van intensiewer boerderymetodes waarvan die meeste weinig ervaring had.[1] Baie grond waarop nie voorheen geboer is nie, is nou in produksie gebring. 'n Uiters belangrike moment van bodembenutting wat ook daarna die problematiek van bodemvernietiging sou omgewe, word só deur Ross aan die orde gestel: *"Daar was baie grond beskikbaar en elkeen het vrylik sy eie metodes van grondbenutting toegepas.* **Die feit dat hy eiendomsreg het, het ook aan hom as eienaar die reg verleen om met die grond te doen net wat hy wou."**[2] Volgens Ross het die uitwerking van dié vryheid van optrede, veral toe dit beïnvloed is deur internasionale handel en mededinging, met verloop van tyd opvallender geword: *"Die boerderypatroon is bepaal deur die eise van die mark eerder as dié van die grond, en al die klem het op produksie geval, sonder om ag te slaan op die kwessie van die bestendigheid van die boerdery. Onder sulke omstandighede was dit haas geen wonder nie dat die vinnig toenemende vraag na landbouprodukte gelei het tot die stelselmatige ooreising van sowel weiveld as saaigrond."*[3] Die bodemgebruiker se handelswyse het dus neergekom op benutting van die bodem *"in stryd met die natuur in plaas van om in harmonie daarmee te wees."*[4] Só lei die mens se ingryping op sy fisiese omgewing tot die vernietiging van die inherente stabiliteit van die bodem. Ross formuleer inherente stabiliteit as *"die natuurlike kombinasie van fisiese, chemiese en biologiese toestande wat die struktuur en vrugbaarheid van die grond bepaal en daarmee ook sy produktiwiteit en weerstand teen erosie."*[5]

Die negatiewe wisselwerking tussen die Westerse mens en die bodemgemeenskap binne 'n bepaalde tydsgewrig word soos volg deur Jacks en Whyte saamgevat: *"Die ongekende ekonomiese vooruitgang gedurende die laaste helfte van die 19de eeu is gevolg deur 'n wêreldwye agteruitgang van die bodem, en daar het sedert 1914 waarskynlik meer grond van die oppervlaktes af weggespoel as in die hele voorafgaande geskiedenis van die mens."*[6]

Die beeld wat in die verslag van die *"Droogte Ondersoek Kommissie"* aan Suid-Afrikaners voorgehou is, het 'n *'gistingsproses'* aan die gang gesit wat hom in verskeie gedaantes tot die hede sou voortsit. Uit die aard van die oorsake wat tot die ondersoek aanleiding gegee het, had die reaksie daarop enkele jare lank hoofsaaklik 'n ekonomiese inslag. In 'n boodskap aan boere in 1928, stel D.F. Malan egter ook boerderybeoefening as plig aan die orde: *"Vir Suid-Afrika sal dit 'n kwade dag wees indien deur kortsigtigheid of gebrek aan vertroue, landbou verwaarloos sou*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*word terwille van ander loopbane ...* **Die boer moet op die land bly en behoort dit te ag as die vervulling van 'n heilige plig teenoor sy vaderland ...** *Nalatigheid aan die kant van die boerebevolking wat betref wetenskaplike en besigheidsmetodes, kan slegs tot gevolge hê hulle uiteindelike verarming en ondergang.*"[7]

Die aanbevelings van dié verslag het onder meer daartoe gelei dat die staat se insette ten opsigte van landbounavorsing, voorligting en onderwys, aansienlik uitgebrei is. Wat die erosie-faset van bodemvernietiging betref, het dit uitgeloop op die *"Konferensie oor Gronderosie"* van 1929 - 'n geleentheid *"om 'n vrye bespreking en gedagtewisseling te hê tussen verskillende Staatsdepartemente en ander liggame wat met die gronderosievraagstukke te doen het, en om geskikte planne van optrede uit te werk waarmee die vraagstuk doeltreffend die hoof gebied kan word."*[8] Die behoefte aan 'n afsonderlike organisasie om gronderosiesake te behartig, word nogmaals uitgespreek, asook die toekenning van geldelike hulp aan boere met die bestryding van erosie. 'n Jaar later word die Adviserende Gronderosieraad in die lewe geroep. Dié raad het slegs drie jaar lank bestaan, maar sy aanbevelings het daartoe gelei dat 'n aantal gronderosieskemas in 1933 van stapel laat loop is. Ook waterbewaring het nou ernstige aandag geniet en wetgewing in dié verband had goeie gevolge, onder meer omdat dit saamgeval het met die wydbekende tragedie van die Amerikaanse *"Dust Bowl."*

Al die afsonderlike pogings sedert 1923 om gestalte aan 'n bewaringstrategie te gee, het gelei tot die instelling van die Afdeling Grond- en Veldbewaring in 1939. Dié Afdeling is belas met die beheer en koördinering van alle werksaamhede op die gebied van weidingnavorsing, onkruiduitroeiing en erosiebestryding.[9] Hoewel die Tweede Wêreldoorlog nie al die nuwe organisasie se pogings gekortwiek het nie, het dit veroorsaak dat die verwagte praktiese vordering uitgebly het. Tog was dit juis gedurende die oorlogsjare dat daar in verband met die problematiek van bodemvernietiging besef is dat *"kragdadige staatsoptrede nodig was op 'n skaal baie groter as enigiets wat tot dusver aangepak is, ten einde die landbouhulpbronne van die land te bewaar en om te verseker dat dit in die boerderypraktyk op 'n rasionele wyse benut sou word."*[10]

*Grondslag vir 'n strategie: die Gewete*

Dit is nie moontlik en ook nie ter sake, dat al die oorsake daarvan nagegaan word nie, maar die Suid-Afrikaanse gemeenskap het hom gedurende die Tweede Wêreldoorlog soos nooit tevore nie, bewus geword van sowel die betekenis as die gevaar van bodemvernietiging. *"Voor 1939 was daar slegs 'n klein aantal boere en 'n baie klein persentasie stedelinge wat hierdie saak in 'n ernstige lig beskou het. Dog teen die einde van 1945 het 'n oorweldigende meerderheid van die blanke bevolking, stedelik sowel as landelik, sterk daarop aangedring dat daadwerklike stappe betyds gedoen moet word om geërodeerde gebiede te herwin en om in die algemeen die bewaring en rasionele benutting van die landbouhulpbronne van die land te verseker."*[11] Dit sou ook later blyk dat die gesindheid van die volk van kardinale belang was vir die deurvoering van die Grondbewaringswet.

Onder die leidinggewende persone wat aan die besorgdheid van die gemeenskap konkrete gestalte gee, is sowel Afrikaans- as Engelssprekendes (aanvanklik veral Engelssprekendes), stedelinge én nakomelinge van die Afrikaanse landelike pioniers. Hulle wil 'n nasionale veldtrust



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die lewe roep **om die openbare gewete wakker te skud vir die toenemende gevaar."**[12] 'n Voormalige president van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie lig die probleem uit die landbousfeer, verplaas dit na die terrein van openbare verantwoordelikheid: *"There is no question to my mind that this problem has passed altogether beyond the reach and out of the control of the farming population, and the townsman, no matter what his occupation may be, will have to realise the fact that it is not industry, and not commerce, and not labour, and not the farmer, that will be the final determinant as to what man may have and how long he may enjoy the benefits of life in this country - it is Nature .... The whole problem of soil conservation is closely bound up with the nation as a whole.* **I have shown that this is true by approaching the matter from a social and moral standpoint."**[13]

Op die stigtingsvergadering van die Nasionale Veldtrust op 18 Maart 1943 te Kaapstad, word die volgende beginsel van voorneme aanvaar: *"In die volle besef dat die toestand van die veld van Suid-Afrika 'n dringende saak geword het en dat die toekoms van die volk afhang van die mate van die huidige geslag se pogings tot die bewaring daarvan asook die mate van beskerming van ons water-bronne, besluit hierdie komitee om onmiddellik 'n Nasionale Veldtrust te stig ..."*[14] Die Trust stel hom verder ten doel *"om openbare mening wakker te skud en die publiek op te lei tot die noodsaaklikheid van optrede deur die Staat of enige ander liggaam."*[15]

Louis Esselen gee in 'n radiopraatjie[16] gestalte aan die Nasionale Veldtrust se oortuiginge in verband met die bewaring van die bodem: *"Ons het hier te doen met waardes, wat as hulle eers verkwis is, grotendeels onvervangbaar of op sy meeste slegs gedeeltelik vervangbaar is."* Na 'n studie van bodemagteruitgang oor 'n tydperk van veertig jaar, konstateer hy: *"Ek kan 'n getroue verhaal vertel ..... van die tragedie van ons misdade van die jongste tye."* Hy verwys na voorbeelde waar veld en vleië weens uitbuiting deur die mens verwoes is: *"Ons neem - ek verkies om te sê* **steel** *- dinge wat 'n heilige pand behoort te wees."* Sy beskouing van gronderosie is inderdaad 'n siening van bodemvernietiging: *".... Dit beslaan trouens die hele gebied van agteruitgang en verkwisting van ons bronne van plantegroei, grond, watervoorraad, veroorsaak deur die bedrywighede van die mens en sy veetroppe en kuddes."* Die bodem, die natuur, as deel van die mens se totale omgewing, verwerf sedelike waarde: *"Dit is nie alleen vanweë die materiële waardes wat 'n volk van die grond wen nie, maar omdat die siel van 'n volk nie tred kan hou met daardie gesondheid-gewende, verheffende, morele waardes wat die Natuur inhou nie, as daardie volk die land verlaat het, omdat hulle 'n* **woestyn** *van die land gemaak het."*

Ook die rolprent word ingespan. C.J.J. van Rensburg vervaardig namens die Departement van Landbou en Bosbou 'n rolprent met die titel: *"Suid-Afrika in Gevaar."* In stede, dorpe - oral waar dit vertoon word - gryp dit die gemeenskap aan, dra kennis oor en spreek tot die mens se gesindheid jeens die bodem. Uit die geledere van die destydse regering word dit gestel: *"Die grond behoort nie aan persone nie. Ons boere hou dit slegs as 'n pand vir die nageslag, en dit behoort as 'n heilige pand beskou te word. Die boer wat sy grond beroof ... begaan 'n sonde teen sy volk en sy land."*[17]

Die proses van bewuswording binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap kry momentum met die besoek van Hugh Bennett, 'n Amerikaanse grondbewaringdeskundige, in Augustus 1944. Sy tema is: behoud van die beskawing deur ekonomiese en kulturele verval te vermy deur versorging



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die bodem. Oor beskawings wat weens bodemvernietiging ten gronde gegaan het, sê hy: *"Die tragiese is dat dit nooit hoef te gebeur het nie. Die mens het hom dit self op die hals gehaal deur die grond te misbruik."*[18] Bennett plaas die probleem in internasionale perspektief. Meer as tweederdes van die wêreld se beskikbare grondvoorraad is aan erosie onderhewig. Boonop is dié voorraad erg beperk, en hiervan sal hoogstens 11% uiteindelik verbou kan word.[19] Bodemvernietiging op wêreldvlak kom dus neer op internasionale selfmoord. Daarom is daar die nouste verband tussen bewaring en herwinning van die bodem en die instandhouding van die menselewe op aarde.

Bennett stel dit dat verantwoordelikheid vir die welsyn van die bodem daagliks gestalte moet kry - die nageslag sal hulpeloos wees om iets aan die saak te doen.[20] Hy identifiseer grond- en waterbewaring met *"mensebewaring."* Daarom is bodemvernietiging 'n probleem vir die volk: *"Aangesien dit elke menslike wese in die hele volk raak, is dit 'n ware volksprobleem. Die enkeling is alleen vir sy leeftyd verantwoordelik vir die grond, maar dit is die volk se verantwoordelikheid van geslag tot geslag."*[21]

Die bewuswording van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gaan gepaard met eise vir 'n meer omvattende benadering van die probleem en 'n verskuiwing van die strategie vanuit die enger landboudissipline na alle relevante vlakke binne die totale volkshuishouding. Die Nasionale Veldtrust aanvaar 'n voorstel *"dat daar 'n dringende noodsaaklikheid bestaan vir groter koördinasie van die werksaamheid van die verskillende departemente en liggame wat met die grond te doen het; dat daar ernstige noodsaaklikheid bestaan in verband met die grondbewaringsaspekte in-so-vêr dit betref die aanlê van paaie en spoorweë."*[22] Warren stel dit: *"The root of the evil of soil erosion was the complete lack of a national policy for agriculture."*[23] Hy doen 'n beroep op die regering van die dag om 'n onafhanklike kommissie aan te stel wat 'n nasionale landboubeleid moet formuleer. Die maatskappy wil dus inspraak hê by die bepaling van beleid van bodembenutting vir die toekoms. Dié houding word weerspieël deur die Nasionale Veldtrust se beskouing dat 'n sentrale outoriteit konkrete gestalte aan die gemeenskap se verantwoordelikheidsaanvaarding gee. Dié siening is egter nie deur die regering gedeel nie. Maar ook oor die implikasies van privaatbesit van grond binne die problematiek van bodemvernietiging het die gemeenskap standpunt ingeneem. Volgens Ross is daar al hoe meer van die standpunt uitgegaan *"dat die eiendomsreg van grond nie aan die eienaar die reg mag gee om daardie grond te misbruik en te vernietig nie, en dat die bewaring van grond deur eienaar of huurder moet geskied op 'n basis wat heilsaam is vir sowel die volk, as vir die individu."*[24]

*Owerheidstrategie vir heropbou*

Die ontwaking van die Suid-Afrikaanse gemeenskap ten opsigte van die welsyn van die bodem, vind in die owerheid se optrede 'n grondslag waarop aan die openbare belangstelling, kommer en verantwoordelikheid konkrete gestalte gegee kan word in 'n nuwe beleid. Dit is trouens die owerheid wat verantwoordelikheid aanvaar vir 'n strategie van aanpassing van die landbousektor by die behoeftes van die na-oorlogse tydperk. Dié verantwoordelikheid kom tot uiting in twee ondersoeke: *"Die Heropbou van Landbou"* (1943), en *"Die Toekoms van Boerdery in Suid-Afrika"* (1945) - twee onafhanklike pogings om die swakhede en tekortkominge van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

boerdery te ontleed en om die basis van 'n langtermynlandboubeleid vir die toekoms te lê.[25] In die voorwoord tot die verslag van die sogenoemde Heropboukomitee word dit gestel: *"As gevolg van die oorlog het die geroep om heropbou oor die hele wêreld gedien om die noodsaaklikheid vir 'n nuwe uitkyk en 'n nuwe benadering van baie vraagstukke te beklemtoon.* **In hierdie land is dit veral op die gebied van landbou dat daar aangedring word op verbetering en heroriëntering."**[26] In die lig van die oorlogervaring word die Suid-Afrikaanse program beskou teen die agtergrond van die internasionale strategie. Ingrypende optrede is nodig: *"Indien die natuurlike bronne van die land vir die toekoms bewaar moet word en 'n gesonde boeregemeenskap in stand gehou moet word, (sal) dit nodig wees om drastiese maatreëls te neem."*[27] Die oorlog had ook 'n ander denkbeeld tot gevolg wat in Suid-Afrikaanse omstandighede neerslag moet vind: *".... dat alle mense van alle volke geregtig is op 'n behoorlike lewensbestaan."*[28] Dié beskouing word ook op die boer van toepassing gemaak - maatskaplike beveiliging moet die boer, *"'n sleutelhouer in ons volkslewe,"* insluit. Dié veiligheid behels 'n redelike prys vir sy produkte en die instandhouding, bewaring en verbetering van sy onderneming.[29] Gesonde landbou verseker 'n stabiele volkshuishouding, sodat die strategie vir die toekoms die welsyn van die boer, die gemeenskap en die bodem impliseer.

Die heropboustrategie moet tot op die individuele plaas deurwerk: *"Die vernaamste uitgangspunt by boerderyrekonstruksie bestaan dus in die stabilisering van die boerderypraktyk self, ooreenkomstig die grond-, veld en klimaatsomgewing en met* **bewaring** *as die hoofbeginsel van die boerderybeleid."*[30] Maar bewaring vereis kennis, veral kennis van alle faktore wat die bodem beïnvloed, kennis van die bodem as sodanig sodat die boerderypraktyk - die metode van ingryping op die bodem - in harmonie met die natuurlike omgewing kan geskied. Die aard van die bodemgemeenskap binne elke ekologiese gebied in die land, van elke plaas, moet die riglyne vir *"bewaringsboerdery"* aandui. Die nuwe strategie wentel dan om gesindheid en kennis, vind sy neerslag in tegniekbenutting vanuit 'n bepaalde geestesgesteldheid.

Daar word aangevoer dat bewaring en welvaart nie botsende begrippe is nie. Inteendeel: *"Ervaring gedurende die afgelope paar jaar in Amerika het duidelik bewys dat* **bewaringsboerdery** *uitstekende dividende op die kontantbelegging oplewer, en dit nogal heeltemal afgesien van die verdere uitwerking wat die bewaring van grondbronne en die bevordering van die stabiliteit van boerdery betref."*[31] Die begrip: bewaring, word binne die konteks van die nuwe strategie opnuut geformuleer: *"Bewaring beteken die voorkoming van grondmisbruik by boerdery. Dit beoog die toepassing van stelsels en metodes van grondgebruik wat stabiliteit by boerdery sal bevorder deur die doeltreffendheid van produksie te verhoog, sonder om die grond, veld en waterbronne te benadeel."*[32] Dié formule vir 'n bodembenuttingstrategie sou in wese tot die huidige die benadering van die owerheid weerspieël.

Twee kardinale begrippe is nou aan die orde gestel: bewaring en benutting. Bewaring is handeling nie ter wille van bewaring nie maar as moment binne die totale ekonomie; bewaring as metode van behoud van 'n beperkte middel, die bodem, een van die oorspronklike produksiefaktore;[33] bewaring wat die dimensie van benutting moet balanseer in die proses van bewerking van die mens se natuurlike omgewing. In wese is bewaring en benutting nie weersprekende, antitetiese begrippe nie, wel begrippe wat deur die beslissing en handeling van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

mens waarde-inhoud moet verwerf. Benutting van die bodem in 'n gekommersialiseerde landboubedryf beweeg uiteraard binne die sfeer van 'n verskeidenheid ekonomiese faktore wat op die een of ander wyse daarop kan inwerk. In die geskiedenis van bodemvernietiging in Suid-Afrika is oorkapitalisering, sub-ekonomiese plaasgrootte en swak produktepryse geïndentifiseer as bydraende faktore. Maar ook momente van die owerheid se ekonomiese beleid kan 'n uitwerking hê. In die verslag: *"Die Toekoms van Boerdery in Suid-Afrika"*, spreek die Sosiale en Ekonomiese Planneraad hom krities uit oor die owerheid se prysbeleid: *"Produksie is onbehoorlik beïnvloed deur die Staat se prysbeleid wat gegrond is op oorwegings van selfgenoegsaamheid en uitvoer liewer as op grond- en veldbewaring of op voedingsoorwegings."*[34]

In die lig van die intensiteit en omvang van bodemvernietiging, sal die toekomstige strategie vir heropbou geweldige finansiële en ander insette van die staat verg. En weens die aard van sommige maatreëls sal wetgewing daaroor onvermydelik wees. Die vraag is hoe die verskillende elemente van die totale strategie moet ontplooi. Bewaring en verantwoordelike benutting van die bodemgemeenskap is kernelemente. Grootskaalse finansiële hulp aan boere in dié verband word as 'n tussentydse maatreël beskou: *"Op die lange duur moet bewaring by wyse van verhoogde produksie vir homself betaal."*[35] Steun van die owerheid aan die boer moet op die een of ander wyse aan die toepassing van gesonde boerderybeginsels gekoppel word. Daar is sprake van goedgekeurde boerderymetodes, 'n verbod op geïdentifiseerde praktyke, onteiening van *"spesiale gebiede"*, afdwingbaarheid van voorafbepaalde maatreëls.

Oor grondbesit heers daar, blykens albei verslae, eenstemmigheid dat die nasionalisering van die grond nie noodsaaklik is vir bewaringsboerdery nie. *"Dit is 'n vraagstuk, nie van eiendomsreg nie, maar van die beheer van grondgebruik."*[36] Die Sosiale en Ekonomiese Planneraad se finale bevinding in dié verband word soos volg geformuleer: *"Die Raad meen dat, mits landboupryse gestabiliseer en grondgebruik aan boere voorgeskryf word soos aanbeveel is, geen voordele verkry kan word deur drastiese veranderings in die heersende stelsel van grondbesit en eiendomsreg nie. Dit sluit nie versigtige proefnemings i.v.m. die nasionalisering van grond uit nie."*[37] Hoewel hieruit afgelei kan word dat die stelsel van grondbesit en eiendomsreg in bepaalde omstandighede heroorweging sou kon verdien, word die vryheid van die grondeienaar onaangetas gelaat. Al word bewaring as dwingende beginsel in die strategie vir die toekoms aanvaar, moet die boer nie deur dwang nie, maar deur oorreding en finansiële beweegredes ten gunste daarvan beïnvloed word.[38]

Die Heropboukomitee bevestig dat die bewusmaking van die gemeenskap tot 'n veranderde houding teenoor die grond by die volk gelei het: *"Denkende mense besef dat grond nie bloot 'vaste eiendom' is nie en nie 'n gewone handelsartikel is waarmee die eienaar kan doen wat hy wil nie."*[39] Die tyd was dus ryp om gestalte aan die kollektiewe verantwoordelikheid te gee.

*Besinnig oor gestalte*

Die twee selfstandige ondersoeke wat deur die owerheid gelas is, het uitgeloop op 'n amptelike Witskrif: *"Landboubeleid"* wat vroeg in 1946 gepubliseer is. Dít was die funksionele voorspel tot die Grondbewaringswet wat só deur Ross aangeslaan word: *"Die afkondiging van die Grondbewaringswet moet ongetwyfeld beskou word as een van die belangrikste mylpale in die geskiedenis van boerdery in Suid-Afrika. Dit verskaf daardie uiters noodsaaklike en langverwagte*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*wetgewing vir doeltreffende samewerking tussen die Staat en die boeregemeenskap in hul gemeenskaplike taak om gronderosie- en uitdorring te bekamp en om die boerderybedryf op 'n permanent gesonde grondslag te plaas. Dit was dan ook die begin van die formele loodsing van 'n georganiseerde veldtog in hierdie opsig en dit het 'n nuwe en bykans revolusionêre tydperk in die boerderybedryf ingelui - die tydperk van sogenaamde bewaringsboerdery, gegrond op gesonde langtermynbeplanning, met* **bewaring as die grondtoon** *en die bereiking van blywende stabiliteit van grondbenutting as sy vernaamste doelwit."*[40]

Vir die doeleindes van dié studie is dit nie ter sake dat die inhoud van die Grondbewaringswet hier aangedui word nie - die voorafgaande bevat bowendien heenwysings na die kernaspekte wat in dié wet opgeneem sou word en wat vir dié studie van belang is. Maar in die lig van die beklemtoning van verantwoordelikheidaanvaarding en gesindheid ten opsigte van die doelbewuste handeling van bodemversorging, word dit as aangewese beskou om die gees wat die beredenering van die Grondbewaringswetsontwerp in die Volksraad omgewe het, te probeer peil. Politiek as moment van kultuur kan in dié geval moontlik aanduidings verskaf van die maatskappy se ingesteldheid jeens die betrokke wetgewing as kultuurstrategie.

Volksraadslede uit die geledere van verskillende beroepgroeperinge het aan die debat deelgeneem: boere, nyweraars, dorpenaars en stedelinge. Tydens die tweede lesing van die wetsontwerp, gee die Minister van Landbou en Bosbou 'n aanduiding van die toonaard waarin hy hoop die besprekinge gevoer sal word: *"Die tydperk van twyfel is verby en dit is 'n gelukkige belofte vir die toekoms dat die volk van Suid-Afrika meer en meer grondbewus word en bewus van die feit dat grondbewaring die enigste werklike en blywende grondslag van die nasionale gesondheid, welvaart en veiligheid is."*[41]

Veral twee momente kristalliseer uit wat vir die doel van dié studie van besondere betekenis is: aanvaarding van die noodsaaklikheid van 'n nasionale strategie vir bodembenutting, en die onaantasbaarheid van individuele vryheid en demokratiese regte. Wat laasgenoemde betref is dit byna uitsluitlik nasate van die Afrikaanse pioniere wat die vryheid van die boer om baas op sy plaas te wees, hartstogtelik verdedig. In die lang debat sou dit grondliggend om die versoening van dié twee momente gaan.

Oor die breë strategie sê Kemp[42] dat dié wetgewing die hele bevolking raak; dit is 'n nasionale saak en reg dat die hele bevolking tot die finansiering daarvan bydra. Die boer se individuele handelswyse kan egter nie aan hom voorgeskryf word nie: *"Jy kan die boer lei maar jy kan hom nie drywe nie."* Hy maan tot versigtige optrede om weerstand by die boere te voorkom: *"As die man koring wil saai, en ons gaan aan hom sê dat hy iets anders moet saai, dan gaan hy in opstand kom. Dit is kommunisme. Die boer het geen seggenskap op sy plaas nie."*[43] Die gevolge van die mens se ingryping op die bodemgemeenskap word deur Kemp in 'n ander gedaante voorgehou: *"Hierdie wetsontwerp is geheel-en-al te diktatoriaal.* **Ons het te doen met oorlog in ons eie land teen die natuur.** *Waar ons daarmee besig is ... is dit van die grootste belang om soveel eensgesindheid te hê as moontlik is."*[44] Natuur en mens staan by implikasie teenoor mekaar - die natuur bedreig die *"erwe van ons vaders": "Waar die erwe van die vaders* **deur die natuur en deur onhandigheid verwoes word,** *wil ons daardie erwe bewaar ..."*[45]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Conradie giet die aanvaarding van bodemvernietiging as nasionale verantwoordelikheid in dié vorm: *"Terwyl ons hierdie wetsontwerp verwelkom, ly dit geen twyfel dat uit die standpunt van die boerderybedryf vandag, dit sekerlik een van die mees ingrypende maatreëls is wat nog ooit in hierdie Raad ingedien is. Was dit nie dat die euwel van erosie ... 'n aggressiewe nasionale vyand binne ons grense geword het nie, betwyfel ek of hierdie wetsontwerp ooit die Wetboek sou gesien het."*[46]

S.P. le Roux beweeg nader aan die beginsels van rentmeesterskap en kollektiewe verantwoordelikheid: *"As daar een ding is wat ek oor bly is wat in die laaste tyd ontstaan het by die volk, en veral by die boere, dan is dit dat die boere besef dat hulle nie net die eienaars van die grond is nie, maar ook trustees van die nageslag, en as ons in daardie gees ons grondbesit beskou, dat ons hier maar net 'n kort tydjie is .... dan sal ons ook tot die besef kom dat dit die plig is van elke boer en van die Regering en van die volk om wat ons oordra aan die nageslag .... nie slegter en swakker en verarmder oor te dra as wat ons dit gekry het nie, maar beter."*[47] Vryheid en plig moet konkrete gestalte verwerf: *"Die boer is 'n individualis ... maar in die belang van so 'n groot nasionale saak, het ons die reg om van die boer te vra om 'n mate van sy vryheid prys te gee en om sy bydrae te lewer om die groot werk vir ons volk te doen."*[48] Le Roux dring aan op die uitbreiding van die boer se horisonne in sy lewensuiting as lid van die gemeenskap: *"Dit is 'n nasionale saak en ons vra die boere om die stryd uit 'n nasionale en maatskaplike oogpunt te beskou ..."*[49] Aanvaarding van verantwoordelikheid is gefundeer in toekomsgeloof; opofferinge wat gevra word is ter wille van wat die mens liefhet: *"Die vrugte sal gepluk word nadat ons verdwyn het ... "*

Le Roux se toespraak sou die belangrikste blyk te wees wat tydens die debat oor die Grondbewaringswet gelewer is - uit sowel die praktiese as etiese oogpunt beskou. Hoewel dit nie eksplisiet geformuleer is nie, bevat sy beredenering raakpunte met die Christelike etiek ten opsigte van, onder meer, die bodem as geleende besit, die bodem as oorspronklike en beperkte produksiemiddel, die toerekenbaarheid van die mens, die toekomsgerigtheid van die mens se verantwoordelikheidsaanvaarding.

'n Pleidooi teen burokratiese optrede lei by Swanepoel[50] tot die opvatting van eiendom as heiligdom: *"Die land word bang en tam en moeg vir burokrasie - nie alleen die boere en die landboubedryf nie ... Ons kan nie op hierdie metode voortgaan en ons dan nog 'n demokratiese land noem nie ... Die boer se plaas is vir hom 'n heiligdom - hy beskou dit as sy erfreg en die erfreg van sy kinders."*

Bewaring van die bodem as nasionale plig en strategie vir die toekoms word deur Abrahamson onderskryf: *"Ek meen dat in ons land en in feitlik elke ander land die posisie aanvaar is dat grondbesitters alleen die land in trust besit vir toekomstige geslagte, en dat indien ons daardie grond vernietig, ons skade aanrig .... ook aan ons volk wat die toekoms betref .... Dit is 'n saak van lewe en dood vir die landbou in ons land, en indien die landbou in ons land sterf, is ons land gedoem."*[51] J.N. le Roux aanvaar nasionale aanspreeklikheid vir bodemvernietiging, beskou bewaring van die bodem as plig: *"Ons moet hierdie saak uit die oogpunt beskou dat dit die plig is van elke individu, sowel as die Regering, om toe te sien dat daar stopgesit word aan erosie."*[52] Aanvaarding van verantwoordelikheid deur die owerheid geld



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

egter nie net die toekoms nie - Warren lê ook verantwoordelikheid vir bodemvernietiging aan die owerheidsektore se deur: *"My waarnemings ... het aan my getoon dat die Staatsdepartemente in 'n groter mate as die boere van die land, verantwoordelik is vir verontagsaming van die bodem en grondverspoeling, en ook die provinsiale rade ... en die plaaslike owerhede van party provinsies."*[53]

'n Nuwe klank in die debat word deur Sullivan laat hoor: hy hou die aanwakkering van 'n sterk mark-bewussyn by boere voor as oorsaak van uitbuiting van die bodem, onder meer in die vorm van onderverdeelde boerdery-eenhede wat tot bodemvernietiging lei omdat hulle te klein is vir behoorlike bodembenutting. Hy stel dit: *"Die tydperk 1918 tot 1930 was 'n tydperk van goeie gemiddelde pryse. Toevallig was dit ook 'n tydperk van buitengewone ekonomiese roofbou en grondvernietiging. Die gemiddelde grootte van die plase het gedaal ... maar die veestapel het toegeneem."*[54] Verantwoordelikheid op 'n ander vlak van die ekonomie as kultuuraktiwiteit word geïmpliseer: hoe ver met produksie? - met voorsiening in die stoflike behoeftes van die mens in die lig van die beperktheid van die produksiemiddele?

Bekker benader die ekonomiese momente van bodemvernietiging egter vanuit 'n ander oogpunt: *"Die ekonomiese kant van hierdie hele vraagstuk is dat die boer byvoorbeeld in die verlede meer uit die grond gehaal het as wat hy teruggesit het. Die boer het nooit geweet waar hy was met sy pryse nie en moes onder produksiekoste leef ... Jy sal terugkeer tot roofbou ... tensy die boer 'n ordentlike lewensbestaan kan voer."*[55]

Verskeie momente van kultuur as strategie tree uit die voorafgaande aan die lig. Hoewel die beoogde strategie as 'n konsolidering van die produksiefase beskou kan word, bevat dit tog as kernmoment die bevryding van die gemeenskap uit die onverskilligheid jeens die bodem as beperkte en oorspronklike produksiemiddel. By Van Peursen: *"De cultuur blijkt telkens weer een strategie te zijn, die tot bevrijding van de mens moet leiden. Een bevrijding uit gevangenschap door de mens zelf opgeroepen, omdat hij de juiste verhouding tot omringende machten niet heeft kunnen vinden."*[56] Die voorgenome strategie dui op vernuwing op die grondslag van kollektiewe verantwoordelikheid. Hoewel die tegniek as werktuig van die welvaartideaal 'n sleutelrol sal beklee, is daar tog blyke van 'n siening wat produksie en tegniese vernuf oorspan: in enkele gevalle is daar reeds - in die terminologie van die funksionele houding - groter kommer oor die *'hoe'* as oor die *'wat.'*[57]

Aan die ander kant blyk dit dat die Afrikaanse boer se verhouding tot die bodem in groot mate steeds in gevangenskap verkeer - oënskynlik ingekerker deur sy beskouinge ten opsigte van eiendomsreg, individuele vryheid, demokratiese regte. Die siening dat die boer in 'n stryd met die natuur gewikkel is, dui op 'n *"blinde vlek"* wat die verhouding tussen mens en bodem betref - dit *"mist de echte, ethische inventiviteit, dat is het zedelijk vermogen om op wezenlijken punten afstand te nemen tot het lijnenspel van de eigen wereld."*[58] Dit roep trouens White se teregwysing aan die adres van die Christendom op: *"Christianity taught man that man had dominion over nature and so man has treated nature in a destructive way."*[59] Die grondslag waarop die krisis tussen mens en sy fisiese omgewing opgelos kan word, word só deur White geformuleer: *"What people do about their ecology depends on what they think about themselves in relation to things*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*around them. Human ecology is deeply conditioned by beliefs about our nature and our destiny."*[60]

Die Grondbewaringswet as strategie vir bodembenutting op die basis van bewaring, bevind hom inderdaad in die dinamiek van die totale menslike aktiwiteit en die mens se verhouding tot sy fisiese omgewing. Dié wet sal eers waarde-inhoud verwerf met die gestaltegewing aan die sedelike prinsipe wat dié strategie ten grondslag lê.

*Werktuig en modus operandi*

Die breë doelstelling van die Grondbewaringswet word in sy volledige titel soos volg aangegee: *"Wet om beter voorsiening te maak vir die bestryding en voorkoming van gronderosie en vir die bewaring, beskerming en die verbetering van die veld, die bodem, die oppervlakte van die grond, die plantegroei en die bronne en hulpbronne van die watervoorrade in Suid-Afrika."* Kortweg kan die doel van die Grondbewaringswet gestel word as die bewaring en gesonde benutting van die bodemgemeenskap.

Die bepalings van die Grondbewaringswet lei onder meer tot die instelling van die Grondbewaringsraad wat *"'n wakende oog oor die algemene vordering van grondbewaringsboerdery sal hou."*[61] Die boer kan uit eie, vrye wil, saam met ander boere versoek dat 'n bepaalde boerderygebied tot grondbewaringsdistrik verklaar word. Daarna is elke eienaar in so 'n *"distrik"* verplig om bewaringsmaatreëls toe te pas. Die spil waarom die doeltreffende toepassing van die Grondbewaringswet sou draai, is grondbewaringsplanne wat die handelinge op 'n bepaalde plaas in die lig van toepaslike grondbewaringsbeginsels, in besonderhede sou voorskryf. Die wet maak ook voorsiening vir die proklamering van brandbestrydingsgebiede - gebiede waar die gevaar van brand groot is en 'n voortdurende bedreiging inhou vir doeltreffende bewaring van grond, veld en waterbronne. Magte is aan die staat toegesê om uit eie beweging grondbewaringswerke op private grond op te rig ten einde die bodem te stabiliseer. Die staat kan ook op eie inisiatief 'n omskrewe gebied tot grondbewaringsgebied verklaar - in gevalle waar na sy mening, die noodsaaklikheid vir die bewaring of herwinning van grond (bodem) sodanig is dat die staat die voortou daarin moet neem. 'n Stuk grond wat na die staat se mening onder sy beheer geplaas moet word vir die voorkoming of bestryding van òf gronderosie òf waaisand, of vir die beskerming van opvanggebiede of die bewaring van waterbronne, kan deur die staat onteien word.

Hulp aan boere sluit ook finansiële bystand aan 'n eienaar of bewoner van grond in om 'n grondbewaringsplan of plaasplan te kan uitvoer of om ander bewaringsmaatreëls wat deur die owerheid goedgekeur is, te kan uitvoer. Les bes maak die Grondbewaringswet voorsiening vir strawwe vir versuim om aan 'n goedgekeurde grondbewaringsplan uitvoering te gee, of vir moedswillige dwarsboming van so 'n skema op 'n bepaalde stuk grond.[62]

Die uitvoering van die Grondbewaringswet is deur die volk by monde van sy verteenwoordigers in die parlement, aan die staat opgedra - 'n pleidooi vir 'n sentrale outoriteit om aan die wet uitvoering te gee, is vooraf deur die regering van die hand gewys. Die staat moet dus 'n bewaringsorganisasie op die been bring wat uitvoering aan die bepalinge van die wet kan gee in die lig van die verantwoordelikhede wat op die boer en op ander instansies rus wat met benutting van die bodem gemoeid is. Die Afdeling Grondbewaring en Voorligting van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Departement van Landbou is reeds in 1945 vir dié doel in die lewe geroep. Die voormalige owerheidsdienste in verband met erosie, onkruidbeheer en voorligting is in die nuwe afdeling saamgesnoer. Op dié wyse word die voorligtingsdiens by bodembewaring betrek, is sy taak nie meer tegniese advies met die oog op produksie alleen nie, maar die daarstelling van lonende boerderystelsels wat gebaseer is op die bewaring en gesonde benutting van die bodem. Die voorligtingsbeampte beklee 'n sleutelposisie in die nuwe strategie - hy moet die boodskap konkreet na elke uithoek van die land uitdra.

Die Departement van Landbou word in 1950 ingrypend geherorganiseer, onder meer om uitvoering te kan gee aan die gedagte om omvattende tegniese dienste op streekgrondslag aan die boeregemeenskap te kan lewer en waarin voorligting deur 'n sterk navorsingsaksie gerugsteun word. Verdere aanpassings en herorganisering sou van tyd tot tyd nodig word, maar die organisasiestruktuur wat uitvoering aan die nuwe strategie moet gee, was vier jaar na die promulgering van die Grondbewaringswet, slaggereed.

Die Grondbewaringswet verdeel die resente geskiedenis van bodembenutting in Suid-Afrika in twee tydperke: voor die Grondbewaringswet en daarna. Dié wet beliggaam nie slegs die Suid-Afrikaanse mens se kennis van die bodem as deel van sy totale omgewing nie; dit versinnebeeld nie slegs die toonaard van die ideale wisselwerking tussen dié mens en sy omgewing nie - die pligbeginsel transendeer dié momente, verleen aan benutting en bewaring van die bodem as dade van gehoorsaamheid aan God en uitoefening van die rentmeesterskap deur God opgelê, sedelike waarde.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*

1. ROSS, J.C., **Grondbewaring in Suid-Afrika,** Staatsdrukker, Pretoria, 1963, p. 10.
2. Idem, p. 11. My kursivering.
3. Idem.
4. Idem, p. 12.
5. Idem.
6. JACKS, V.C. & WHYTE, R.O., **The Rape of the Earth: A world Survey of soil Erosion,** Faber & Faber, London, 1939.
7. BOERDERY IN SUID-AFRIKA, Deel 111, No. 27, Junie 1928, p. 8.
8. Aangehaal deur ROSS, J.C., **Grondbewaring in Suid-Afrika,** Staatsdrukker, Pretoria, 1963, p. 16.
9. Idem, p. 18.
10. Idem, p. 19.
11. Idem, p.20.
12. DIE BURGER, 8 Januarie 1943. My kursivering.
13. THE FRIEND, 8 January 1943. My kursivering.
14. NOTULE VAN DIE STIGTINGSVERGADERING VAN DIE VOORLOPIGE KOMITEE, Kaapstad, 18 Maart 1943, p. 5.
15. Idem, p. 6.
16. DIE VRYSTATER, 26 Oktober 1943.
17. Aangehaal deur ROBERTSON, T.C., **Libertas,** Mei 1943, p. 33.
18. BENNETT, H.H.. **Behou U Grond,** Amerikaanse Kantoor van Inligting, Johannesburg, p. 6.
19. Idem, p. 4.
20. BENNETT, H.H., **Gronderosie en Grondbenutting in Suid-Afrika,** Departement van Landbou en Bosbou, Pretoria, 1945, p. 7.
21. BOERDERY IN SUID-AFRIKA, 1 Februarie 1945, p. 68.
22. RAAD VAN TRUSTEES, NASIONALE VELDTRUST, **Notule,** Bloemfontein, p. 26.
23. THE FRIEND, 18 Oktober 1943.
24. ROSS, J.C., **Grondbewaring in Suid-Afrika,** Staatsdrukker, Pretoria, 1963, p. 21.
25. Idem.
26. HEROPBOUKOMITEE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN BOSBOU, **Die Heropbou van Landbou,** Staatsdrukker, Pretoria, 1943. My kursivering.
27. Idem, p. 1.
28. Idem, p. 13.
29. Idem.
30. Idem, p. 14.
31. Idem, p. 22.
32. Idem.
33. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven,** J.H. Kok N.V. Kampen, 1956, p. 22.
34. SOSIALE EN EKONOMIESE PLANNERAAD., **Die Toekoms van Boerdery in Suid-Afrika, Opsomming van verslag No. 4,** Staatsdrukker, Pretoria, 1944, p. 2.
35. Idem, p. 4.
36. Idem.
37. SOSIALE EN EKONOMIESE PLANNERAAD., **Die Toekoms van Boerdery in Suid-Afrika, Verslag No. 4,** Staatsdrukker, Pretoria, Augustus 1944, p. 29.
38. Idem, p. 14.
39. HEROPBOUKOMITEE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN BOSBOU., **Die Heropbou van Landbou,** Staatsdrukker, Pretoria, 1943, p. 42.
40. ROSS, J.C., **Grondbewaring in Suid-Afrika,** Staatsdrukker, Pretoria, 1963, p. 22. My kursivering.
41. DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD., **Die Grondbewaringswetsontwerp,** Tweede lesing, Deel 58, Unie-Volkspers Bpk., 1946/47, p. 8468.
42. Idem, p. 8478.
43. Idem, p. 8481.
44. Idem, p. 8484. My kursivering.
45. Idem, p. 8485. My kursivering.
46. Idem.
47. Idem, p. 8488.
48. Idem, p. 8489.
49. Idem.
50. Idem, p. 8537.
51. Idem, p. 8493.
52. Idem, p. 8533.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

53. Idem, p. 8500.
54. Idem, p. 8496.
55. Idem, pp. 8505/8506.
56. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur in Stroomversnelling, Elsevier,** Amsterdam/Brussel, p. 186.
57. Idem, p. 169.
58. Idem, p. 214.
59. WHITE, LYNN., **The Historical Roots of Our Ecologic Crisis,** Science Magazine, March 19, 1967.
60. Idem.
61. ROSS, J.C., **Grondbewaring in Suid-Afrika,** Staatsdrukker, Pretoria, 1963, pp. 23-28.
62. Idem.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 6

## KORTSLUITINGS IN DIE BODEMBENUTTINGSTRATEGIE

### *Inleiding*

In die lig van die funksionele benadering tot kultuur - waar die *"onverwagte"* van die hedendaagse bestaan hulle as momente vir 'n kultuurstrategie aan die mens opdring[1] - is dit onontkombaar dat die mens en die gemeenskap die strategie gereeld aan 'n waardebepaling onderwerp, en ook dit is 'n kultuurmoment. Op grond van die mens se wesenstrekke kan hy die resultaat van 'n waardering inspan om sy strategie te verryk, aan te pas of 'n koersverandering aan te bring. Deurgevoer na die onderhawige toepassingsveld, is dit aangewese dat dié beginsel op die Afrikaanse volk se verhouding tot en wisselwerking met die bodem toegepas word - dat die bodembenuttingstrategie dus eweneens deurlopend 'n waardetoets opgelê word, primêr in die lig van die sedelike grootheid waarin dit gefundeer is.

In die lig van die Christelike etiek sal die Christen hom by die daarstelling van 'n strategie vir bodembenutting, bewus wees van die gevolge wat die sondeval vir hom as boer inhou: dorings en distels op die aarde, ongunstige klimaatfaktore soos droogte, oorstromings, ryp, hael, stormwinde.[2] Schaeffer bring die gevolge van die sondeval regstreeks in verband met die mens se verhouding tot die natuur. Die mens, los van God, het sedert die sondeval ook van homself losgeraak: *"The next division is that man is divided from other men. And then man is divided from nature and nature is divided from nature."*[3] Maar God het aan die mens - wie se gees nie deur die sondeval vernietig is nie - die vermoë geskenk om die uitwerking van die vloek te temper en teen te gaan.[4] Ook ten opsigte van die bodem móét die mens dit doen omdat hy nie weens die sondeval van sy aanspreeklikheid en verantwoordelikheid teenoor God - gewer van die bodem en uitsluitende houer van die eiendomsreg daarvan - onthef is nie. Schaeffer fundeer dié verantwoordelikheid in die toekomstige verlossing van mens en natuur: *"The Christian who believes the Bible should be the man who - with God's help and in the power of the Holy Spirit - is treating nature now in the direction of the way nature will be then. It will not now be perfect, but it must be substantial or we have missed our calling."*[5] In die spesifiek Suid-Afrikaanse situasie is die opvallendste kenmerk dat die strategie vir bodembenutting nie los te maak is van die droogteverskynsel en die wisselwerking tussen mens en verskynsel nie. Die gevolge van die mens se ingryping op die Suid-Afrikaanse bodem is trouens telkens deur 'n droogte op die spits gedryf. Die aanstelling van die *"Droogte Ondersoek Kommissie"*in 1920 is juis deur die sogenaamde rampdroogte van 1919 ingegee - in wese afgedwing. Daar is reeds aangetoon hoe die beskouinge en aanbevelings van dié Kommissie aanleiding gegee het tot stappe - veral van die kant van die owerheid - wat in die Grondbewaringswet gekulmineer het. Die bewaringsmaatreëls wat in dié wet omskryf word, staan wesenlik in die skadu van die droogteverskynsel as permanente gegewe in die Suid-Afrikaanse boerderysituasie. 'n Evaluering van die Grondbewaringswet as 'n strategie vir bodembenutting, sal dan ten diepste 'n antwoord impliseer op die vraag in watter mate die toepassing van dié wet die uitwerking van droogtes op die bodem



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getemper of teengegaan het. Kortweg: het die mens wat die strategie van bewaring willens en wetens as 'n beleid ontwerp en aanvaar het, gestalte aan die onderliggende sedelike beginsel gegee?

*Droogte: Voorkoms en Definisie*

Die voorkoms van droogtes word kortliks nagegaan om aan te dui waarom droogte as 'n permanente gegewe binne die boer se totale omgewing beskou kan word. Uit 'n studie deur Van der Merwe[6] waarin die verloop van droogtes vanaf 1770 tot 1842 aangedui word, blyk dit dat dele van Suid-Afrika honderd en sestig jaar gelede reeds aan ernstige droogtes onderhewig was. Van 1812 tot 1838 was daar minstens vier ernstige droogtes wat twee jaar en langer geduur het. Volgens Van der Merwe is daar gedurende die eerste dekade van die 19de eeu nie veel oor droogtes gekla nie: *"Eers vanaf 1813 word droogtes talryker en vanaf 1817 neem hulle byna die prominentste plek in die rapporte van veldkornette op die noordgrens in ... Vanaf 1834 tot 1838 is daar byna altyd oor droogte gekla, maar dit wil voorkom of juis 1836 en 1837 die twee moeilikste jare was."*[7] Levinkind[8] gee 'n beeld van die frekwensie van die voorkoms van droogte sedert 1904 en dui die volgende jare as tydperke van droogte aan: 1904 tot 1908; 1912 tot 1916; 1919 (rampdroogte); 1922 tot 1924; 1926 tot 1928; 1930 tot 1933; 1935 tot 1938.

Die beeld wat uit Van der Merwe se studie na vore kom, slaan nie net op die gevolge van die droogtes van 1770 tot 1842 nie - dit bevat ook gestaltes van wisselwerking tussen mens en bodem wat tot die hede bykans geen verandering ondergaan het nie. Die klagtes van die Sneeubergse boere in 1813 is só bewoord: *"De hemel is koper en de aarde enkel dorheid, wy weten niet waar ons vee van leven."*[9] In dié jaar het die boere van Graaff-Reinet meer as 300 000 skaap verloor. Van der Merwe beskryf hoe boere in 1818 van een plek na 'n ander getrek het om vir die vee, wat daagliks van maerte gesterf het, weiding en water te soek. Teen die einde van 1820 het boere van die Nieuweveld begin ly; in 1821 vererger die droogte en omsluit groot dele van die Oos-Kaap. In 1822 was die hele Koup ontvolk. Goewerneur Stockenstrom rapporteer aan die Koloniale Sekretaris: *"Afgesien van die besoekinge van die Allerhoogste, was die vernaamste oorsake van die heersende noodtoestand, die versnippering van grond, waardeur elkeen in staat gestel word om 'n nietsbeduidende - maar onafhanklike - ekstensiewe veeboer te word. Die gevolg hiervan was dat die boere meer vee aangehou het as wat die plaas kan dra."*[10] En dan Stockenstrom se woorde wat slegs in 'n ander rangskikking bykans 150 jaar later sou opklink: *"Dit sou in belang van die welvaart van die Kolonie in die algemeen wees, as die benarde omstandighede waarin die boere in daardie oomblik verkeer het, 'n bepaalde persentasie van hulle tot ander en meer aktiewe lewensberoepe gedwing het."*[11]

'n Droogtejaar word soos volg deur Levinkind omskryf: *"'n Oppervlakte kan as 'n droogtegebied beskou word as natuurlike plantegroei en gevestigde boerderywerksaamhede ten gevolge van gebrek aan reënval ly. Hoewel 'n tekort in jaarlikse reënval die hoofoorsaak van droogtes is, kan 'n onbevredigende verspreiding van reënval dwarsdeur die jaar net so 'n doeltreffende faktor by die veroorsaking van 'n droogte wees as 'n tekort in die jaarlikse hoeveelheid. Droogtetoestande bestaan ... as die jaarlikse reënval so laag is as 85 persent van die gemiddelde."*[12] Die begrip: droogte, omvat twee verskynsels: seisoensdroogtes wat in omvang en duur redelik voorspelbaar is en waarvan die oorbrugging 'n integrale deel van die normale



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

boerderypraktyke vorm; periodieke droogtes wat seisoensgrense verontagsaam en in omvang en duur onvoorspelbaar is - dit skakeer van korter periodieke droogtes tot langdurige rampdroogtes."[13]

Op grond van die voorafgaande moet aanvaar word dat die voorkoms en uitwerking van droogtes vir die boerebevolking van Suid-Afrika geen onbekende faktore was met die inwerkingtreding van die Grondbewaringswet nie. Die verband tussen die inhoud van die Grondbewaringswet en die droogteverskynsel is reeds aangedui. Bygevolg sal 'n waardebepaling van die bodembenuttingstrategie kan geskied op grond van die mens se bewustheid en kennis van droogte as onvermydelike sentrale moment in sy boerderybeleid.[14]

*Droogte: Omgekeerde ingryping*

Daar is aangetoon dat die gevolge van die mens se ingryping op die bodem telkens deur droogte geaksentueer en terugwerkend in perspektief geplaas word. Dié feit word onderskryf deur die resultate van die owerheid se optrede by wyse van die aanstelling van ondersoekliggame - komitees en kommissies wat telkens die opdrag het om ondersoek in te stel na stappe om die onmiddellike gevolge van droogte vir sowel die boer as die land se ekonomie te verlig, die moontlike uitwerking op die bodem te temper, en die uitwerking van 'n volgende droogte die hoof te kan bied. Droogte gryp telkens in op die mens se aktiwiteit van bodembenutting - die gevolge van dié ingryping hou verband met die resultaat van die bewarende en versorgende dimensie van die boer se konkrete handeling.

Die geskiedenis van droogte se ingryping op bodembenutting sedert die promulgering van die Grondbewaringswet, word deur 'n aantal amptelike verslae en hulpskemas weerspieël, waarvan slegs die belangrikste kortliks in oënskou geneem word. Slegs twee jaar nadat die Grondbewaringswet in werking getree het is 'n komitee aangestel om die wenslikheid en die uitvoerbaarheid van 'n voerbankskema te ondersoek - die Voerbankkomitee. Dit val op dat die hoofopdrag aan die Komitee heenwys na bewaringsbeginsels wat in die breë bodembenuttingstrategie geprojekteer is: *"... die opberging van veevoer wat ekonomies opgeberg en vervoer kan word en wat voordelig aangewend kan word vir die voer van vee op droogtegeteisterde plase."*[15] 'n Skema waarvolgens voer uit 'n sentrale voerbank aan boere verskaf sou word, was nie aanvaarbaar nie, omdat *"op elke plaas self voorsiening vir 'n 'voerbank' gemaak behoort te word."*[16] In dieselfde jaar (1948) is 'n komitee aangestel om die indringing van woestyntoestande te ondersoek. Die voorkoms van droogte, die beskikbare watervoorraad, die invloed van wind, besproeiing, drakrag en omheining asmede plantegroei het onder die loep gekom in 'n poging om die oorsake en omvang van woestynindringing te probeer peil. Tussen 1948 en die aanstelling in 1961 van die *"Komitee van Ondersoek na die Voer van Diere in Tye van Droogte"*, is verskeie ondersoeke na droogtetoestande op landboustreekgrondslag uitgevoer. Ook die boere se eie organisasie, die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, het sogenoemde droogteplanne ondersoek. Die opdrag aan die sogenoemde Droogtevoedingkomitee was eweneens daarop gemik om die uitwerking van droogte te temper of te bekamp en om die voeding van diere tydens tydperke van droogte, op 'n gesonde voet te plaas. Die verslag van dié Komitee het nouliks verskyn toe die droogte van die jare sestig die owerheid noop om 'n omvattende ondersoek na die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

landbou in Suid-Afrika te gelas. Die *"Kommissie van Ondersoek na die Landbou"* is in 1966 aangestel en het binne 'n jaar 'n tussentydse verslag voorgelê oor *"die heropbou van dié gebiede wat erg aan droogtetoestande onderhewig was."*[17] 'n Veldherwinningskema - 'n poging om die verwoeste veld te laat herstel - is inmiddels van stapel laat loop. Dié skema is in 1969 opgevolg met die omvattende *"Veeverminderingskema"* wat daarop gemik was *"om veral in die droër skaapweistreke groter bestendigheid in die boerdery te bring* **deur die stabilisasie van die bodem."**[18] Dié skema is uiteraard veral op die Karoo gemik en hoewel meer as 50 miljoen rand van owerheidsweë daaraan bestee is, is 'n diepte-ondersoek na veldagteruitgang in die Karoo en aangrensende gebiede na slegs elf jaar noodsaaklik geag.

Die gevolge oor meer as 150 jaar van die ingryping van droogte op die wisselwerking tussen mens en bodem, het saam met 'n verskeidenheid ander faktore aanleiding gegee tot 'n omvangryke ondersoek na landelike hervorming in Suid-Afrika, waarin die klem verskuif na herstrukterering van die boerderybedryf op sosio-ekonomiese grondslag en teen die agtergrond van die land se breë nasionale ontwikkeling.[19]

Nadere ontleding van die genoemde ondersoeke en skemas werp lig op die vraag in watter mate gestalte aan bewaring as teenvoeter vir die verwoestende uitwerking van droogte op die bodembenuttingstrategie, gegee is.

*Droogte: Evaluering van menslike handeling*

Met die oog op die voorgenome evaluering moet daar vasgestel word of die maatreëls wat deur die Grondbewaringswet voorgehou word, konkrete bydraes kán lewer om die uitwerking van droogte teen te werk. Stellings hieroor is op skrif gestel deur verskeie komitees en deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Die Kaaplandse Landbou-unie stel dit (1961): *"Die waarde van bewarings- en beplande boerdery is reeds afdoende bewys en dit is binne die bereik van elke boer en daar moet by boere aangedring word om hiervan gebruik te maak."*[20] 'n Ekonomiese ondersoek na boerderytoestande in die Noordwes-Kaap (1962) bring aan die lig dat sommige boere die droogte oorbrug het sonder om te trek of voer aan te koop en dat boere wat oor gespaarde veld beskik het, die uitwerking van die droogte nie so gou ervaar het nie.[21] 'n Verslag na aanleiding van 'n besoek aan droogtegeteisterde gebiede in die Karoo (1960/61) lui onder meer: *"Gesonde boerderymetodes, veral oordeelkundige spaar van veld, lewer 'n onmisbare bydrae tot die doeltreffende bekamping van droogtes."*[22] Die verslag van die *"Komitee van Ondersoek na die voer van diere in Tye van Droogte"* (1965) bevat die volgende beskouing: *"Daar bestaan geen twyfel meer by enige instansie dat grondbewaring en die toepassing van gesonde boerderystelsels 'n fundamentele voorvereiste is vir biologiese en ekonomiese bestendigheid in veeboerdery, en die Komitee is die mening toegedaan dat enige maatreël om die invloed van droogte te voorkom, bekamp of te oorbrug, afhanklik is van en voorwaardelik moet wees aan die uitvoering van hierdie doelwitte."*[32]

Waarskynlik die veelseggendste stelling in verband met die mens se ingryping op die bodem sedert die Grondbewaringswet in werking getree het, is dié van Tidmarsh. Tydens 'n departementele konferensie wys hy op die talle menslike faktore wat tot bodemvernietiging bygedra het en beweer terselfdertyd: "…. **dat uitdroging as gevolg van die toedoen van die mens**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**die natuurlike toestand van die veld in so 'n mate verander het dat die klimaat self op sy beurt aangetas was."**[24] Dit gaan dus nie meer slegs oor die mens se weerstand teen droogte nie maar nou ook oor maatreëls om droogte nie te bevorder nie!

I.B. Pole Evans laat hom soos volg uit oor die rol van plantegroei in bodembewaring en die bekamping van die uitwerking van droogte: *"Dit (gras) is die grootste bewaarder van grondvog en die belangrikste bouer van grondvrugbaarheid in die wêreld. Gras bevorder struktuurvorming in die grond op doeltreffender wyse as enige ander plantegroei en maak dit sodoende minder vatbaar vir erosie as wat die geval is onder enige ander vorm van plantbedekking."*[25] Die belangrikste opdrag aan die meeste komitees en kommissies was telkens om vas te stel watter handelinge van die mens tot die agteruitgang en vernietiging van die bodem bygedra het: *"Daar word baie algemeen aanvaar dat die wyse waarop grond deur die mens behandel word, 'n hoofoorsaak is van die agteruitgang van die plantegroei en grond.* **Baie wetenskaplikes en ander persone is die mening toegedaan dat dit die enigste oorsaak is, en hulle beskou dat veranderings in die klimaat geen rol in die agteruitgang gespeel het nie."**[26]

Die bevindinge en aanbevelings van die *"Komitee van Ondersoek Insake die Indringing van Woestyntoestande"* dui nie op 'n evaluering van die bodembenuttingstrategie nie, maar dit laat 'n beeld van menslike handeling na vore tree wat wel deeglik aan die norme van die strategie gemeet kan word. Verslae van ondersoeke sedert 1960 is egter meer spesifiek op die gevolge van bewaring ingestel. Die ondersoek na boerderytoestande in die Noordwestelike Kaapprovinsie volg nadat die droogte van 1960/61 sy hoogtepunt bereik het. Die doel van die ondersoek was om die uitwerking van die droogte te probeer peil en om vas te stel waarom sommige boere die droogte beter kon weerstaan as ander.[27] Die Komitee bevind onder meer dat boere van dié gebied vashou aan hul grond in weerwil van herhaalde droogtes; dat die droogte voorafgegaan is deur 'n tydperk van redelik gunstige reënval; dat plaasgroottes min gewissel het; dat gewasverbouing daar onekonomies en ongewens is; dat oorbeweiding op klein plase plaasvind en plase met 'n hoë kapitaalbelegging; dat boere wat bewaringsboerdery toepas die uitwerking van droogte kon temper.[28] Hoewel dié bepaalde ondersoek in hoofsaak 'n situasiepeiling was, blyk dit dat die boere wat die swaarste onder die droogte gely het, ondanks hulle liefde vir die grond nie in harmonie met die bodemgemeenskap geboer het nie.

Die rol van bewaring in die bodembenuttingspatroon in die veeproduksiegebiede van Suid-Afrika kom skerper onder die soeklig in die *"Verslag Oor Droogtevoeding"* (1965). Dié verslag bevestig *"dat wanbestuur van veld die grootste euwel is wat die bodem, die dier en die boer benadeel."*[29] Dit lui: *"Die boer baseer sy bestuur nie op 'n stelsel wat 100 persent veilig is nie, en hy is daartoe gedwing om sekere berekende risiko's te neem, waarin hoër winste in goeie jare vergoed vir verliese in swak jare. Onder so 'n stelsel van veldbenutting* **is dit egter van lewensbelang dat die plantegroei en bodem nie onherstelbaar beskadig word nie, maar dat die produktiwiteit onbepaald moet voortduur, dit wil sê, die handhawing van die natuur se ewewig."**[30] Bewaringsboerdery word as rigsnoer vir die boer se handelinge voorgehou en wel op die grondslag van bodembewaring as bousteen vir ekonomiese boerderybeoefening: *"Daar is afdoende bewyse en getuienis dat boere wat bewaringsboerdery beoefen groter bestendigheid en hoër produksie verkry*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*en periodieke, voorspelbare droogtes, sowel as rampdroogtes, met aansienlik groter sukses weerstaan as boere wat dit nie toepas nie."*[31]

Die *"Jaarverslag van die Grondbewaringsraad"* (1962/63) plaas die situasie rondom bewaring as ideaal op daardie tydstip in perspektief. Volgens die Raad **"is daar gestadige vordering op verskeie terreine van die bewaringstrewe** *en die Raad vind 'n gesonde aanduiding dat die gedagte van bewaringsboerdery begin posvat."* Die Raad is egter teleurgesteld **"dat die vordering nie aan verwagtings voldoen nie."**[32] Ondanks die bemoedigende aanduidings in verband met die gestaltegewing aan die bewaringsideaal, blyk dit uit die *"Verslag oor Droogtevoeding"* dat versuim van die kant van die boeregemeenskap om gestalte aan die bodembewaringstrategie te gee, op verskillende wyses 'n invloed op die breë volkshuishouding uitoefen: *"Die Komitee is sterk daarvan oortuig dat as in ag geneem word die aansienlike en herhaaldelike uitgawes aan droogtehulp, tesame met die direkte en indirekte veeverliese veroorsaak deur droogtes,* **die Republiek dit nie kan bekostig dat ongesonde boerderystelsels wat bewaringsbeginsels verontagsaam, langer toegelaat mag word nie en dat drastiese optrede deur die Staat ten volle geregverdig sal wees."**[33] Hiermee word die verantwoordelikheid van die bodemgebruiker binne die sfeer van die kollektiewe verantwoordelikheid betrek, moet die boer hom in die lig van die konkrete situasie opnuut verantwoord ten opsigte van dié momente wat met die sedelike grootheid gemoeid is: besit, gesindheid, aanvaarding van verantwoordelikheid, ook teen die agtergrond van momente soos produksie-vir-welvaart en bewaring as moment in die oorkoepelende nasionale welsynstrategie.

Die uitwerking van die droogte van die vroeë sestigerjare is só omvangryk dat 'n omvattende ondersoek na die landboubedryf in die geheel noodsaaklik geword het. Die opdrag aan die *"Kommissie van Ondersoek na die Landbou"* (1966) gee 'n aanduiding van die diepte en breedte van die problematiek wat die bodembenuttingstrategie op daardie tydstip omgewe het. Die Kommissie had opdrag om:

- *"die grondbeginsels vir ekonomies en biologies gesonde boerderystelsels in die Republiek neer te lê;*
- *vas te stel in welke opsigte, in welke vertakkings en in welke streke die huidige boerderystelsels tekort skiet en waarom;*
- *aanbevelings te maak ter uitskakeling van sodanige tekortkominge;*
- **spesiaal ondersoek in te stel na en aanbevelings te maak oor die heropbou van die landbou in gebiede wat erg aan droogtetoestande onderhewig is."**[34]

Die laaste opdrag was die dringendste en het uitgeloop op 'n tussentydse verslag wat nie net 'n evaluering van bewaringsboerdery bevat nie - die aanbevelings in die verslag dui op toenemende onrus en 'n kritiese ingesteldheid waarmee die benutting van die bodem as volksbate bejeën word.

Die gevolgtrekkings van die Kommissie dui onteenseglik daarop dat bewaring as grondtoon vir die bodembenuttingstrategie soos beliggaam in die Grondbewaringswet, op die meeste plase nie konkrete gestalte aangeneem het nie. Die Kommissie bevind dat die meeste boerderye steeds nie in harmonie met die bodemgemeenskap beoefen word nie: *"Die neiging bestaan vry algemeen om die klem op produksie te plaas en om ander belangrike biologiese oorwegings buite rekening te laat."*[35] Maatreëls soos distriks- of plaasplanne, wat gestalte aan bewaring moet gee, is volgens die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kommissie deur bitter min boere uitgevoer. Finansiële laste van die boer, droogte en ander redes word hiervoor aangevoer, maar die Kommissie bevind: *"Feit bly egter dat hoewel daar ruim gebruik gemaak is van verskeie hulpdienste- en maatreëls wat deur die Staat beskikbaar gestel is,* **daar teleurstellend min self deur baie boere gedoen is om die doel waarvoor hierdie hulp beskikbaar gestel is, te verwesenlik."**[36] Dié laaste beskouing word deur die Grondbewaringsraad in sy jaarverslag van 1967 onderskryf: *"Gedurende sy vergadering in Desember 1966 het die Raad 'n oorskouing van die bewaringstoestand in die Republiek gehou* **en is daar gevoel dat die vordering gedurende die afgelope 21 jaar van die bestaan van die Grondbewaringswet nie na wense was nie."**[37]

Die *"Kommissie van Ondersoek na die Landbou"* ondersteun 'n aanbeveling van die Landbou-adviesraad, .... *"dat die beoefening van bewarings- en beplande boerderye voorwaardelik gekoppel moet wees aan enige hulpmaatreël ter voorkoming, bekamping of oorbrugging van droogtes."*[38] Dié beskouing bevestig nie net getuienis dat bewaringsboerdery die uitwerking van droogte kan temper nie maar ook die bedenking dat bewaring in die meeste gevalle nie tot sy reg kom nie. Die Kommissie spreek hom dan ook sterk uit ten gunste van bodembewaring as voorbereiding teen droogtetoestande. Hy stel dit: *"Die Kommissie het hom bewus geword van 'n skynbaar onverskillige houding wat daar vry algemeen onder boere teenoor die veld bestaan."*[39] Aan die ander kant *"heers by baie boere ook 'n gees van ooroptimisme, wat meebring dat hulle hul veldbelading baseer op jare met 'n reënval bo die gemiddelde wat deur hulle as normale jare bestempel word."*[40] Teen 1966/67 was die situasie sodanig dat dié Kommissie besorg begin raak dat bodemverniетiging **"in die toekoms droogtes in toenemende mate sal versnel en vererger."**[41]

Die opvatting van die *"Kommissie van Ondersoek na die Landbou"* dat staatshulp vir droogtenoodleniging slegs toegestaan word aan diegene wat bewaringsboerdery beoefen, kry beslag in die *"Veeverminderingskema"* (1969) waarna reeds verwys is. Dié skema is ingevolge die *"Finansiële Hulpskema"* van die Grondbewaringswet op die grondslag van vrywillige deelname ingestel en kom daarop neer dat deelnemende boere vergoed is om hulle veegetalle te verminder en in sommige gevalle alle vee aan die veld te onttrek. Sodoende sou die veld hopelik oor 'n tydperk die geleentheid kry om te herstel. Met die aankondiging van die skema het die Minister van Landbou onder meer verklaar: *"Met die oog op die ruim vergoeding wat aangebied word vir veevermindering en die feit dat met 'n kleiner getal vee verhoogde produksie per dier verwag kan word, vertrou ek dat alle betrokke boere van hierdie geleentheid gebruik sal maak om veldagteruitgang, wat veral in die droër gebiede sulke ernstige afmetings aangeneem het, te stuit."*[42]

'n Later evaluering van die *"Veeverminderingskema"* dui op gunstige gevolge hoewel verskeie faktore die meting daarvan bemoeilik het. Daar is aanvaar dat die invloed van die skema betreklik wyd uitgekring het en dat boere in die algemeen meer bewus geraak het van die voordele en noodsaaklikheid van veldbewaring.[43] Daarteenoor is aangevoer dat objektiewe maatstawwe vir evaluering ontbreek het; dat gunstige landboutoestande tydens die duur van die skema die resultate van deelnemers en nie-deelnemers beïnvloed het; dat die lae produksiepotensiaal van die weistreke nie die besteding van R54 miljoen geregverdig het nie. In die lig van die swak toestand



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die weiveld in bepaalde gebiede word aanbeveel dat die skema in gewysigde vorm daar voortgesit word. Die hele aangeleentheid word deur 'n komitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie teruggevoer na die Grondbewaringswet. Dié komitee bevind: *"Daadwerklike toepassing van die Grondbewaringswet (is) die belangrikste hulpmiddel waardeur permanente herstel en stabilisering van die weiveld gewaarborg kan word."*[44] Dié standpunt impliseer 'n terugkeer na die basiese uitgangspunte van die Grondbewaringswet wat so sterk deur verantwoordelikheidaanvaarding omgewe word.

*Versnippering van landbougrond*

'n Aspek van die Suid-Afrikaanse boerderypatroon wat toenemend in verslae van ondersoeke opgeduik en oplaas naas bodemvernietiging as belangrikste kortsluitingsmoment in die bodembenuttingstrategie geïdentifiseer is, is die onderverdeling van plase in sogenaamde onekonomiese eenhede.

Die *"Interdepartementele Studiekomitee oor die Gebruik van Landbougrond"* definieer *"onbeplande onderverdeling en versnippering van plase"* as *"sodanige onderverdeling wat van plaaseenhede te klein oppervlaktes laat oorbly om 'n gesin in staat te stel om op die grond 'n menswaardige bestaan te kan maak."*[45]

Stockenstrom se verslag aan die Koloniale Sekretaris in die tweede dekade van die negentiende eeu, bevat waarskynlik van die eerste verwysings na die verskynsel van te klein plase waarop te veel vee aangehou word.[46] In die verslag van die *"Komitee van Ondersoek insake die Indringing van Woestyntoestande"* (1948) word *"oormatige onderverdeling van plase"* as een van die *"menslike elemente"* in die vraagstuk van verliese weens droogte genoem maar nie uitgesonder nie.[47] Dié Komitee bevind: *"Onderverdeling van plase in die gebied wat ondersoek is, is op die oomblik nie 'n faktor wat in ernstige mate bydra tot die agteruitgang van die veld nie."*[48] Dit blyk ook nie 'n faktor van ekonomiese betekenis in die landbou te wees nie, behalwe in gevalle waar akkerbougrond onder besproeiing aanhoudend onderverdeel is.[49] Die aangeleentheid van ekonomiese eenhede kom egter prominent onder die aandag tydens 'n konferensie oor die uitwerking van droogte in 1964, waar dit onder meer gestel word: *"Produsente moet ekonomiese eenhede besit sodat hulle kredietwaardige reserwes kan opbou wat hulle in staat sal stel om hulleself te onderhou, selfs in tye van droogte."*[50]

Versnippering van landbougrond as 'n ernstige probleem in die bodembenuttingstrategie word in die *"Droogtevoedingverslag"* (1965) geïdentifiseer: *"Daar onekonomiese boerderyeenhede 'n ernstige belemmering is, verg hierdie aspek dringende aandag."*[51] Dié laaste aanbeveling vind weerklank in die verslag van die *"Kommissie van Ondersoek na die Landbou,"* waar die uitwerking van droogte op die boerdery in Noord- en Noordwes-Transvaal met die onderverdeling van plase in verband gebring word. 'n Blitsondersoek het aan die lig gebring dat slegs 12 persent van die plase in dié gebied groter as 2 000 morge is en tot 88 persent, kleiner. 'n Minimumgrootte van 1 500 morge word as ekonomiese eenheid beskou.[52] *"Uit hierdie oogpunt beskou, het die onderverdeling van die betrokke gebied die punt bereik waar 79 persent van die eiendomme 1 500 morge en kleiner is en slegs 21 persent bokant hierdie grootte lê. Bykans 52 persent van die oppervlakte is betrokke by die eiendomme wat onderkant die 1500 morge grootte kerf lê."*[53] Die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belangrikste gevolg hiervan is weiveldvernietiging en onproduktiwiteit van plase: *"Die versnippering van die gebied in te klein boerderyeenhede het reeds sulke afmetings bereik dat die vleisboerdery op 'n groot deel van die boerderye geen belangrike plek meer kan inneem nie en sodoende word die basis waarop boerderystabiliteit in die gebied berus, sterk aangetas."*[54] Dieselfde tendens blyk uit opnames in ander dele van die land en die Kommissie bevind dat sogenaamde onekonomiese eenhede *"in 'n ontstellende mate in die gebiede (wat aan kwaai droogtes onderhewig is) te vinde is en dat die uitwerking hiervan op die veld en ander natuurlike hulpbronne uiters nadelig is."*[55]

In die lig van dié en ander kommentaar en bevindinge, moet aanvaar word dat versnippering van landbougrond volkome in stryd is met die gees van die Grondbewaringswet en dat die gevolge daarvan die hele landboubedryf raak: *"Getuienis is deur verskeie instansies gelewer om aan te toon dat* **die probleem van 'onekonomiese plaaseenhede' weens sy ekonomiese, biologiese en sosiologiese implikasies besig is om die gesonde voortbestaan van die landbou in die Republiek van Suid-Afrika te ondermyn, en dat dit seker een van die grootste enkele probleme is waarmee die Suid-Afrikaanse landbou vandag te kampe het."**[56]

Uit 'n voortgesette ondersoek na die verkleining van plaaseenhede blyk dit dat die proses van onderverdeling na vore begin tree het ná die finalisering van Suid-Afrika se fisiese horisonne: *"Die betreding van die periode van meer gevestigde okkupasie en intensiewer bewerking van die grond was vir die platteland nie sonder ooreenstemmende maatskaplike probleme nie. Die surplusbevolking wat deur natuurlike aanwas ontstaan het, moes òf op dorpe òf op stede afgelaai en deur onderverdeling van plaaseenhede geakkommodeer word. Omdat die eerste alternatief deur beperkte werkgeleenthede of gebrekkige akademiese opleiding aan bande gelê is, moes die toevlug geneem word tot die tweede alternatief, naamlik* **onderverdeling** *van grond."*[57]

Die voorafgaande dui onder meer op 'n komplekse wisselwerking tussen mens en bodem in 'n situasie wat radikaal verskil van dié van die pioniermens van enkele geslagte tevore. Wat egter selfs sterker na vore kom is die beeld van kortsluitings in die gestaltegewing aan die bodembenuttingstrategie - kortsluitings wat nie slegs op 'n krisis in die wisselwerking tussen mens en bodem dui nie maar ook, in die lig van die strategie se sedelike onderbou, op 'n morele krisis.

Dié krisis is verwant aan dié wat hom in die Westerse wêreld ten opsigte van die verhouding van die mens tot sy fisiese omgewing voordoen. Hieroor skryf Means:[58] *"It is a moral crisis because it is a historical one involving man's history and culture, expressed at its roots by our religious and ethical views of nature - which have been relatively unquestioned in this context."* Die mens se verhouding tot die omgewing word reeds geruime tyd in die Westerse wêreld ernstig bevraagteken en wel in samehang met die groeiende vrees vir *"omgekeerde ingryping"* van die natuur op die menslike gemeenskap. Dié vraag is tot nog toe hoegenaamd nie in diepte in Suid-Afrika gestel nie. White bring dié krisis onder meer in verband met die kombinering van wetenskap en tegniek - twee kernmomente in die ontologiese houding: *"It was not until about four generations ago that Western Europe and North America arranged a marriage between science and technology, a union of the theoretical and the empirical approaches to our natural environment.* **The emergence in widespread practice of the Baconian creed that scientific knowledge means technological power over nature** *... may mark the greatest event in human*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*history since the invention of agriculture, and perhaps in non-human terrestrial history as well."*[59] Dié situasie lei volgens White tot 'n gedwonge soeke na 'n nuwe begrip: ekologie. *"Today, less than a century later, the impact of our race upon the environment has so increased in force that it has changed in essence."*[60]

Die mens kan Van Peursen se vraag na die gevolge van die tegniese ingryping in die menslike gedrag, nou nie meer ontkom nie. En juis dít vorm in die funksionele houding die grondslag vir etiek: *"Want pas als wij de kritische vraag gaan stellen hóé wij onze kennis en technisch arsenaal gebruiken, kan er van een functionele verantwoordelijkheid ... van een toenemende bevrijding van de mens sprake zijn."*[61] Van Peursen se beskouing oor die substansialisme as skadukant van die ontologie,[62] **vind weerklank in Schaeffer se fundering van die mens se verhouding tot die natuur in die Christelike houding:** *"When we have dominion over nature,* **it is not ours** ... *Man's dominion is under God's dominion and under God's domain ... Whenever anything is made autonomous, nature eats up grace and soon all meaning is gone ... When nature is made autonomous ... soon* **man eats up nature."**[63]

Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref is die vraag of die kortsluitings in die gestaltegewing aan bewaring as sedelike prinsipe, opgehef kan word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*


1. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling,** Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 138.
2. VORSTER, P.W., **Die Kerkblad,** Januarie 1979, p. 5.
3. SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, 1970, p. 48.
4. VORSTER, P.W., **Die Kerkblad,** Februarie 1970, p. 3.
5. SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, 1970, p. 50.
6. VAN DER MERWE, P.J., **Die Noordwaartse Beweging van boere voor die Groot Trek** (1770-1842), 1935.
7. Aangehaal in die **Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, p. 4.
8. LEVINKIND, L., **Droogtes in Suid-Afrika, 'n voorlopige studie oor hulle omvang en strafheid en die frekwensie van hulle voorkoms sedert 1904,** Boerdery in Suid-Afrika, Maart 1941.
9. Aangehaal in die **Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, p. 4.
10. Idem.
11. Idem.
12. LEVINKIND, L., **Droogtes in Suid-Afrika,** Boerdery in Suid-Afrika, Maart 1941.
13. KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE VOER VAN DIERE IN TYE VAN DROOGTE, **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 18.
14. Idem, p. 19.
15. VOERBANKKOMITEE., **Verslag,** soos aangehaal in **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 6.
16. Idem, p. 8.
17. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE LANDBOU., **Tussentydse Verslag,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, Voorwoord.
18. UYS, D.C.H., **Persverklaring: Veeverminderingskema vir Skaapweistreke goedgekeur,** Pretoria, 19 Junie 1969.
19. KOMITEE VAN ONDERSOEK NA LANDELIKE HERVORMING., **Verslag,** Deel I, Staatsdrukker, Pretoria, p. 5, par. 1.1.
20. Aangehaal in **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 10.
21. DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN BEMARKING, **Ondersoek na Boerderytoestande in die Noordewestlike Kaapprovinsie,** 1961.
22. Aangehaal in **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 16.
23. KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE VOER VAN DIERE IN TYE VAN DROOGTE., **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 27.
24. TIDMARSH, C., soos aangehaal in **Verslag van die Komitee van Ondersoek Insake die Indringing van Woestyntoestande,** Staatsdrukker, Pretoria, 1952, p. 4. My kursivering.
25. EVANS, I.B. POLE., soos aangehaal in **Verslag van die Komitee van Ondersoek Insake die Indringing van Woestyntoestande,** Staatsdrukker, Pretoria, 1952, p. 8, par. 25.
26. KOMITEE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE INDRINGING VAN WOESTYNTOESTANDE., **Verslag,** Staatsdrukker, Pretoria, 1952, p. 10, par. 33. My kursivering.
27. Aangehaal in **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 13.
28. Idem, pp 13/14.
29. Idem, p. 26, par. 91.
30. Idem, p. 26, par. 92. My kursivering.
31. Idem, p. 27, par. 95.
32. DIE GRONDBEWARINGSRAAD, **Jaarverslag,** 1 Julie 1962 - 30 Junie 1963, soos aangehaal in **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 27. My kursivering.
33. KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE VOER VAN DIERE IN TYE VAN DROOGTE., **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, pp. 27/28, par. 103. My kursivering.
34. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE LANDBOU., **Tussentydse Verslag,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968. My kursivering.
35. Idem, p. 87, par. 8.2.1.1.
36. Idem, p. 87, par. 8.2.1.1. My kursivering.
37. GRONDBEWARINGSRAAD., **Jaarverslag,** Julie 1966 - Junie 1967, soos aangehaal in **Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, p. 31. My kursivering.
38. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE LANDBOU., **Tussentydse Verslag,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, p. 88, par. 8.2.1.5.
39. Idem, p. 89, par. 8.3.1.1.
40. Idem, p. 89, par. 8.3.1.2.
41. Idem, par. 8.3.1.6.
42. UYS, D.C.H., **Persverklaring: Veeverminderingskema vir Skaapweistreke goedgekeur,** Pretoria, 19 Junie 1969.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

43. BAARD, C.R., **'n Evaluasie van die Veeverminderingskema** (1969-1978), Departement van Landbou-Tegniese Dienste, Pretoria, November 1978, p. 85.
44. Idem, p. 91.
45. INTERDEPARTEMENTELE STUDIEKOMITEE OOR DIE GEBRUIK VAN LANDBOUGROND., **Verslag** (Vertroulik), Desember 1968, p. 22.
46. Aangehaal in **Tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, p. 4.
47. KOMITEE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE INDRINGING VAN WOESTYNTOESTANDE., **Verslag,** Staatsdrukker, Pretoria, 1952, p. 4.
48. Idem, p. 25.
49. Idem, p. 9.
50. Aangehaal in **Verslag oor Droogtevoeding,** Staatsdrukker, Pretoria, 1965, p. 12.
51. Idem, p. 27. par. 103.
52. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE LANDBOU., **Tussentydse Verslag,** Staatsdrukker, Pretoria, 1968, p. 20, par. 3.35.3.
53. Idem, par. 3.35.4.
54. Idem, pp 20/21, par. 3.35.10.
55. Idem, p. 38, par. 4.4.4.5.4.
56. Idem, p. 39.
57. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE LANDBOU., **Tweede Verslag,** 1970, p. 24.
58. MEANS, RICHARD L., **Why Worry About Nature?,** opgeneem deur SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, 1970, p. 91.
59. WHITE, LYNN., **The Historical Roots of Our Ecologic Crisis,** opgeneem deur SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, 1970, p. 72.
60. Idem.
61. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling,** Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 185.
62. Idem, p. 72. Substansialisme is .. **iets dat op zichzelf kan staan en niet van iets anders afhankelijk is.**
63. SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, 1970, p. 51.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 7

## VERNUWING IN DIE BODEMBENUTTINGSTRATEGIE

*Inleiding*

In die lig van voorafgaande hoofstukke lyk die gevolgtrekking onontkombaar dat die Suid-Afrikaanse boeregemeenskap nie daarin geslaag het om gestalte aan bewaring as bodembenuttingstrategie te gee nie - 'n elk geval nie in dié mate dat bewaring as kultuurmoment onderskei kan word nie. Dit kom trouens voor of bodemvernietiging 21 jaar na die promulgering van die Grondbewaringswet ernstiger afmetings aangeneem het as in die tydperk wat dit voorafgegaan het, en dat bewaring nie net as verantwoordelikheid vervaag het nie, maar oënskynlik ook in konkrete sin as lonende en stabiliserende faktor in boerderybeoefening.

Hoewel met verloop van tyd verskeie faktore geïdentifiseer is wat stremmend op die gestaltegewingsproses ingewerk het - sommige faktore buite die boer se beheer - blyk die uitwerking daarvan tog nie van so 'n omvang en intensiteit te wees dat dit gestaltegewing dermate kon inhibeer nie.

In die soeke na redes vir dié situasie is deur verskeie instansies studies en ondersoeke onderneem na die wisselwerking tussen die owerheid as administrateur van die bodembenuttingstrategie, en die boer - 'n wisselwerking soos beliggaam in die staat se voorligtingsdiens as belangrikste gestaltegewende moment. In dié verband konstateer Kolbé: *"In Suid-Afrika het die landboukundige produksiemasjien tot op datum redelik goed tred gehou met die produksie-eise wat aan hom gestel is, en dit het grootliks tot ons nasionale welsyn en selfstandigheid bygedra, maar die prys in terme van ons natuurlike hulpbronne, was hoog. Met ons kennis deur navorsing verkry, en die aarde wat sy gewilligheid bewys het, is groot produksievordering gemaak, maar die* **vermoë** *om die bodem deur moderne bewaringsboerdery onder produksie-druk in stand te hou, het agterweë gebly* **omdat die taak en funksie van voorligting nie doeltreffend deurgevoer is nie."**[1]

Dit is nie moontlik om binne die konteks van dié studie volledig op die wese van hedendaagse landbouvoorligting in te gaan nie. Enkele momente van voorligting gee egter 'n aanduiding van die belangrikste doelwitte. Volgens Kelsey & Hearne[2] behels die begrip voorligting: "..... *to develop the people into understanding, effective, self-confident members of society who will have broad vision and be capable of meeting responsibilities in their homes, their communities, their state and their nation."* Die taak van voorligting is in wese 'n opvoedingstaak. Volgens Van Wyk: *"Die primêre doel van voorligting is (dus) vorming of, anders gestel, om 'n gunstige verandering in die mens te weeg te bring."*[3] Die grondtoon van die voorligtingsdiens is dat die mens gehelp moet word *"om homself te help"*.[4] Die klem val op opvoeding, ontwikkeling, verandering by die mens, wat sowel aanvaarding van as gestaltegewing aan bewaring as hoofmoment in 'n bodembenuttingstrategie sal meebring.[5] Immelman stel dit *"dat bewaringsboerdery wat op die aanvaarding van 'n kompleks van praktyke berus, veel meer ingewikkeld (is) as die aanvaarding van 'n praktyk soos bastermieliesaad of die dosering van skape teen inwendige parasiete."*[6] Kolbé verwys soos volg na die voorligtingsituasie ná die afkondiging



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die Grondbewaringswet in 1946: *"By die Grondbewaringswet ..... is fisies-biologiese resultate met behulp van mensemateriaal volgens fisies-funksionele verhoudinge gekoester, in plaas van sosiaal-ekonomiese resultate volgens sosiaal-opvoedkundige verhoudinge."*[7] Die onmiddellike doel was dus verhoogde produksie in plaas van 'n proses van opvoeding in diepte ten opsigte van die breë strategie wat in elk geval verhoogde produksie sou meebring.[8]

Hoewel voorligting 'n belangrike rol te vervul het met betrekking tot die algemene opvoeding van die boeregemeenskap en die bevordering van bewaringsboerdery, word dit nie as die alfa en die omega in die stryd teen bodemvernietiging beskou nie.[9] In die laat-sestigerjare kom Immelman tot die gevolgtrekking - na aanleiding van 'n ondersoek in die opvanggebied van die Oranjerivier - dat die taak *"om deur landbouvoorligting - in die lig van die huidige situasie gesien - bewaringsboerdery binne afsienbare tyd van algemene toepassing te maak, nie moontlik skyn te wees nie."*[10] Dit blyk dat selfs vooruitstrewende boere bewaringsboerdery nog nie *"hul eie"* gemaak het nie en dat die bodem wat deur minder vooruitstrewende boere benut word, noodwendig deur wetgewing beskerm sal moet word.

Daar is reeds aangetoon dat landbounavorsing in 'n groot mate voorsien in die vraag na kennis vir produksie en dat genoeg kennis oor die toepassing van bewaringsboerdery beskikbaar is. Tog konstateer Kolbé: *"Een van die sleutelprobleme in die Suid-Afrikaanse landbou is die gebrekkige benutting van wetenskaplike kennis ..... Die bodem in Suid-Afrika gaan eerder weens gebrekkige toepassing van kennis agteruit as weens 'n werklike gebrek aan kennis."*[11] Die beskikbaarheid van kennis as sodanig is egter nie deurslaggewend nie: *"Opvoeding of verandering het nie plaasgevind voordat innerlike verandering plaasgevind het nie."*[12] Du Plessis som dit só op: "*Wat ook al gedoen word deur amptelike en ander instansies, daar sal met bewarende benutting van die hulpbronne net sover gevorder word as waartoe die gesindheid van elke boer en sy gesin daarop ingestel is om hieraan uitvoering te gee."*[13] Van der Merwe[14] beskou besetting van die bodem deur die mens as onvoltooid solank die toekomstige welsyn van die bodem nie verseker is nie. *"Dit is die opdrag aan die mens om mee te doen aan die nimmereidigende skeppingsproses ten opsigte van die bodem."* In 'n reeks radiopraatjies onder die opskrif: *"Die Filosofie van Grondbewaring"*, plaas Vorster (Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste) benutting en bewaring van die bodem onomwonde binne die sfeer van die sedelike. Hy voer aan dat *"die boer as redelike, sedelike wese nie afwysend teenoor die kultuur kan staan nie ..... As denkende, volwasse mens kan hy nie anders as om aan homself rekenskap te gee van sy taak en roeping in die wêreld, sy verhouding tot sy Skepper, tot sy medemens en tot die wêreld om hom heen."*[15] Die boer se beskouing oor die boerdery en oor bewaring *"is 'n integrale deel van sy lewens- en wêreldbeskouing."*[16] Die eindomsreg van die bodem berus by God: *"Die boer tree eintlik net as rentmeester en vruggebruiker van die plaas wat aan sy sorg toevertrou is, op. Hy dra die verantwoordelikheid om die natuurlike hulpbronne en veral die bodem reg, doeltreffend en oordeelkundig te benut ooreenkomstig die wette en norme wat daarvoor geldig is. Aan hierdie verantwoordelikheid kan hy nie ontkom nie. In hierdie roepingsvervulling beleef die boer egter ook sy grootste vryheid."*[17] Dié siening van die wisselwerking tussen die boer en die bodem beskou Vorster as *"van deurslaggewende betekenis vir die beoefening van grondbewaring"*. *"Die heerserstaak van die mens laat hom nie toe om die bodem as 'n blote handels- of*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*verbruikersartikel te misbruik of om net roofbou daarop toe te pas nie ....*"[18] Vernieling of vernietiging van die bodem *"is dan ook 'n aanklag teen die mens dat hy sy roepingsopdrag nie nagekom het nie en dat hy op onverantwoordelike wyse teenoor die bodem, wat aan sy sorg toevertrou is, opgetree het."*[19]

*Die "Nuwe Grondbewaringswet"*

'n Kritiese beskouing van die voorligtingsituasie op dié besondere tydstip lei nie net tot aanbevelings ter uitskakeling van knelpunte in die owerheid se voorligtingstrategie nie; saam met die bevindinge en aanbevelings vervat in verslae oor die belangrikste aspekte van die landboubedryf, noop dit die owerheid tot hernieude besinning oor die bodembenuttingstrategie in sy volle omvang. Die noodsaaklikheid vir vernuwing in die poging om die welsyn van die land se bodem te verseker, dra egter nie slegs 'n amptelike stempel nie. In die voorwoord tot *"Lantern"* van Maart 1967 word die saak uit 'n ander hoek benader: *"In die eerste plek is 'n meesterplan onontbeerlik .... Die probleem moet opnuut in al sy fasette deurskou word, en die voordeligste wyse om dit te doen, sal wees om deskundiges wat in verskillende rigtings van die landbouwetenskap spesialiseer, in 'n vaste navorsings- en beplanningspan te betrek op die lees van wat tans oorsee as 'operational research and planning' bestempel word."*[20] Die Nasionale Veldtrust wil steeds *"die volksgewete prikkel"*; die owerheid word versoek om die nuwe strategie met hernieude drif in werking te stel en om die boere se *"vrywillige samewerking en optrede te erlang."*[21]

Die beskouinge van bewaring as sedelike beginsel vind weerklank in die debat in die Volksraad (Mei 1969) rondom die wetsontwerp vir die wysiging van die Grondbewaringswet, waar Lowdermilk se *"The 11th Commandment"* deur Bennett aangehaal word: *"Thou shall inherit the earth as a faithful steward concerning its resources and productivity from generation to generation. Thou shall safeguard thy fields from soil erosion, thy living waters from drying up, thy forests from desolation and protect thy hills from over-grazing by the herds, that thy descendants may have abundance forever. If any shall fail in the stewardship of the land, thy fruitful fields shall become sterile stony ground or wasting gullies and thy descendants shall decrease and live in poverty or perish from the face of the earth."*[22]

In sy toespraak ter inleiding van die tweedelesingsdebat evalueer die Adjunk-minister van Landbou die resultaat van die bodembenuttingstrategie sedert 1946: *"As daar een saak is waaroor ons almal in hierdie Raad dit met mekaar eens is dan is dit sekerlik dat ons almal voel dat daar nie vinnig genoeg met grondbewaring vordering gemaak word nie."*[23] In 1946 *"het almal die hoop en verwagting gekoester dat die gevare van gronderosie binne enkele dekades iets van die verlede sou wees en dat die Wet alle boere binne enkele jare in staat sou stel om op die beplande plase bewaringsboerderymetodes toe te pas .... Nou na 23 jaar blyk dit egter dat al die ideale nie verwesenlik is nie ...."*[24]

Die uitwerking van die sterk beklemtoning in 1946 van die individuele vryheid en demokratiese regte van die grondbesitter in die aangesig van 'n krisissituasie ten opsigte van die bodem, vind nou sy neerslag in die volgende eufemistiese formulering: *"Dit het oor die jare geblyk dat die huidige Grondbewaringswet te idealisites opgestel is ...."*[25] Faktore wat die gestaltegewing



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die wet beïnvloed het, sluit die volgende in: die meeste boere het nie die voorgeskrewe bewaringsmaatreëls toegepas nie; grondbewaringskomitees was nie bereid om teen hulle medeboere wat die bepalings van die wet nie wou nakom nie, op te tree; die belangstelling van boere was dikwels so swak dat die verkiesing van lede van komitees nie kon plaasvind nie.[26] Wat finansiële hulp vir die uitvoering van bewaringsmaatreëls betref, word gekonstateer: *"Ek wens dit weer eens baie duidelik te stel dat die bewering nooit gemaak kan word dat grondbewaring vertraag is as gevolg van onvoldoende fondsvoorsiening vir subsidies en lenings nie."*[27] Die klimaat vir aanpassings van die strategie word as gunstig beskou, onder meer om die volgende rede: *"Boereleiers dring al etlike jare daarop aan dat die Wet baie strenger toegepas moet word en het ook al selfs dwangmaatreëls soos die weerhouding van droogtehulp in die geval van boere wat nie bewaringsmaatreëls en -praktyke toepas nie, voorgestel."*[28]

Die wysigings van die wet impliseer dat die verantwoordelikheid vir die konkrete uitvoering van die bodembenuttingstrategie bykans uitsluitlik by die owerheid sal berus. Dit sal nie meer 'n ampslig van distrikskomitees wees om toe te sien dat bepalings van die wet uitgevoer word nie; distrikskomitees sal voortaan nie grondbewaringsplanne hoef op te stel nie - dié planne sal by wyse van voorskrifte in die Staatskoerant vir elke distrik afgekondig word; distrikskomitees se belangrikste funksies sal adviserend van aard wees. Die onderliggende beskouing van die owerheid word só opgesom: *"Die beleid wat gevolg sal word, sal wees: Lei, help en vermaan totdat geen ander uitweg as vervolging oorbly nie. Deur dwangmaatreëls alleen sal ons die bodem nie kan help red nie, die regte gesindheid moet in die eerste plek daar wees."*[29] In die lig van die bekende feite in verband met die bodembenuttingsituasie, doen Streicher[30] se eerste reaksie op die voorgestelde wysigings enigsins simplisties aan. Hy verstrek drie uitsluitende redes waarom die bewaringstrategie na 23 jaar *"nie geslaag"* het nie: die tekort aan amptenare wat moet toesien dat grondbewaringswerke uitgevoer word; die finansiële onvermoë van boere ondanks die hulp van die staat in die vorm van subsidies en lenings; die voorkoms van *"rampe soos droogte en peste"*.

Daar moet genoem word dat sommige senior beamptes van die Departement van Landbou-tegniese Dienste en andere die daarstelling van 'n statutêre liggaam vir die administrering van die Grondbewaringswet voorgestaan het. Na hulle mening sou so 'n liggaam met groter vrymoedigheid stappe kon doen wat noodsaaklik vir die uitvoering van die wet geag word, en ook minder aan politieke druk onderhewig wees.[31] Die administrasie van die wet is egter aan die nuutgestigte Afdeling Bodembeskerming opgedra wat namens die Departement van Landbou-tegniese Dienste aan die breë bodembenuttingstrategie gestalte sou gee.

*Wet op Onderverdeling van Landbougrond*

Die invloed van die onoordeelkundige onderverdeling van landbougrond op die wisselwerking tussen die mens en die bodem is reeds aan die orde gestel. Die omvang en intensiteit van die probleem loop uit op die aanstelling van die *"Interdepartementele Studiekomitee oor die Gebruik van Landbougrond"*(1968) Die opdrag aan die Komitee wys egter heen na 'n nuwe faset van die probleem, naamlik die aanspraak van ander sektore in die volkshuishouding op die grondoppervlakte. Hieroor laat Vorster hom soos volg uit: *"Dit is lewensnoodsaaklik dat ons alles in ons vermoë moet doen om grondverliese tot die absolute minimum te beperk. In die eerste plek*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*moet verhoed word dat grond met 'n hoë produksievermoë vir nie-landboudoeleindes soos woonbuurte, fabrieke en paaie aangewend word."*[32]

Die problematiek rondom bodemvernietiging kring nou uit na ander terreine van die volkshuishouding, bring nuwe perspektiewe op die wisselwerking tussen die menslike gemeenskap en die bodem na vore. Die proses van verstedeliking, ontwikkeling van die nywerheid en ander ekonomiese sektore lei noodwendig tot groter differensiëring ten opsigte van bodembenutting. Die *"Studiekomitee oor die gebruik van Landbougrond"* dui landbou, bosbou, ontspanning, vervoer, stedelike gebruik (met al sy fasette), omstedelike gebruik ens., as die jongste en groeiende bodembenuttingsvelde aan.[33] Inmiddels word die bodem se verpligtinge as produksiefaktor steeds groter. Volgens die Komitee beslaan hoëpotensiaal landbougrond nouliks meer as 1 persent van die totale landoppervlakte.[34] Die beperktheid van die bodem as produksiemiddel vereis dan elke moontlike maatreël ter bewaring en beskerming van die hulpbron. Dit impliseer dat die ander sektore van die volkshuishouding wat noodwendig by bodembenutting betrokke is, oppervlaktes gebruik wat nie ernstige inbreuk op die beperkte produksiemiddel sal maak nie. Die Komitee toon aan dat daar teen die einde van die vyftigerjare reeds 93 000 kleinhoewes in Suid-Afrika was, waarvan 56 000 in Transvaal geleë was. *"Die versnippering is toe aan bande gelê maar sedertdien het dit die 25 morg-patroon gevolg wat tans koorsagtige afmetings aanneem."*[35]

Die Komitee spreek ernstige besorgdheid uit oor die onderverdelingsituasie op plase, en stel dit: *"Bykans die helfte van die boerderyeenhede in die land lewer nie 'n redelike bestaan aan die gesin nie. Hierdie groot getal plase is nie almal onekonomiese groottes nie maar die stelling kan gemaak word dat minstens een-derde van die afsonderlike plaaseenhede in die land te klein is om 'n menswaardige bestaan aan die gesin te verskaf."*[36]

Daar is reeds aangetoon dat *"onbestaanbare"* plaaseenhede tot bodemvernietiging aanleiding gee en dat dit byna onafwendbaar op sosio-ekonomiese agteruitgang van die landelike gebiede uitloop. **Konsolidering van "onbestaanbare" boerderyeenhede, beheer oor landbougrond en die onttrekking daarvan vir nie-landboudoeleindes, moet dan by die bodembenuttingstrategie geïntegreer word as moment wat deursny van die plaas tot die fabriek en die snelweg - 'n nuwe nasionale verantwoordelikheid, 'n nuwe moment in die bodembenuttingkultuur.**[37]

Net soos in die geval van bodembewaring, kry dié ideaal in wetgewing beslag; net soos die Grondbewaringswet, word die *"Wet op Onderverdeling van Landbougrond"* as ingrypend beskou. Hoewel dit nie deur die gemeenskap ingegee of beïnvloed is nie, word die wet deur die gemeenskap aanvaar as uitvloeisel van die owerheid se verantwoordelikheidaanvaarding vir die welsyn van Suid-Afrika se bodem. Die Komitee stel dit: *"Die instelling van beheermaatreëls oor grondgebruik waardeur hoëpotensiaal gronde aan die landbou toegesê word, asook beheer oor onoordeelkundige onderverdeling van landbougrond en konsolidasie van reeds versnipperde grond, plaas optimale benutting van die bodem, deur die landbousektor as sodanig, meer as ooit tevore in die geskiedenis, onder die soeklig."*[38] Dié stelling impliseer by herhaling dat hoewel die owerheid die organisasiestruktuur vir gestaltegewing daarstel, die waarde van die bewaringsideaal slegs in konkrete gestalte op die land se plase te vinde is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Optimale bodembenutting as vernuwingsmoment*

In die verslag van die *"Interdepartementele Studiekomitee oor die gebruik van Landbougrond"* tree die begrip: optimale benutting van die landboubodem, die eerste maal aan die orde. Dit beliggaam 'n *"moderne"* siening van bodembenutting teen die agtergrond van Suid-Afrika as 'n kapitalistiese, geïndustrialiseerde staat in die proses van ontwikkeling op verskeie terreine; 'n staat waarvan die swart bevolking ten snelste aanwas; 'n staat met beperkte natuurlike hulpbronne en 'n hoë landbouproduksiesyfer, waartoe die hulpbronne onder beheer van die blanke die oorheersende bydrae lewer; 'n staat wat met verloop van tyd tot ekonomiese steunpunt van die hele Suider-Afrika ontwikkel het; 'n staat waarin die nageslag van die Afrikaanse pioniers ook in die rol van regeerder, die toekoms van die Suid-Afrikaanse gemeenskap beslissend kan beïnvloed, benewens die feit dat dieselfde nageslag die welsyn van die land se bodem deurslaggewend beheer.

Die begrip: optimale bodembenutting, behels volgens die Studiekomitee die volgende: *"Landbouproduksie moet in ooreenstemming wees met die landbouproduksiemoontlikhede wat die natuurlike omgewingsfaktore bied; landbouproduksie mag nie ten koste van die landbouhulpbronne geskied nie; landbouproduksie moet op 'n ekonomiese grondslag geskied."*[39] In die praktyk impliseer dié begrip onder meer dat optimale benuttingstelsels vir die hele land bepaal word, en die toepassing daarvan word as noodsaaklik beskou vir *"ordelike landboubeplanning, die formulering van doeltreffende produksie en finansieringsbeleid en stabiele landbouproduksie"*.[40] Optimale bodembenutting impliseer verder harmoniese wisselwerking tussen mens en omgewing en die *'ideale'* wisselwerking tussen die verskillende komponente van die bodemgemeenskap soos in 'n vorige hoofstuk geformuleer. Die Komitee verklaar: *"Optimale benuttingstelsels in die fisiese sin, is nie die produk van òf die klimaat òf die grond òf die plantegroei nie maar is die interaksie-effek van die drie soos dit in ekologiese verband tot uiting kom."*[41] Binne die konteks van dié studieonderwerp kan dit gestel word dat dié begrip grondliggend 'n balans tussen bewerking en bewaring van die bodem op die oog het, met die welsyn van die gemeenskap as ideaal. In die lig hiervan is dit nie vreemd dat die begrip: grondbewaring, wat in dié studie deurgaans as 'n faset van bodembenutting voorgehou is, nou opgeneem word in 'n siening wat deur bodembenutting as totaliteitsbegrip oorkoepel word nie. Die Komitee se verslag lui in dié verband: *"Die konsep van optimale bodembenutting bring mee dat die huidige konsep 'grondbewaring' uitgedien is."*[42]

Die begrip: optimale bodembenutting, vorm die grondslag vir die Departement van Landbou-tegniese Dienste se landbou-ontwikkelingsprogram vir die toekoms. In dié verband verklaar die Sekretaris van die Departement: *"Die Departement ..... het die verantwoordelikheid ten opsigte van planmatige landbou-ontwikkeling aanvaar. Met die oog op doeltreffende beplanning is reeds in 1970 die beleid neergelê dat landbou-ontwikkeling volgens die beginsels van optimale bodembenutting moet geskied. Hierdie beleid word beskou as 'n gesonde basis vir beplande landbou-ontwikkeling vir die hede en vir die toekoms."*[43] In die lig van die voorafgaande kom dié verklaring as 'n koersverandering in die breë landbou-beleid van die owerheid voor, waarin die klem van 'n bodembenuttingstrategie na 'n produksiestrategie verskuif. Met die aksentuering van produksie - onder meer onder die druk van voedselvoorsiening vir 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vinniggroeiende bevolking en vir uitvoer - word die bodembenuttingstrategie oënskynlik aan die produksiestrategie opgeoffer, word bewaring as hoogste verantwoordelikheid in die bodembenuttingstrategie oënskynlik van sekondêre belang. By nadere beskouing blyk dit egter nie die geval te wees nie - die begrip: optimale bodembenutting, blyk as sodanig steeds 'n bodembenuttingstrategie te impliseer omdat die bodem die deurslaggewende faktor in 'n landbou-ontwikkelingsprogram bly. Dié begrip gee in wese die opdrag aan die mens oor die instandhouding van die menselewe op aarde deur die voorsiening van stoflike en materiële middele op die grondslag van bewerking van die bodem as beperkte produksiemiddel, in *"moderne"* terme weer.

Die belangrikste momente van die nuwe amptelike beleid word in die departementele jaarverslag van 1972/73 weergegee. Die agtergrond waarteen die ontwikkelingsprogram aangebied word, word só geskets: *"As die groeiende bevolking van die Republiek en ons betreklik lae landboupotensiaal, in aanmerking geneem word, tesame met die beperkte en steeds krimpende oppervlakte goeie bewerkbare grond, die kwesbaarheid van die landbouhulpbronne en dikwels aangepaste of wanaangepaste boerderystelsels en aftakelende bestuurspraktyke, kan daar geen twyfel bestaan oor die delikate posisie waarin die Suid-Afrikaanse landboubedryf hom bevind wat betref voedselvoorsiening aan die volk nie."*[44] Inderdaad steeds grondliggend 'n wisselwerking tussen mens en bodem as sluitsteen vir 'n nuwe strategie. *"Die daarstelling van 'n landboubedryf wat volgens die beginsels van optimale bodembenutting ontwikkel is, is 'n ideaal wat nie oornag bereik kan word nie.* **Die verwesenliking daarvan hang hoofsaaklik af van die menspotensiaal wat dié beginsels ten uitvoer moet bring."**[45] Die nuwe strategie sal op gebiedsgrondslag deurgevoer word en basiese stappe vir die realisering daarvan word onderskei:

- die afbakening van redelik homogene boerderygebiede waardeur die landboupotensiaal in komponente verdeel word en 'n beter begrip van die landboupotensiaal landwyd sowel as op plaaslike vlak verkry word, sodat 'n vollediger inventaris van landbouhulpbronne gemaak kan word;
- die bepaling van produksiepotensiaal gaan gepaard met of vloei voort uit die afbakening van boerderygebiede en verskaf onder meer leidrade vir navorsing oor probleme wat met die ontginning van dié potensiaal verband hou;
- die daarstelling van riglyne vir aangepaste boerderystelsels en die ontwerp van optimale benuttingstelsels as ideale strewe.[46]

Die toepassing van optimale benuttingstelsels veronderstel 'n boer wat toegerus is as beplanner, bestuurder en rentmeester maar ook as lid van 'n bepaalde gemeenskap: *"Om die aanvaarding en toepassing van kennis te bespoedig, is dit nodig dat die boer binne sy sosio-kulturele verband benader moet word omdat aanvaarding en toepassing nie 'n bloot natuurwetenskaplik gerigte handeling is nie."*[47] Hiermee word 'n klemverskuiwing in die voorligtingsdiens se taak van kennisoordraging aangedui.

Waar die drieledige begrip: optimale bodembenutting, onder meer 'n bodembenuttingstrategie met bewaring as grondtoon impliseer, wek die uiteensetting van die ontwikkelingstrategie as sodanig die indruk dat die bewaringsbeginsel nie as noodwendige moment van die ontwikkelingsmeganisme beskou word nie. Saam gelees met die bepalings van die nuwe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Grondbewaringswet, wil dit voorkom of bewaring as sub-strategie op 'n afsonderlike baan geskuif is - dat bewaring slegs verbodsbepalings en inspeksies omvat, met subsidies as aktiverende faktor.

Die indruk kan nie ontkom word nie dat die nuwe strategie in wese 'n vernuwing ten opsigte van die verstewiging van die produksieproses verteenwoordig. Vervolmaking van die produksieproses en welvaart tree as hoofmomente aan die orde, met bewaring as 'rustende' medemoment. Dié situasie vertoon ooreenkoms met die funksionele beskouing oor produksie as leerproses: *"De landbouw is geperfectioneerd .... Leerprocessen om de natuur rationeel te benutten en de productie wetenschappelijk op te voeren gaan langzamerhand heel de wereld omvatten."*[48] Produksie sluit nie slegs vervaardiging van goedere in nie maar ook *"bodemschatten opdelven zonder einde, waarbij .... de grond .... uitgeput raakt."*[49] Dieselfde geld uiteraard ten opsigte van voedselproduksie en bodemvernietiging. Bodembenuttingstrategie het landbou-ontwikkelingstrategie geword - 'n strategie wat die bodemgebruiker binne die *"tegniese kultuur"* en die markekonomie plaas waar sy verhouding tot die bodem op 'n dooiepunt kan uitloop. In die produksieproses in sy uiterste vorm kan die mens selfs volkome onbewus wees van die dooiepunt waarin hy hom ten opsigte van die magte om hom bevind.[50] In 'n strategie wat op welvaart as hoogste goed moet uitloop, móét die bodem oplaas tot kapitale kommoditeit gereduseer word. Só sal die bodem dan outonoom word en as outonome 'ding' oop lê vir vernietiging deur die mens. In so 'n situasie sou daar nie sprake van rentmeesterskap en aanspreeklikheid teenoor God ten opsigte van die bodem wees nie - is die sedelike beginsel in wese opgesê.[51]

*Die boer en sy boerdery in nuwe perspektief*

Die tema: bewaring as sedelike prinsipe, speel hom grondliggend af rondom die resultaat van die mens se verhouding tot en wisselwerking met die bodem as kultuurmoment. Hoewel dit in dié studie nie afsonderlik nagevors is nie, bevat dit onteenseglik blyke van die totale omgewing waarbinne landboubeoefening hom afspeel - die totale omgewing van die mens as grondgebruiker in bepaalde kultuurverband, die totale omgewing waarbinne die bestaansprobleme in die landbou en die sogenoemde landelike vraagstuk in bepaalde verband tot ander elemente staan. Wat laasgenoemde betref is daar veral sedert die Tweede Wêreldoorlog besef dat dié probleme 'n integrerende deel is van die breëre ontwikkeling van die land.[52] Die strategie vir landbouontwikkeling is trouens 'n aanduiding van die owerheid se beskouing dat landboubeoefening, of die landboubedryf, hom in pas met hedendaagse begrippe en produksiemetodes wil stel ten einde sy rol as verskaffer van voedsel aan die bevolking te kan vervul. Afgesien van die feit dat die welsyn van die bodem minstens by tye 'n gemeenskaplike bewustheid was, het dit geblyk dat landbou as voorsiener van voedsel en grondstowwe vir die nywerheid, toenemend binne die volkshuishouding as een van 'n veelheid menslike aktiwiteite geïntegreer geraak het. 'n Strategie vir die landbou sou dan veelal 'n integrerende deel van die nasionale strategie moet uitmaak. Maar in dié geval sou dit noodsaaklik wees dat die boer se situasie ook ten opsigte van ander momente vanuit die gemeenskaplike perspektief benader word.

In die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse landbou word die tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog as 'n revolusie bestempel, hoofsaaklik ten opsigte van produksie.[53] Tussen die jare



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1939 en 1967 het die omvang van produksie meer as verdubbel, hoofsaaklik as gevolg van meganisering, bewerking van groter oppervlaktes, die aanwending van kunsmisstowwe en tegniese hulpdienste. Dié produksierevolusie het hom teen die agtergrond van bodemvernietiging - soos in vorige hoofstukke aangedui - afgespeel. Die uitwerking hiervan op die tweede moment in die wisselwerkingsproses - die mens - kon nie uitbly nie, en het oplaas gestalte gevind in knellende ekonomiese omstandighede wat verreikende gevolge vir die boer ingehou het. Teen die agtergrond van die gevolge wat die mens se ingryping op die bodem vir hom meegebring het, het die kollig sedert die Tweede Wêreldoorlog om verskeie redes al meer na die mens self verskuif - nie net om die aard van sy verhouding tot die bodem en die gehalte van sy boerderybeoefening te probeer peil nie, maar grondliggend om die faktore wat sy eie welsyn raak, aan die man te probeer bring.

Daar is tot die besef gekom dat die problematiese situasie van die boer nie slegs deur fisies-biologiese faktore bepaal word nie. Op grond van sy handelinge is die mens self aan beoordeling onderwerp. In die tweede verslag van die *"Kommissie van Ondersoek na die Landbou"* word 'n sosiologiese beeld van die Suid-Afrikaanse boer afgeteken waarin die nawerking van die pioniergees sterk na vore tree.[54] Daar word byvoorbeeld gewys op die *"ekstensiewe oriëntasie"* van die boer - dat hy geestelik eerder op horisontale as vertikale uitbouing van potensiaal ingestel is.

By baie boere ontbreek die vermoë om te organiseer en te bestuur, is daar 'n gebrek aan gesonde oordeel, ondernemingsgees en die vermoë om geld oordeelkundig te bestee. Ander persoonlikheidstrekke is ooroptimisme ten koste van die bodem, 'n weerstand teen verandering, oordrewe beklemtoning van individuele vryheid en demokratiese regte. Ander sosiologiese faktore wat volgens die Kommissie bydra tot die knellende ekonomiese toestand van boere, is die gebrek aan masjinerie om ondoeltreffende ondernemers uit die landbou te verwyder en in ander beroepe op te neem, die gebruik van ongeskoolde arbeid met 'n lae peil van doeltreffendheid, politieke inmenging en druk, onder meer ten opsigte van toekenning van kwesbare grond, en onwilligheid om die regte stappe te doen as dit nie strook met persoonlike prestige of politieke beleid nie. [55] Die grondbesitpatroon en 'n tradisionele hunkering na grond, ongeag die bevoegdheid om die bodem reg te kan benut, asook die wyse van erflating, word eweneens binne die sosiologiese kader geplaas.

Daar is in voorafgaande hoofstukke sporadies verwys na die uitwerking van ekonomiese faktore op die algemene boerderysituasie. Hiervan blyk die oorgang van 'n bestaansboerdery na 'n boerdery van produksie in 'n veeleisende markekonomie die ingrypendste te gewees het.[56] Daarna het die sogenoemde produksierevolusie na die Tweede Wêreldoorlog in talle gevalle tot 'n toenemende skuldlas aanleiding gegee, en bygevolg tot lenings en renteverpligtinge wat bo die boer se vermoë was. Onoordeelkundige meganisering, die aankoop van grond teen buitensporige pryse, onoordeelkundige kredietverpligtinge, dalende geldwaardes asmede prysverhoudings en die prysstruktuur, word deur die Kommissie as knelpunte geïdentifiseer. Nywerheidsontwikkeling stel boonop steeds groter eise aan die landbou, en die proses om daarby aan te pas, stel op sy beurt hoë eise aan die bodem en aan die vernuf van die boer.[57]

Die resultaat van die wisselwerking tussen die boer en die bodem, tussen die boerdery en die nasionale ekonomie, tussen die landboubedryf en ander sektore van die volkshuishouding, loop uit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op 'n beskouing dat herstrukturering van die landboubedryf op sosio-ekonomiese grondslag aangewese is as bousteen vir 'n toekomsstrategie.[58] Dit behels landelike hervorming waarvoor, soos in die geval van die nywerheid en ander sektore van die ekonomie, 'n nuwe perspektief op die boer en sy boerdery nodig is, onder meer ten opsigte van kredietvoorsiening, die tegniek, doeltreffendheid, materiële voorspoed, kultuurontplooiing. Só word die landbou - met voedsel- en landbouproduksie as hoofmoment - binne die globale ekonomiese sisteem van die land betrek. Landelike hervorming impliseer dan dat die landboubodem deur 'n tipe boer bevolk sal word wat ten opsigte van kennis en die aanwending van die tegniek gestalte aan sy aanspreeklikheid vir die instandhouding van die menselewe op aarde sal kan gee; dat hy in die proses welvaart sal ervaar; dat hy geestelik sterk genoeg sal wees om dit op die grondslag van bewaring en versorging van die bodem as sluitstuk vir die uitoefening van sy rentmeesterskap te kan doen.

Teen die agtergrond van die voorafgaande en die ekologiekrisis in die res van die Westerse wêreld, ontstaan die vraag of bewaring en die kapitalistiese geldekonomie hoegenaamd versoenbaar is. Hieroor skryf Caudill:[59] *"In the United States and throughout most of the world the economic system is impelled in a classic five-point cycle:* **greed** *produces* **exploitation of other people** *and* **destruction of the land for its resources, pollution of the environment,** *and finally,* **monetary profit.** *This system worked tolerably well for generations because the number of people was relatively small and the space and natural resources appeared to be inexhaustible.* **Now, however, the whole concept is losing validity with the twin realizations that the earth's natural resources are finite** *and that the procreative instinct, combined with modern medicine, can swamp the world with uncountable multitudes of human beings."*[60] Die krisis kan slegs besweer word as die mens daarin slaag om hom ook ten opsigte van die benutting van die natuurlike hulpbronne, in toom te hou: *"The capitalistic system has yet to demonstrate that it is capable of such restraint."*[61]

Gaan die mens oplaas deur die beperktheid van die hulpbronne tot etiese besinning gedwing word deur die beoordeling van die gevolge wat die tegniese ingryping op die menslike gedrag, vir sy verhouding tot die bodem en die omgewing inhou? *"Men gaat beseffen dat men de geweldige kracht, besloten binnen de cultuurwetenschappen, stevig in de hand moet houden."*[62] Vir die funksionele houding is etiek juis die kritiese vraag oor die mens se verantwoordelikheid ten opsigte van die resultate van die moderne tegniek.[63] *"Elke 'techniek' moet in ethiek uitmonden. Daarvoor is tegenspel nodig. Het normatieve is de ware tegenspeler van de mens."*[64] Vir die Christelike etiek lê die normatiewe binne die sfeer van die Evangelie as ewige waardes, is die Christen se sedelike imperatief sy verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor God as Skepper van alle dinge waarmee die mens as uitsonderingswese binne sy totale omgewing te doen kry.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*

1. KOLBÉ, F.F.H., **Landelik-Sosiologiese Aspekte van die Landboubedryf**, Ongepubliseerde Memorandum, p. 42. My kursivering.
2. KELSEY, L.D. & HEARNE, C.C., soos aangehaal deur IMMELMAN, D.W., **Grondbewaringstoestande in die Oranjerivieropvanggebied van Noord-Oos Kaap,** Departement van Landbou-tegniese Dienste, p. 98.
3. VAN WYK, M.W., soos. aangehaal deur IMMELMAN, D.W., **Grondbewaringstoestande in die Oranjerivieropvanggebied van Noord-Oos Kaap,** Departement van Landbou-tegniese Dienste, p. 98.
4. SIEPKER, A.J., soos aangehaal deur IMMELMAN, D.W., **Grondbewaringstoestande in die Oranjerivieropvanggebied van Noord-Oos Kaap,** Departement van Landbou-tegniese Dienste, p. 99.
5. IMMELMAN, D.W., **Grondbewaringstoestande in die Oranjerivieropvanggebied van Noord-Oos Kaap,** Departement van Landbou-tegniese Dienste, pp. 99/100.
6. Idem.
7. KOLBÉ, F.F.H., soos aangehaal deur IMMELMAN, D.W., **Grondbewaringstoestande in die Oranjerivieropvanggebied van Noord-Oos Kaap,** Departement van Landbou-tegniese Dienste, p. 101.
8. Idem.
9. Idem, pp. 2/3.
10. Idem.
11. KOLBÉ, F.F.H., **Landelik-Sosiologiese Aspekte van die Landbou,** Ongepubliseerde Memorandum, p. 19, p. 63.
12. Idem, p. 22.
13. DU PLESSIS, S.J., **Bewerk en Bewaak,** ACADEMICA, Pretoria/Kaapstad, 1976, p. 36.
14. VAN DER MERWE, J.P. Persoonlike mededeling.
15. VORSTER, P.W., **Die Filosofie van Grondbewaring,** Landbouradio-uitsending, 1965, p. 1.
16. Idem, p. 2.
17. Idem.
18. Idem.
19. Idem, p. 4.
20. LANTERN, Jaargang XVI, Nr. 3, Maart 1967, p. 3.
21. Idem.
22. BENNETT, C., **Volksraaddebatte,** 1969, Deel 27, pp. 6307/6308.
23. ADJUNK-MINISTER VAN LANDBOU., **Volksraaddebatte,** 1969, Deel 27, p. 6056.
24. Idem, p. 6057.
25. Idem.
26. Idem, p. 6058.
27. Idem, p. 6059.
28. Idem.
29. Idem, p. 6061.
30. STREICHER, D.M., **Volksraaddebatte,** 1969, Deel 27, p. 6062.
31. VAN DER MERWE, J.P. Persoonlike mededeling.
32. VORSTER, P.W., **Fees van die Grond-toespraak,** 5 April 1968, p. 4.
33. STUDIEKOMITEE OOR DIE GEBRUIK VAN LANDBOUGROND., **Verslag,** Desember 1968, p. 82.
34. Idem.
35. Idem, p. 82, par. xiii.
36. Idem, par. xiv.
37. My kursivering.
38. STUDIEKOMITEE OOR DIE GEBRUIK VAN LANDBOUGROND, **Verslag,** Desember 1968, p. 86, par. xxvi.
39. Idem, p. 88, par. xxxiii.
40. Idem, par. xxxiv.
41. Idem, p.88, par. xxxiii.
42. Idem, par. xxxv.
43. SEKRETARIS VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE., **Jaarverslag** (1972-1973), p. 1.
44. Idem.
45. Idem. My kursivering.
46. Idem, pp. 3/4.
47. Idem, p. 4.
48. VAN PEURSEN; C.A., **Cultuur In Stroomversnelling,** Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 165.
49. Idem.
50. Idem, p. 204.
51. SCHAEFFER, FRANCIS A., **Pollution and the Death of Man,** Hodder & Stoughton, London, 1970, pp. 51/52.
52. KOMITEE VAN ONDERSOEK NA LANDELIKE HERVORMING., **Verslag,** Deel 1, Staatsdrukker, Pretoria, p. 5.
53. Idem.
54. Idem, p. 9, par. 1.14.2.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

55. Idem.
56. Idem, par. 1.14.3.
57. KOMITEE VAN ONDERSOEK NA LANDELIKE HERVORMING., **Verslag,** Deel II, Staatsdrukker, Pretoria, p. 9.
58. Idem, p. 10.
59. CAUDILL, HARRY M., **Are Conservation and Capitalism Compatible; Agenda For Survival,** edited by HAROLD W. HELFRICH, JNR., New Haven and London, Yale University Press, 1970, pp. 166/167.
60. My kursivering.
61. CAUDILL, HARRY M., **Are Conservation and Capitalism Compatible; Agenda For Survival,** edited by HAROLD W. HELFRICH, JNR., New Haven and London, Yale University Press, 1970, p. 183.
62. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling, Elsevier,** Amsterdam/Brussel, p. 183.
63. Idem, p. 186.
64. Idem, p. 193.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 8

## 'N STRATEGIE VIR DIE TOEKOMS

*Inleiding*

Binne die bestek van dié studietema berus bodembenutting as kultuurhandeling op twee momente wat regstreeks in die Christelike etiek gefundeer is:

- bewerking van die bodem in opdrag van God ter wille van die instandhouding van die menselewe op aarde, deur die bevrediging van stoflike behoeftes;
- bewaring van die bodem as oorspronklike produksiemiddel waarvan die eiendomsreg uitsluitend by God berus, maar waarvoor die toerekenbaarheid en rentmeesterskap deur God aan die mens opgedra is.

In voorafgaande hoofstukke het dit aan die lig gekom dat die Suid-Afrikaanse boer op merkwaardige wyse gestalte aan die eerste moment gegee het. Sedert die finalisering van die Afrikaanse volk se fisiese horisonne en in weerwil van ingrypende aanpassings in 'n volkome nuwe sosio-ekonomiese bestel wat deur verstedeliking, industrialisering en die kapitalistiese markekonomie op sy vaderland afgedwing is, het die Afrikaanse boer eers geleidelik maar later teen toenemende tempo, voedsel en vesel vir sowel die plaaslike as buitelandse mark geproduseer. Die feit dat Suid-Afrika die afgelope jare een van slegs sewe lande in die wêreld is wat netto-uitvoere van voedsel kon handhaaf, kan as bewys vir dié prestasie dien.

Hierteenoor staan die oorweldigende getuienis dat die Afrikaanse boer nie volkome gestalte aan die tweede moment gegee het nie en dat die veelheid fisies-biologiese en ander faktore wat dáárop inwerk, die volk telkens tot 'n nuwe besinning oor sy bodembenuttingstrategie gedwing het. Dit is trouens die mens se hantering van dié tweede moment wat tans op wêreldvlak die grootste uitdaging vir sy voortbestaan inhou.

Daar is reeds aangetoon dat die merkwaardige prestasies op die terrein van produksie - hoofsaaklik met behulp van die tegnologie - veelal ten koste van die bodem geskied het. Hierop is Adler se kommentaar: *"The fact that South Africa has surplus agricultural products to export and rising yields per hectare camouflages the serious implications and deleterious effect of soil erosion on our national economy and well-being."*[1] Hy voer aan dat getuienis van mense op talle lewensvlakke daarop dui dat belangstelling in die behoefte aan bewaring en optimale gebruik van grond en verwante hulpbronne die afgelope jare aansienlik gedaal het.[2] Hy skryf dié houding toe aan 'n gevoel van gerustheid wat deur steeds stygende produksie van voedsel en ander landbouprodukte gewek word. Bodemvernietiging kan nouliks 'n ernstige saak wees in omstandighede" *waar daar inderdaad oorskotte is; waar die plaaslike verbruikers meegedeel word dat sommige van hierdie oorskotte teen 'n verlies uitgevoer word en dat dit daardeur noodsaaklik word om pryse wat deur plaaslike verbruikers betaal word te verhoog."*[3]

Uit voorafgaande hoofstukke het dit ook geblyk dat landboubeoefening in die loop van die 20ste eeu deur 'n verskeidenheid faktore binne die totale volkshuishouding betrek en daardeur beïnvloed is; dat die algemene ekonomiese toestand, die politiek, breëre landbou- en landsbeleid 'n nuwe perspektief op die boer en sy boerdery meegebring het. Die plaas het nou onder meer 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voedselproduksiemasjien geword wat sowel buitelandse betaalmiddele as welwillendheid verdien, 'n hulpbron vir nywerheidsontwikkeling, 'n afsetgebied vir die tegniek. Dié ekonomiese druk is - soos dit in die geval van die Verenigde State gestel is - regstreeks op die natuurlike hulpbronne oorgeplaas.[4] Ook in 'n ander opsig is die grense van die begrip: boerdery, ingrypend uitgebrei: benewens die wisselwerking tussen boer en bodem sluit dit nou ook ander vlakke van wisselwerking in, sodat boerdery en bodembenutting oplaas 'n enkele moment binne die nasionale strategie word. 'n Bodembenuttingstrategie vir die toekoms sal dus nie meer uitsluitlik 'n landbouaangeleentheid wees nie - dit sal noodwendig teen die agtergrond van die nasionale en selfs internasionale situasie van die mens beskou moet word.

*Die mens en sy beperkte hulpbronne*

Met sy verklaarde beleid *"om deur middel van boerdery- en hulpbronontwikkeling, waarmee saamhang die bestendiging van die boerdery, die blywende welsyn en geluk van die boeregemeenskap en die bevolking as geheel te bevorder,"*[5] konstateer die owerheid nie slegs landbou se betrokkenheid by die nasionale oorlewingstrategie nie. Dié verklaring hou eweneens verband met bewerking as eerste en bewaring as tweede moment van bodembenutting as kultuurhandeling.

In die lig van 'n bodembenuttingstrategie vir die toekoms kom die vraag na vore watter rol die landbou en in die besonder voedselvoorsiening in die toekomstige situasie te vervul het. Maar ook: watter invloed die beperktheid van die mees basiese produksiemiddel (die bodem) op dié rolvervulling kan uitoefen. Wat die instandhouding van die menselewe op aarde in die toekoms betref, word die wisselwerking tussen die mens en sy fisiese omgewing deur die verbysterende toename in die wêreldbevolking, die tegnologiese groei en alles wat dit meebring, die groeiende vraag na voedsel, na 'n nuwe vlak verskuif. Onbeheerste groei en beperkte hulpbronne word in die hedendaagse wêreld hoofmomente in die mens se oorlewingstrategie.

Burger[6] stel dit: *"Elke geslag deur die eeue heen het seker rede gesien om sy probleme as uitsonderlik te beskou. Dit lyk egter asof eksponensiële groei aan ons tyd 'n element toegevoeg het wat in geen vroeër eeu bestaan het nie. Die wêreldbevolking groei eksponensieel, of eintlik vinniger as eksponensieel, dus met 'n korter wordende verdubbelingstyd, wat tans al feitlik so laag as dertig jaar is."* Dieselfde gebeur op ander vlakke, sodat 'n bodembenuttingstrategie uiteindelik geraak sal word deur eksponensiële groei van bevolking, kennis, tegnologie, welvaart, voedselproduksie, die verbruik van hulpbronne, besoedeling, armoede. Volgens Burger: *"Nog nooit was daar soveel onderlinge afhanklikheid op alle vlakke nie - polities, ekonomies, sosiaal, tegnologies. Nog nooit was daar soveel groei nie. Nog nooit was daar soveel aanduidinge dat die versadigingspunt in sommige opsigte reeds bereik word nie, dat die grense genader word nie - fisieke grense, opgelê deur die begrensheid van ons planeet, maar ook geestelike grense, opgelê deur die eindigheid van die menslike vermoë om hom by steeds sneller veranderende omstandighede aan te pas."*[7]

Caudill wys op tekens van kommer en selfs opstand teen wat hy die *"produce or perish"*-sindroom van die kapitalisme noem.[8] Die uitputting van die hulpbronne, die *'versmoring'* van die mens onder produkte-vir-wins, dwing die gemeenskap tot 'n nuwe beleid van oorlewing.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eis aan die kapitalisme is: *"We demand that you produce a decent environment in the lands you dominate or make way for a new system of economics and a new order of values. Goods alone are not enough."*[9] Die gevolge van die ingryping van kennis en tegniek op die mens se verhouding tot sy omgewing word bevraagteken in die funksionele beskouing oor die drieluik: kennis, tegniek, etiek. By Van Peursen: *"In onze tijd raken kennen en handelen, wetenschap en etiek, steeds meer met elkaar verbonden. De regelmatig terugkerende beslissingen die iemand neemt ... vertonen een mengeling van zedelijke en wetenschappelijke overwegingen."*[10] Kennis, tegniek en etiek staan nie los van mekaar nie maar loop in mekaar oor: *"Geen kennis, die niet op den duur uitloopt op de vraag of iets goed of slecht is. Het 'wat' van de kennis ontpopt in het 'hoe' van de ethiek."*[11]

Sadie[12] bereken dat die wêreldbevolking teen 1985 die kerf van vyf duisend miljoen sal oorskry maar stel die vraag of die toenemende mensegetalle of wel die peil van materiële welvaart die meeste druk op ons beperkte nie-menslike hulpbronne uitoefen.[13] Op grond van afdoende getuienis voer Sadie aan: *"Wat die feitlike posisie tot op hede betref, (is) die ekonomies ontwikkelde lande, met 'n gemiddelde inkome 13 maal so hoog en 'n bronnevernietigingskoers van 15 maal so hoog as dié van die laer ontwikkelde lande, die eintlike skuldige."*[14] En dit is juis dié hoogontwikkelde lande wat, in die taal van die funksionele houding, dit *"in het efficiënte vegeteren en produceren ver gebracht heeft,"*[15] maar wat tans deur 'n derde en enorme taak belas is: *"Zij moeten nog leren consumeren!"*[16] Dié proses moet nog begin: *"Pas wanneer de welvaart gaat toenemen, zozeer zelfs dat men van 'de samenleving van oorvloed' gaat spreken, komt de vraag op of we niet moeten gaan inperken. Of we in elk geval niet een onderscheid moeten gaan maken wat nu verantwoord en wat onverantwoord consumeren inhoudt."*[17]

Aan die ander kant, volgens Sadie, is die laer ontwikkelde lande nie in staat om hulle onderskeie gemeenskappe te voed nie. Volgens die Voedsel en Landbou-Organisasie van die Verenigde Volkere is twee-derdes van die 800 miljoen kinders wat teen 1974 in die laer ontwikkelde lande opgegroei het aan siektes wat deur wanvoeding veroorsaak of vererger word, onderhewig. Fisieke sowel as geestelike agterlikheid is die gevolg en die waarskynlikheid is groot dat die brein van die jong kind permanent beskadig word.[18] Sadie wys daarop dat sowel die beëindiging van ekonomiese groei as sosiale prosesse, as oplossing vir dié probleem, reeds verwerp is. Hy besluit: *"Die bestaande aanwaskoers, asmede die groot absolute mensegetalle daarby betrokke, voorkom dat die ontwikkelingsfaktor in werking tree ... En indien 'n geboortebeperkingsprogram slaag,* **word die bronnevernietigende rol van bevolkingsgroei oorgeneem deur 'n stygende lewenstandaard."**[19] Die tegnologie is volgens Sadie die enigste potensiële faktor wat hoop op 'n oplossing bied.

Sadie se vertroue in die tegnologie word nie deur White gedeel nie en wel op grond van sy beskouing dat die hedendaagse wetenskap en tegnologie gefundeer is in die absolute heerskappy van die mens oor die natuur: *"Both our present science and our present technology are so tinctured with orthodox Christian arrogance towards nature that no solution for our ecologic crisis can be expected from them alone."*[20]

Oor die tegnologie as hulpmiddel sê Grant:[21] *"Ons het gesien dat, deur slegs tegnologiese oplossings met die hulp van die natuurwetenskappe te soek, nog geen antwoord op 'n stabiele,*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*gelukkige wêreldgemeenskap verseker word nie. Dit is 'n hulpmiddel daartoe, maar nie 'n oplossing nie.* **Aanpassings in die sosiale waardes en 'n opknapping van ons morele waardes sal nodig wees voordat ons 'n bevredigende toekomsprojeksie sien."** Met die oog op 'n strategie vir die toekoms moet dié fundamentele vraag beantwoord word: *"Wat presies wil ons mense hê om ons begeertes te bevredig?"*[22] Grant glo dat die tegnologie self ook sy grense sal bereik *"deurdat die mens se skeppende vermoë sowel as sy organisasievermoë hulle perke het.* **Meer en meer moreel en intelektueel hoogstaande mense sal nodig wees."**[23] Die opvatting van kennis as mag het die mens laat aanvaar dat dit dié dinge wat bo die mens uitgaan, die *'transendente,'* binne sy beheer gebring het.[24] Die verwerkliking en uitvoering van die mag van die wetenskap in die tegniek, laat die vraag ontstaan of die menslike mag dáárin voltooiing gevind het. Van Peursen wys op die teendeel: *"Maar juist in de voortgang van de techniek voltrok zich een merkwaardige omslag. In plaats van de macht van de mens steeds te vergroten, riep de techniek geheel nieuwe, ontstellende problemen op. Met de techniek deden zo de intrede binnen ons bewustzijn de vragen ten aanzien van menslijke arbeid, sociale verhoudingen, de overheersing van de mens door sociale structuren en machtorganisatie, die het gevolg waren van de techniek ... Nu komt de vraag op hóé men de techniek moet aanwenden. En daarmede wordt de derde geleding zichtbaar: de ethiek."*[25] Die sedelike breek die tegniek oop en verleen daaraan 'n transendente dimensie: *"een afmeting van verwachting, van kritische evaluatie en van verantwoordelijkheid. Binnen deze transcendente dimensie is pas goed een strategie van de cultuur mogelijk."*[26] **Só kan die tegniek deur bewaring as sedelike beginsel oopgebreek word en 'n transendente dimensie verwerf waardeur dit as grondslag vir 'n hulpbronbenuttingstrategie kan dien.**

Op die terrein van landbou het 'n toename in kennis, aangevul deur wetenskaplike ondersoek en navorsing, verdere tegnologiese ontwikkeling, nywerheidsgroei en hoër landbouproduksie teweeggebring.[27] Omdat dit egter nie in alle lande die geval is nie, het groot verskille in welvaart en lewenstandaard ontstaan. En dit is juis in die minder ontwikkelde lande waar die grootste bevolkings aangetref word. Dié lande verkeer volgens Verbeek in 'n *"delikate voedselsituasie."*[28] In dié verband wys hy onder meer op Malthus se waarskuwing (1798) teen die rampspoedige gevolge wat wag omdat die mensdom vinniger vermenigvuldig as wat die landbouproduksie vermeerder. Dieselfde probleem is in onlangse jare ondersoek deur 'n span deskundiges onder leiding van Meadows van die Massachusetts Institute of Technology.[29] Vyf basiese faktore wat groei op aarde bepaal en beperk, is nagegaan - bevolkingsgroei, landbouproduksie, industriële produksie, natuurlike hulpbronne en besoedeling. Neigings van dié vyf elemente is saamgevoeg in 'n matematiese model van die toekoms van die wêreld. Die algemene gevolgtrekkings is:

- Indien die huidige groeitendense in die wêreldbevolking, industrialisering, besoedeling, voedselproduksie en hulpbronuitputting onveranderd voortduur, sal die perke van groei op aarde binne die volgende 100 jaar bereik word;
- groeitendensies kan verander word en 'n ekologiese en ekonomiese ewewig gevestig word wat tot ver in die toekoms kan voortduur.[30] **Hierdie laaste sal onontkombaar binne die kader van die etiese probleme wat op onbeheerste groei op alle terreine volg, lê - in die taal van Van Peursen: op die oorgang van welvaart na welsyn,** *"van de technisch perfecte consumenten-maatschappij naar de zedelike taak om te léren consumeren."*[31]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat voedselproduksie betref wys Verbeek daarop dat grond die eerste vereiste is.[32] Van die totale bewerkbare grond van die wêreld is die helfte - die vrugbaarste en mees toeganklike deel - reeds onder bewerking. Die ander helfte sal *"enorme investering"* verg om dit vir voedselproduksie gereed te maak.[33] Spesifiek ten opsigte van die potensiaal vir landbou- en voedselproduksie, verkeer Suid-Afrika, vergeleke by ander lande, in 'n minder gunstige posisie.[34]

*Die mens en sy beperkte hulpbronne: 'n Suid-Afrikaanse oriëntasie*

Wat in die voorafgaande op wêreldvlak aan die lig gekom het, geld vir elke individuele land op aarde: die bodem as een van die beperkte basiese hulpbronne hou regstreeks verband met die oorlewing van die mens; die mens moet hom dus noodwendig van tyd tot tyd verantwoord ten opsigte van dié beperktheid en sy eie handelinge.

Die hoofmomente rondom die problematiek: onbeheerste groei en beperkte hulpbronne, vind in verskeie opsigte weerklank in die Suid-Afrikaanse situasie. Hoewel Suid-Afrika onder die sogenoemde ontwikkelde lande gereken word, is daar binne sy grense gemeenskappe wat in verskillende stadiums van ekonomiese ontwikkeling verkeer. Wat die wêreld dus in die geheel belewe, word in Suid-Afrika in klein formaat aangetref.[35] Dié situasie is hier veral van belang vir sover dit die bevolkingsgroei raak en die invloed daarvan op die bodembenuttinstrategie van die wit gemeenskap. Suid-Afrika se gemiddelde bevolkingsgroeikoers is hoër as die wêreldgemiddelde.[36] In 1979 was die gemiddelde groeikoers van alle rasse 2,23 persent en dié van die onderskeie etniese groepe soos volg: Blankes, 0,88 persent; Kleurlinge, 1,58 persent; Asiërs, 1,77 persent; Swartes, na raming 2,80 persent.[37] Verbeek voer aan dat die groeikoers van landbou- en voedselproduksie per capita in Suid-Afrika in die lig van die bevolkingsgroeikoers 'n noemenswaardige prestasie is. Suid-Afrika voorsien tans ruimskoots in die gemiddelde voedingsbehoeftes van sy totale bevolking in sowel energie as proteïne.[38]

Nagenoeg 84 persent van die totale grondoppervlakte van Suid-Afrika word vir landbouproduksie aangewend. Weens die lae en wisselvallige reënval, bergagtige en klipperige landskap, arm en vlak gronde, brakgronde en ander faktore, kan hoogstens 15 persent van die bodem wat vir landbou beskikbaar is, onder bewerking gebring word. Daarvan is reeds 90 persent in gebruik vir die verbouing van jaargewasse, permanente gewasse en aangeplante weiding.[39] Gronde met 'n hoë potensiaal maak slegs 3,3 persent van die totale beskikbare landbougrond uit. Die volgende stelling van Verbeek bevestig die situasie ten opsigte van bodembenutting soos dit in voorafgaande hoofstukke na vore gekom het: *"Die hoë groeikoers van die Suid-Afrikaanse landbou is grotendeels bewerkstellig deur die toepassing van tegniese hulpmiddele en toenemende meganisasie, wat gepaard gegaan het met groter intensivering van produksiestelsels.* **Hierdie ontwikkelingsgang het in sekere mate geskied ten koste van die natuurlike hulpbronne.** *Maatreëls was nodig en is getref om verdere agteruitgang te stuit en die hulpbronne in volle produksie te hou, of daarna te laat terugkeer.* **Ernstige skade aan die bodem en plantegroei vind egter nog plaas, iets wat Suid-Afrika beslis nie kan bekostig nie."**[40]

Dit blyk dat Suid-Afrika se landbouhulpbronne reeds tot 'n gevorderde stadium ontgin is en in blanke gebiede staan die produktiwiteit volgens Verbeek op 'n betreklik hoë peil. Hy stel dit: *"Vollediger benutting van die bestaande potensiaal om die benodigde groei te handhaaf en*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Suid-Afrika vir sy noodsaaklike voedselbehoeftes selfversorgend te hou, sal beslis hoë eise en groter inspanning verg."*[41] Verbeek kom tot 'n veelseggende slotsom: **"As die huidige bevolkingsgroei voortduur, sal die perke van landbouproduksie en voedselvoorsiening in Suid-Afrika vroeër bereik word as die gemiddelde van die wêreld."**[42]

Wat die hulpbronaspek betref, kan die kardinale momente van die Suid-Afrikaanse situasie só saamgevat word:

- beperkte landbouhulpbronne (bodem) wat reeds bykans maksimaal benut word;
- benutting van beperkte hulpbronne wat met 'n groot mate van vernietinging gepaard gaan;
- onvervangbaarheid van die vernietigde bodem.

Dié situasie dwing die Suid-Afrikaanse mens noodwendig tot rekenskap oor hoe hy met sy eie hulpbronne behoort om te gaan ten einde gestalte aan sy geroepenheid en verantwoordelikheid te kan gee. Dié rekenskap lê binne die etiese sfeer. In terme van die funksionele denke sal etiek in dié geval omskryf kan word as 'n beoordeling van die gevolge van die mens se ingryping op die welsyn van die bodem.[43] Van Peursen postuleer: die heerskappy van die tegniek móét oopgebreek word tot die beswil van die mens: *"De ontwikkeling van kennis, via techniek, tot ethiek is een moeilike. Maar een onmisbare, want pas als wij de kritische vraag gaan stellen hóé wij onze kennis en technisch arsenaal gebruiken, kan er van een functionele verantwoordelijkheid, of anders gezegd, van een toenemende bevrijding van de mens sprake zijn."*[44] Van Peursen besef egter dat die funksionele houding geen waarborg vir 'n goeie strategie is nie omdat die operasionalisme dit as skadukant vergesel. Die operasionalisme is die tendens in die huidige tyd *"die de eigen macht van menselijk handelen vooropstelt. In een extreem operationalistische cultuur wordt menselijk geluk geheel bepaald door de welvaartsoperaties, zedelijk normen door het maatschappelijk nut, religieuze overtuiging door wat men ervoor kan kopen .. "*[45] As voorwaarde vir 'n eg funksionele strategie stel hy die *"openstaan voor dat wat onze bolwerken van technische prestaties, enghartigheid en wetenschappelijke vooruitgang openbreekt."*[46]

Vir die Christelike etiek is verantwoordelikheid as sedelike grootheid gefundeer in die mens se aanspreeklikheid en toerekenbaarheid teenoor God as ewige onveranderlikes.[47] Rekenskap oor die mens se verhouding tot die bodem behels dan beoordeling ten opsigte van die bodem as geskenk van God,[48] die uitvoering van God se kultuuropdrag in die lig van sy aangesprokenheid en geroepenheid deur God,[49] sy teruggryp na die verspeelde vryheid deur die aanvaarding van verantwoordelikheid teenoor God.[50]

Schaeffer formuleer dié verantwoordelikheid (ten opsigte van die natuur) soos volg: *"By Creation man has dominion; but as a fallen creature he has used that dominion wrongly. Because he is fallen, he exploits created things as though they were nothing in themselves, and as though he has an outonomous right to them ... Man has dominion; he has a right by choice, because he is also by choice a moral creature - a right by choice to have dominion. But he is to exercise it rightly. He is to honour what God has made up to the very highest level that he can honour it, without sacrificing man."*[51]

**'n Strategie vir die toekoms sal dan noodwendig sedelike inhoud moet hê:** *"Want dan pas worden wij zo onder druk gezet, dat de bevrijding tot persoonlijke en gemeenschappelijke verantwoordelijkheid mogelijk is."*[52]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Riglyne vir 'n strategie*

In voorafgaande hoofstukke het die resultaat van die wisselwerking tussen die Suid-Afrikaanse boer en die Suid-Afrikaanse bodem aan die lig gekom. Hoewel dié resultaat daarop dui dat bewaring as sedelike prinsipe in die bodembenuttingsituasie nie tot sy reg gekom het nie, blyk dit andersyds dat die Afrikaanse volk as sodanig nie onverskillig teenoor die probleem van bodemvernietiging staan nie. Hy het hom sedert die finale besetting van die land minstens probeer oriënteer ten opsigte van die probleem en uiteindelik beslag gegee aan 'n bodembenuttingstrategie met 'n sedelike onderbou. Die vraagstuk is dan eerder een van gestaltegewing as een van afsydigheid en onverskilligheid. Aan die ander kant is daar 'n kardinale verskil tussen kommer oor 'n vraagstuk en 'n aksie om die vraagstuk uit die weg te ruim.

In die loop van dié studie het verskeie faktore na vore getree wat op die komplekse aard van die wisselwerking tussen mens en bodem dui. Dit is ook nie binne die bestek van dié studie moontlik om te bepaal waarom die bewaringsideaal nie tot volle ontplooiing gekom het nie. Uit die totale gegewe is dit egter duidelik dat ewewig tussen groei - sy dit op die terrein van bevolking, kennis, tegnologie, welvaart of voedselproduksie - en die beperkte hulpbronne van lewensbelang geword het en dat versuim om dié ewewig te probeer bewerkstellig, die mens voor 'n voortbestaanskrisis te staan bring. Ook ten opsigte van bodembenutting en alles wat daarmee saamgaan, is dié aksie onafwendbaar, word die mens trouens gedwing tot beoordeling van die wyse waarop hy die verskillende magte met betrekking tot die bodem as beperkte oorspronklike produksiemiddel, hanteer. Dié beoordeling behels verantwoordelikheid wat steeds by die mens berus. Die vraag is op watter wyse die mens aan dié verantwoordelikheid gestalte kan gee te midde van al die omringende magte.

Op grond van wat aan die lig gekom het, is die mens klaarblyklik die deurslaggewende faktor in die situasie: mens en bodem. Dit is die mens as redelike en sedelike wese se gesindheid, sy waardesisteem, sy kennis, sy aanpasbaarheid, sy wil wat beslag aan die wisselwerking gee. **Daarom word die stelling gemaak dat 'n strategie vir bodembenutting in die toekoms noodwendig 'n mensgerigte strategie moet wees - 'n strategie van die gees en die rede waarin die boer se verhouding tot die bodem deur 'n sedelike grootheid onderlê sal word; 'n sedelike grootheid wat gestalte sal vind in 'n bodembenuttingkultuur wat deur die wetenskap, die tegnologie en alle ander relevante hulpmiddele as kennis van die wêreld om die mens gerugsteun sal word, wat kennis van die self as vormende element bevat en wat toerekenbaarheid en rentmeesterskap teenoor God as laaste en bevrydende doelwit het.** 'n Bodembenuttingstrategie vir die toekoms is dan in wese 'n strategie vir 'n bodembenuttingkultuur. Dit beteken onder meer dat bewaring uit die gevangenskap van die tegniek en die produksiedwang bevry word, dat bewaring nie meer as een van vele momente van boerdery opgevat word nie maar dat bewaring die bodembenuttingstrategie in al sy fasette sal oorkoepel en rig.

Daar sal nie hier gepoog word om presies aan te toon op watter wyse gestalte aan dié strategie gegee moet word nie. Kernvrae is egter of die strategie 'n volkstrategie in samehang met nasionale aksies ten behoewe van ander beperkte hulpbronne of 'n suiwer landboustrategie moet wees; of die werktuie vir gestaltegewing soos in die geval van die Grondbewaringswet aan die owerheid oorgelaat moet word en of dit op 'n ander wyse deel van die boer en ander betrokkenes



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se innerlike wêreld gemaak moet word. Wat die voorlaaste moontlikheid betref ontstaan die vraag of die huidige landbouvoorligtingsdiens van die owerheid dié taak opgelê kan word.

Agenbach[53] skep 'n beeld van die voorligtingsituasie in die voorligtingswyk van Vredendal wat as voorbeeld vir situasies in die meeste ander dele van die land beskou kan word. Hy wys daarop dat die voorligtingsdiens aanvanklik verantwoordelik gehou is vir die oordrag van tegniese kennis aan die boer, dat daar later toegesien moes word dat dié kennis *"praktyk gemaak word en diensbaar gestel word aan die boer, en deur die boer, aan die samelewing as sodanig."* Die primêre taak van die voorligter was dan om in wisselwerking met die gemeenskap te tree ten einde *"die toepassing van 'n gewenste grondgebruikspatroon"* te laat plaasvind.[54] Bestudering van die gemeenskapstruktuur waarbinne dié wisselwerking moet plaasvind, laat Agenbach besluit: *"... dat die gemeenskap 'n gekompliseerde en dikwels misterieuse samehang van verwantskappe tussen mense, groepe van mense en hulle organisasies verteenwoordig en kristalliseer die gemeenskap dus uit as 'n superstruktuur wat gefundeer is op die verwantskappe en gevoelens van individue, soms oor geslagte, dog 'n struktuur wat nie deur 'n blote kennis van die individu alleen, voorspel kan word nie."*[55] Die voorligter moet dus twee situasies gelyktydig bemeester: die landboukundige en die sosiale.[56] Hy verwys nie slegs na die verwikkeldheid van die landbouvoorligtingsituasie nie maar ook na die perke waarbinne die voorligter noodwendig moet beweeg: *"Aangesien tegniese-landbouvoorligting primêr in diens van die praktiese landboubeoefening staan en dit onder meer die taak van voorligting is om toe te sien dat sodanige navorsingsresultate praktyk gemaak word, en aangesien dit uit hierdie studie sowel as uit die praktyk duidelik is dat hierdie taak, weens die ingewikkelde menslike verwantskappe waarmee voorligting rekening moet hou, nie deur bloot oppervlakkige handeling volvoer kan word nie, moet die huidige getalsverhouding van ... voorligters teenoor navorsers (poste) as totaal onrealisties beskou word."*[57]

Dié siening dui daarop dat die menslike situasie - die deurslaggewende moment in die wisselwerking - in die huidige bestel onder druk van die suiwer produksiesituasie, nie na wense gehanteer kan word nie. En dit juis in die lig van een van Agenbach se belangrikste bevindinge: *"Die mees sorgwekkende verskynsel in die wyk setel sonder meer in die feit dat die begrensende invloed van die omgewingsfaktore oorskry word deur 'n grondgebruikspatroon wat die kiem van vernietiging van die landboupotensiaal op die langduur herberg."*[58] Ten opsigte van die sosiologiese situasie beveel hy aan: *"Ten einde groter trefkrag aan voorligtingsprogramme te verleen moet dit as absoluut noodsaaklik beskou word om programme op die gemeenskap en omgewingsbasis te organiseer."*[59]

Die voorafgaande (uiteraard onvolledige) beeld van die problematiek wat die landbouvoorligtingsituasie omring, dui minstens op die moontlike insette wat die voorgestelde kultuurstrategie kan verg. Daar kan ook gevra word of gestaltegewing aan 'n bodembenuttingkultuur binne die huidige begrip van landbouvoorligting gehuisves kan word, en of 'n grondige heroriëntering ten opsigte van landbouvoorligting en onderwys nie kernmomente van die besinning oor die strategie moet uitmaak nie. Dit is verder ook moontlik - indien die owerheid die verantwoordelikheid vir gestaltegewing moet aanvaar - dat die owerheid kan besluit om hom los te maak van die suiwer produksiegeoriënteerde voorligting, 'n veld waar hy reeds met die privaatsektor en landboukoöperasies in mededinging verkeer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die lig van voorafgaande getuienis blyk dit essensieel dat 'n strategie van dié aard deur grondige kennis van alle relevante momente gerugsteun word. Aan die hand van Grant[60] se globale beskouing ten opsigte van die mens en sy beperkte hulpbronne, is dit aangewese dat **die boer en sy beperkte hulpbronne** as voorkeuronderwerp vir navorsing aangemerk word - sy dit dan as onderdeel van voorligtingkundige navorsing. Skakeling en oorleg met verwante dissiplines kan verseker dat die werk op nasionale vlak gekoördineer en by die breë strategie geïntegreer word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*

1. ADLER, EMIL., **Ekos**, Nr. 3, Vol. 1, Februarie 1981, p. 18.
2. Idem, p. 20.
3. Idem.
4. REDAKTEUR., **Ekos**, Nr. 3, Vol. 1, Februarie 1981, p. 3.
5. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA LANDELIKE HERVORMING., **Verslag, Deel II**, Staatsdrukker, Pretoria, p. 23.
6. BURGER, A.P., **Die aard en perke van eksponensiële groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie Vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 4.
7. Idem.
8. CAUDILL, HARRY M., **Are Conservation and Capitalism Compatible?; Agenda for Survival**, edited by Harold W. Helfrich, Jnr., New Haven and London, Yale University Press, 1970, p. 183.
9. Idem.
10. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 171.
11. Idem, p. 173.
12. SADIE, J.L., **Bevolkingsgroei, Beskawingsdruk; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 21.
13. Idem, p. 25.
14. Idem, p. 26.
15. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 165.
16. Idem.
17. Idem, pp. 165/166.
18. SADIE, J.L., **Bevolkingsgroei, Beskawingsdruk; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 27.
19. Idem, p. 32. My kursivering.
20. WHITE, LYNN., **The Historical Roots of Our Ecologic Crisis**, Science Magazine, March 19, 1967.
21. GRANT, W.L., **Tegnologie en die Perke van Groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 66. My kursivering.
22. Idem.
23. Idem.
24. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 174.
25. Idem.
26. Idem., p. 176.
27. VERBEEK, W.A., **Landbou, voedselvoorsiening en die perke van Groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 33.
28. Idem., p. 35.
29. MEADOWS, DONELLA., MEADOWS, DENNIS L., RANDERS, JORGEN., BEHRENS, W.W., **The Limits of Growth**, Universe Books, New York, 1972.
30. Aangehaal deur VERBEEK, W.A., **Landbou, voedselvoorsiening en die perke van Groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 37.
31. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 180. My kursivering.
32. VERBEEK, W.A., **Landbou, voedselvoorsiening en die perke van Groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 38.
33. Idem.
34. Idem. p. 49.
35. Idem. pp. 45/46.
36. Idem. p. 46.
37. DEPARTEMENT VAN STATISTIEK., **Kernstatistieke, 1980.**
38. Idem.
39. DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN BEMARKING, 1974.
40. VERBEEK, W.A., **Landbou, voedselvoorsiening en die perke van Groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 47. My kursivering.
41. Idem., p. 49.
42. Idem. My kursivering.
43. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 183.
44. Idem, p. 185
45. Idem, p. 222.
46. Idem.
47. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 48.
48. Idem, p. 185.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

49. DREYER, P.S., **Die Grondslae van die Westerse Leefwyse; Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika**, onder redaksie van G. Cronje, J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1963, p. 12.
50. WURTH, G. BRILLENBURG., **Het Christelijk Leven in de Maatschappij**, J.H. Kok N.V. Kampen, 1951, p. 45.
51. SCHAEFFER, FRANCIS A. **Pollution and the Death of Man**, Hodder & Stoughton, London, 1970, pp. 52-54.
52. VAN PEURSEN, C.A., **Cultuur In Stroomversnelling**, Elsevier, Amsterdam/Brussel, p. 223.
53. AGENBACH, D.J., **Die Voorligtingswyk Vredendal: 'n Studie in Landboupotensiaal**, Volume II, Universiteit van Pretoria, 1965, p. 400.
54. Idem., p. 442.
55. Idem., p. 436.
56. Idem. p. 482.
57. Idem, p. 483.
58. Idem, p. 480.
59. Idem, p. 482.
60. GRANT, W.L., **Tegnologie en die perke van Groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 66.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SLOTBESINNING

Op die tydskaal is 300 jaar soos 'n asemtog. En as 300 jaar deur die tydspan van 'n geslag gedeel word, gee dit onder meer 'n aanduiding van hoe weinig tyd die Afrikaanse volk inderdaad tot sy beskikking had om sy verhouding tot sy fisiese omgewing te bestendig. In dié verband kan die verloop van die Afrikaanse volk se geskiedenis as 'n sterk remmende faktor beskou word: tussen die trekke wat deur die drang na vryheid en beweging ingegee is en oorloë om sowel voortbestaan as vryheid, was daar min tyd om te besin en gestalte te gee. En die *'vreemde'* revolusie met sy vervremende momente waarin dié volk sedert die ontdekking van goud en diamante in sy vaderland vasgevang is, het deur die druk op die Afrikaner se gees nog groter gebrokenheid in sy verhouding tot die bodem meegebring.

Die verontrustende is dat die sterk Calvinistiese Afrikaanse boer - sedert hy wel kon besin en sy kommer oor bodemvernietiging bewustelik in 'n bewaringstrategie beslag kon gee - volgens die getuienis vandag nog in 'n groot mate sy vaderland ten koste van die skraal en beperkte bodem beset. Die woorde van die profeet in N.P. van Wyk Louw se spel: *"Berei in die Woestyn die Pad",*[1] kom by 'n mens op:

*As ek julle vra:*
*"Het julle hierdie land liefgehad?"*
*dan, weet ek, sal julle antwoord:*
*"Lief, ja, soos vir 'n moeder,"*
*en vir dié moeder het julle verwaarloos,*
*dié aarde het julle misbruik.*

Die Afrikaanse volk moet besef: die feit dat sy verhouding tot en wisselwerking met die bodem op 'n moment van onafheid in die ontplooiing van sy kultuur dui, moet as springplank dien vir vernuwing. Nie slegs omdat sy stoflike voortbestaan deur bodemvernietiging bedreig word nie maar veral ter wille van die bevrydende krag wat in die gestaltegewing aan sy Christelike rentmeesterskap opgesluit lê. Die strukture wat hy reeds opgebou het moet hy inspan om konkrete gestalte hieraan te gee, onder meer deur begrip vir die ewewig tussen die mens en sy beperkte hulpbronne deel van elke enkeling se opvoeding te maak. Daar bestaan goeie werktuie vir dié doel in die vorm van die onderwys, jeugbewegings, verenigings, landbou- en boereorganisasies.

Die mens - redelike en sedelike wese wat hy is - hou die sleutel tot dié ewewig. In die **Slotode** van Van Wyk Louw se spel word die mens en sy verhouding tot die aarde geteleskopeer:

*Die aarde het in wondere ewewig gehang*
*- soos God dit geskep en gesien het: dis goed -*
*nié op 'n skaal geweeg nie*
*geweeg in die hande van God*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*En hier is die mens geplaas:*
*iets minder as die engele*
*maar met mag oor al die diere*
*met mag oor plante en aarde:*
*sy Náme kon hy hulle gee.*
*Die aarde en sy wasdom*
*was alles gegewe besit*
*om in liefde en eerbied te hou*
*(alleen het ons nie beheer*
*oor die óúer kinders van God nie:*
*die see en die werwelwinde*
*- ons is tóg minder as engele)*

*Maar deur die sonde van oormoed*
*- selfs dié mag is ons gegee -*
*kon ons die goddelike orde*
*van vlakte en woud en dier*
*tot in sy kern versteur.*
*En dier en mens, en mens en aarde*
*het vervréémd geraak*
*kén mekaar nie*
*praat met mekaar*
*Babelse tale:*
*roei mekaar uit in waansin*
*wat soos 'n wenteltrap*
*al dieper die aarde inboor.*

*Nooit sal ons weer*
*daardie tuin kan wees nie*
*- ons, dier en plant*
*en aarde in ewewig,*
*nóóit weer op hierdie planeet!*
*want die swaard van vuur*
*blý tussen ons en die Tuin.*
*Maar biddend gaan ons ons wy*
*dat ons dié ewewig soek*
*(soos die naald die magnetiese pool)*
*en ons aarde óm gaan skep*
*na die ewebeeld van die Tuin.*

Om saam met Burger[2] te praat: *"Die sondeval word per slot van rekening slegs deur verlossing in die lewe van die individu opgehef."*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## *VERWYSINGS*

1. VAN WYK LOUW, N.P., **Berei in die Woestyn die Pad**, Staatsdrukker, Pretoria, 1968.
2. BURGER, A.P., **Die aard en perke van eksponensiële groei; Die Mens en sy Beperkte Hulpbronne**, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974, p. 19.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SAMEVATTING VAN PROEFSKRIF

| | | |
|---|---|---|
| TITEL | : | Bewaring as sedelike prinsipe in die Suid-Afrikaanse bodembenuttingsituasie: 'n kultuur-filosofiese studie |
| KANDIDAAT | : | Rudolf Johannes van Niekerk |
| PROMOTOR | : | Prof. dr. P.S. Dreyer |
| DEPARTEMENT | : | Wysbegeerte |
| GRAAD | : | D.Phil. |

Dié studie het uitgeloop op die gevolgtrekking dat 'n bodembenuttingstrategie, wat onder meer 'n ingrypende verandering in die gesindheid jeens Suid-Afrika se bodem op die oog het, en wat deel van 'n omvattende hulpbronbenuttingstrategie kan uitmaak, as nasionale prioriteit benader moet word.

Die mens se verhouding tot en wisselwerking met die bodem is van die basiese menslike aktiwiteite wat neerslag vind in wat ons kultuur noem. Kultuur is immers die *"groeiende en die veredelende uitkoms van die proses van bewerking van die wêreld om en in die mens."* Vir die Christen staan die verhouding tussen mens en bodem in die teken van die mens se aanspreeklikheid teenoor God, Skepper en Gewer van die bodem as oorspronklike produksiemiddel vir die instandhouding van die menselewe op aarde.

In die suiwer agrariese bestaan is die mens se verhouding tot die natuur deur momente binne sy totale omgewing in ewewig gehou. Maar sedert die agtiende eeu is dié ewewig versteur - onder meer deur die ingrypingspotensiaal wat die opkoms van die wetenskap meegebring het, die industriële omwenteling met die gepaardgaande vraag na landbou en voedselproduksie, krimping van die aardbol deur die ontwikkeling van kommunikasiestelsels, eksponensiële bevolkingsgroei, en nuwe geesteshoudinge by die mens wat onder die druk van 'n veelheid nuwe en soms ontredderende momente binne sy totale omgewing gevorm is.

Die gevolge van onbeheerste groei - veral wat nywerheidsontwikkeling en bevolking betref - het die mens van die twintigste eeu ook ten opsigte van die natuurlike hulpbronne voor 'n krisissituasie te staan gebring - 'n situasie waarin die nuwe begrip: ekologiekrisis, kortsluitings in die mens se verhouding tot die natuur weerspieël. Die problematiek van bodemvernietiging maak deel hiervan uit maar hou ernstiger gevolge in omdat dit regstreeks verband hou met die mens se stoflike voortbestaan op aarde. Só word die hedendaagse mens dan gedwing om hom ten opsigte van sy verhouding tot die landbouhulpbron - die bodem - te verantwoord in die lig van die toekoms. In terme van die Christelike etiek behels dié verantwoording 'n sedelike oordeel.

Teen dié agtergrond is die Suid-Afrikaanse situasie nagevors. Daar is gepoog om die bodem (wat as die gesteldheid van die land en die grond as biologiese gemeenskap opgevat word) binne kultuurverband te plaas; om die mens se benutting van die bodem aan 'n sedelike imperatief te koppel; om die Suid-Afrikaanse bodembenuttingspatroon teen dié agtergrond te evalueer en riglyne vir bodembewaring as kultuurstrategie vir die toekoms aan te dui.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SYNOPSIS OF THESIS

TITLE : Conservation as moral principle in the South African land-use situation: a cultural-philosophical study

CANDIDATE : Rudolf Johannes van Niekerk

PROFESSOR : Prof. Dr. P.S. Dreyer

DEPARTMENT : Philosophy

DEGREE : D.Phil.

This study culminated in the conclusion that a land-use strategy - including, inter alia, a drastic change in attitude towards South Africa's soil - which could become part of a comprehensive resource-use strategy, must be approached as a national priority.

Man's relationship to and interaction with the land are basic human activities that crystallise into what we call culture. Indeed, culture is the *"growing and elevating result of the process of cultivation of that world around and within man"*. To the Christian, the relationship between man and land involves man's responsibilities to God, Creator and Giver of the land as the original means of production for sustaining human life on earth.

In the purely agrarian world, man's relationship to nature was kept in equilibrium by factors within his total environment, but this balance was disturbed in the eighteenth century by, among other things, the intervention potential of the emerging sciences, the industrial revolution with the concomitant demand for agriculture and food production, shrinking of the globe through the development of communication systems, exponential population growth, and new spiritual attitudes which developed in man under pressure from a multitude of new and sometimes bewildering and momentous events within his spectrum of experience.

As a result of uncontrolled growth - particularly as regards industrial development and population - twentieth century man is now faced with a crisis situation as far as the natural resources are concerned - a situation in which the new concept: ecology crisis, reflects a breakdown in man's relationship to nature. The problem of the destruction of the land forms part of this, but is more dangerous because it directly involves man's material survival on earth. Modern man is therefore compelled to justify himself with regard to his attitude towards the agricultural resource - the land - with regard to the future. In terms of Christian ethics this justification involves a moral judgement.

The South African situation was researched against this background. An attempt was made to place the land (by which is meant the condition of the country and the land as a biological community) within the cultural context; to link man's use of the land with a moral imperative; to evaluate the South African land-use pattern against this background and to suggest guidelines for the conservation of this land as a cultural strategy for the future.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023